# TIKVERSLAWING
# IN DIE GEMEENSKAP VAN DIE RYNSE KERK BELLVILLE:
# 'n PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTES VAN GEAFFEKTEERDE FAMILIES

**deur**

Sidwell Charles Carelse

Graad: M.Th. Praktiese Teologie: Bedieningspraktyk
(Missionale transformasie)

Studieleier: Prof. H.J. Hendriks
Medestudieleier: Dr. A. Cloete

Universiteit van Stellenbosch

**Maart 2012**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie oorspronklike werk is, dat ek die outeursreg-eienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum:.....20 Feb 2012

Kopiereg 2012 Stellenbosch Universiteit

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

Dwelmmisbruik is ’n geweldige probleem in Suid-Afrika. Hierdie probleem hou nie net gesondheidrisiko’s in nie, maar veroorsaak ook ernstige en dikwels verwoestende sosiale probleme. Methamphetamine, populêr bekend as Tik, is redelik goedkoop en vrylik beskikbaar. Dit word deur talle jongmense gebruik met die gepaardgaande veelvuldige gevolge en verslawing. Dit affekteer individue, gesinne, en totale gemeenskappe.

Hierdie studie fokus op die gemeenskap van Bellville-Suid waar talle gesinne worstel met die euwel en desperaat soek om hulp. Hierdie situasie van tikverslawing en gepaardgaande sosiale uitdagings daag veral die verskillende geloofsgemeenskappe uit om betrokke te raak by die aanspreek van die probleem. Ook die Rynse Kerk Bellville staan midde in die sosiaal-maatskaplik en sosio-ekonomies uitdagings en behoeftes. Die leierskap van die gemeente is soekend om hulself te bekwaam om op ‘n sinvolle wyse lidmate te begelei in hoe om veral die uitdagings rondom tikverslawing aan te spreek. Aangesien gesinne in besonder deur hierdie verskynsel geraak word, fokus hierdie studie op die behoeftes van gesinne. Die gemeente besef dat daar nie ’n resep vir so iets is nie en dat die probleem holisties aangepak moet word. Die gemeente word dus verplig om baie ernstig selfondersoek te doen en na sy wese, sy identiteit en roeping te kyk. Hoe kan die gemeente ’n veilige hawe vir sy lidmate en gemeenskap se ouers en kinders word?

Die ondersoek beskryf die Rynse Kerk Bellville asook die probleem van tikverslawing in die families van die gemeente. Hoe sou daar in die lig van ‘n missionale teologie op die uitdagings gereageer word? ’n Bedieningsplan word voorgestel om die leierskap en lidmate te bemagtig om ondersteunend betrokke te raak by geaffekteerde families. Die doel hiervan is om ’n missionale bediening te vestig wat met barmhartigheid en liefde die gemeenskap dien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# ABSTRACT

Drugs are a very real problem in South-Africa. It affects health and is endemic to societal problems. Methamphetamine, popularly called “Tik,” is relatively cheap and easy to come by. Many young people use it and become addicted - with very bad repercussions for their families and society at large.

In the Bellville South area most families suffer because of this scourge and are desperately looking for help. Faith communities have no option but to address the problem.

The research focuses on the Bellville-South community where numerous families struggle with the scourge, desparately looking for help. As such faith communites are challenged to get involved and address tik-addiction and the related sociao-economic problems. The leadership of the Rhenish Church in Bellville took on the challenge to live up to the needs of families and society and to provide guidance for families. It is realistic to accept that there is no easy quick-fix solution to the problem. A holistic approach is needed. Thus the congregation has to do some real soul-searching and address its being functions, identity and calling in a time like this. How can the church be a safe haven for its members and the suffering community’s parents and children?

The research took an analytical look at the congregation, describing it from different angles. It also made a study of the drug problem, focussing on Tik. From a normative angle it looked at the essence of a missional church and asked how a missional church should address these challenges. It develops a strategy to guide leadership and congregation to support the families affected by the scourge. Eventually a missional ministry should be in place that will reach out in love and care to serve the community.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# WAARDERING

Aan die Drie-enige God kom dank en eer toe vir my instaatstelling om hierdie werk aan te pak en af te handel.

Prof Jurgens Hendriks se bekwame leiding verdien spesiale vermelding. Ook die medeleiding van dr Anita Cloete word waardeer.

Die finansiële bystand deur bemiddeling van ds Cecilna Grobler en die RGN word op prys gestel.

Opregte dank teenoor my eggenote Ronell, en seun Sidwell (jr), wat van hul regmatige aandeel aan my tyd moes inboet. Baie dankie ook aan my kinders, Danielia, Domionique en Talita-Koemi, dat ek as ouer julle kon probeer begelei het deur die storms van die lewe.

Proff Frans Kotze, Cornie Groenewald, asook Hester Uys en Johan Kotze, my hartlike dank vir jul deurlopende hulp en belangstelling.

Die ondersteuning en gebede van die kerkraad van die Rynse Kerk Bellville het nie ongesiens verby gegaan nie.

Ten slotte: die finansiële ondersteuning van die *National Research Foundation* word hoog op prys gestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# INHOUDSOPGAWE

VERKLARING ..... i

OPSOMMING ..... ii

ABSTRACT ..... iii

WAARDERING ..... iv

HOOFSTUK 1 ..... 1

METODOLOGIE ..... 1

1.1 INLEIDING ..... 1

1.2 AGTERGROND EN RELEVANSIE VAN HIERDIE STUDIE ..... 1

1.3 PROBLEEMSTELLING ..... 3

1.3.1 Navorsingsvraag ..... 3

1.4 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING ..... 4

1.5 OMVANG VAN DWELMMISBRUIK ..... 4

1.5.1 Dwelmverbruik in die Suid-Afrikaanse konteks ..... 5

1.5.2 Statistiese oorsig van tikverbruik ..... 7

1.6 DIE NAVORSER EN DIE NAVORSING ..... 9

1.7 METODOLOGIESE VERTREKPUNTE ..... 9

1.8 ETIESE VEREISTES VIR DIE NAVORSING ..... 11

1.9 BEGRIPSOMSKRYWING ..... 12

1.9.1 Middelemisbruik ..... 13

1.9.2 Dwelmverslawing ..... 13

1.9.3 Gesin ..... 13

1.9.4 Missionaal ..... 14

1.9.5 Kerk ..... 15

1.9.6 Gemeenskap ..... 15

1.9.7 Behoeftes ..... 16

1.9.8 Basisteorie ..... 16

1.9.9 Identiteit ..... 17

1.10 HOOFSTUKKE ..... 17

1.11 OPSOMMING ..... 18

HOOFSTUK 2 ..... 19

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KONTEKSTUELE ANALISE ..... 19
2.1 INLEIDING ..... 19
2.1.1 Kontekstuele analise ..... 19
2.2 DIE INVLOED VAN MAKRO-, MESO-, EN MIKRO-TENDENSE ..... 21
2.2.1 Globalisasie ..... 21
2.2.2 Misdaad en globalisasie ..... 23
2.2.3 Dwelms en globalisasie (Makro-konteks) ..... 24
2.2.4 Suid-Afrikaanse navorsing ten opsigte van die misbruik van metamfetamien. ..... 25
2.3 DIE MESOKONTEKS ..... 26
2.3.1 Dwelmafhanklikheid in die Wes-Kaapse Provinsie ..... 26
2.4. MIKROVLAK ..... 28
2.4.1 'n Historiese en demografiese oorsig van Bellville-Suid ..... 28
2.4.1.1 Historiese oorsig ..... 28
2.4.1.2 Bellville-Suid ..... 29
2.4.2 Demografie van Bellville-Suid ..... 30
2.4.2.1 Bevolkingsamestelling ..... 30
2.4.2.2 Taal ..... 30
2.4.2.3 Huwelikstaat ..... 30
2.4.2.4 Politiek ..... 31
2.4.2.5 Godsdiens ..... 31
2.4.2.6 Gemeenskapsontwikkeling ..... 31
2.4.3 Dienste en infrastruktuur ..... 32
2.4.3.1 Behuising en land ..... 32
2.4.3.2 Munisipale dienste ..... 32
2.4.3.3 Gemeenskapsfasiliteite ..... 33
2.4.4 Gesondheid en maatskaplike dienste ..... 33
2.4.5 Misdaad ..... 34
2.4.6 Opvoeding ..... 36
2.4.7 Ekonomie ..... 36
2.5 KULTURELE MILIEU ..... 37
2.5.1 Die invloed van die kerk in die gemeenskap ..... 38
2.6 DIE VOLGENDE ONDERWERPE WAS DEEL VAN DIE VRAE WAT DIE KERK SE INVLOED OP MIKROVLAK WEERSPIEËL ..... 39

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.1 Opsomming van die respons op die vrae ....39
2.7 GEVOLGTREKKING ....42

HOOFSTUK 3.... 43
IDENTITEITSANALISE VAN DIE RYNSE GEMEENTE....43
3.1 INLEIDING....43
3.2 IDENTITEITSANALISE....43
3.3 BEGRONDING VIR DIE GEMEENTELIKE IDENTITEITSANALISE....44
3.4 PROFIEL ....46
3.4.1 Gemeentelike strukture.... 46
3.5 LEESVERSLAG VAN DIE RYNSE KERK BELLVILLE....48
3.6 DIE ONDERHOUDE MET DIE LIDMATE WAS DIE VOLGENDE....49
3.6.1 Opsomming van die respondente.... 49
3.7 GEVOLGTREKKING ....53

HOOFSTUK 4.... 54

GEVOLGE VAN METAMFETAMIEN (TIK) GEBRUIK OP FAMILIES EN GEMEENSKAPPE.... 54
4.1 INLEIDING....54
4.2 GESKIEDENIS VAN METAMFETAMIEN ....54
4.3 WAT IS METAMFETAMIEN (TIK)? ....54
4.3.1 Kort- en langtermyn effekte van tikgebruik .... 55
4.4 DIE GEVARE VAN TIK....56
4.5 DIE VOLGENDE TEKENS WORD GEWOONLIK DEUR DIE GEBRUIK VAN TIK AANGEDUI....57
4.6 WAAROM IS TIK SO GEWILD?....57
4.7 DIE DWELMTONEEL ONDER DIE JEUG....58
4.7.1 Moontlike redes vir dwelmmisbruik onder die jeug .... 58
4.7.2 Hoe kan ‘n jongmens die versoeking van dwelmisbruik weerstaan? ..... 59
4.7.3 Wat kan ouers doen om kinders teen dwelmgevare te beskerm? .... 59
4.7.4 Waarom jongmense so maklik die prooi word van dwelmafhanklikheid .. 60
4.8 TIKVERSLAWING EN DIE FAMILIE ....61
4.9 GEVOLGTREKKING ....62

HOOFSTUK 5.... 63
EMPIRIESE ONDERSOEK - GEVALLESTUDIES ....63

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.1 INLEIDING ..... 63
5.2 NAVORSINGSMETODE ..... 63
5.2.1 Data-insameling ..... 63
5.2.1.1 Onderhoudsgids ..... 64
5.3 EMPIRIESE STUDIE ..... 64
5.3.1 Data analise tegniek ..... 65
5.3.2 Demografiese faktore van die deelnemers ..... 66
5.3.2.1 Huidige gesinstruktuur ..... 66
5.4 GEVALLE STUDIE 1 ..... 66
5.4.1 Profiel van die afhanklike persoon ..... 66
5.4.2 Die impak van tikverslawing op die gesin ..... 67
5.4.3 Selfbeeld van die afhanklike ..... 67
5.4.4 Dwelmmiddels ..... 68
5.4.5 Gesondheid ..... 68
5.4.6 Gemeenskap en sosiale omgewing ..... 68
5.4.7 Kerklike betrokkenheid ..... 69
5.4.8 Aanbevelings ..... 70
5.5 GEVALLESTUDIE 2 ..... 70
5.5.1 Profiel van die afhanklike persoon ..... 70
5.5.2 Impak van tikverslawing op die gesin ..... 71
5.5.3 Selfbeeld van die afhanklike ..... 71
5.5.4 Dwelmmiddels ..... 72
5.5.5 Gesondheid ..... 72
5.5.6 Gemeenskap en sosiale omgewing ..... 72
5.5.7 Kerklike betrokkenheid ..... 72
5.5.8 Aanbevelings ..... 72
5.6 GEVALLESTUDIE 3 ..... 73
5.6.1 Profiel van die afhanklike ..... 73
5.6.2 Impak van tikverslawing op die gesin ..... 73
5.6.3 Selfbeeld van die afhanklike ..... 74
5.6.4 Dwelmmiddels ..... 74
5.6.5 Gesondheid ..... 75
5.6.6 Gemeenskap en sosiale omgewing ..... 75
5.6.7 Kerklike betrokkenheid ..... 76

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.6.8 Aanbevelings ..... 76
5.7 GEVALLESTUDIE 4 ..... 76
5.7.1 Profiel van die afhanklike ..... 76
5.7.2 Impak van verslawing op die gesin ..... 77
5.7.3 Persoonlikheid ..... 77
5.7.4 Werksprofiel ..... 77
5.7.5 Deelname aan sport of konstruktiewe aktiwiteite ..... 77
5.7.6 Betrokkenheid by die kerk ..... 77
5.7.7 Uitwerking van dwelms ..... 78
5.7.8 Rol van die kerk ..... 78
5.7.9 Grootste behoefte/verlange ..... 78
5.7.10 Aanbevelings ..... 78
5.8 Faktore bydraend tot middelemisbruik ..... 78
5.8.1 Voorheen benadeelde omgewings ..... 79
5.8.2 Beskikbaarheid van middele ..... 79
5.8.3 Smokkelhuise/sjebeens ..... 79
5.8.4 Gesinsverhoudinge ..... 79
5.8.5 Selfbeeld ..... 80
5.9 GEVOLGTREKKING ..... 80

HOOFSTUK 6 ..... 82
MISSIONALE TRANSFORMASIE VAN DIE LEIERSKAP ..... 82
6.1 INLEIDING ..... 82
6.2 KONTEKS EN KULTUUR VAN DIE RYNSE KERK IN BELLVILLE ..... 83
6.3 MISSIONALE LEIERSKAP IN DIE RYNSE KERK BELLVILLE ..... 84
6.4 TRANSFORMASIONELE LEIERSKAPSTRATEGIEË ..... 85
6.4.1 Risiko neem ..... 86
6.4.2 Selgroepe ..... 87
6.4.3 Aanbidding en sakrament ..... 87
6.5 GELOOFSVORMING ..... 88
6.6 AANBEVOLE STRATEGIEË VIR LEIERS ..... 90
6.7 IMPLEMENTERING EN EVALUERING ..... 90
6.8 GEVOLGTREKKING ..... 91

HOOFSTUK 7 ..... 92

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PRAKTIES-TEOLOGIESE REFLEKSIE EN STRATEGIE VIR DIE PLAASLIKE KERK ..... 92
7.1 INLEIDING ..... 92
7.3 BEKNOPTE REFLEKSIES OP MCKNIGHT (2007, *A COMMUNITY CALLED ATONEMENT*) ..... 93
7.4 METAFOOR VIR DIE PLAASLIKE KERK ..... 95
7.5 METAFOOR UIT DIE LEESVERSLAG ..... 95
7.5.1 Betekenis van versoening vir die plaaslike kerk ..... 96
7.5.2 Sterkpunte en swakpunte ..... 96
7.6 AANBEVELINGS VIR DIE PLAASLIKE GEMEENTE ..... 97
7.6.1 Woord en sakramente (doop en eucharistie) ..... 98
7.6.2 Gebed ..... 99
7.6.3 Sosiale betrokkenheid ..... 101
7.6.4 Kleingroepbediening ..... 101
7.6.5 Ekumeniese skakeling ..... 102
7.7 GEVOLGTREKKING ..... 103
7.8 BEPERKINGE VAN HIERDIE STUDIE ..... 104
7.9 VERDERE NAVORSING ..... 105
7.10 SLOTOPMERKINGS ..... 105
BIBLIOGRAFIE ..... 106
BYLAAG A ..... 117
BYLAAG B ..... 144
BYLAAG C ..... 147
BYLAAG D ..... 148
AANHANGSEL A ..... 152
AANHANGSEL B ..... 153
AANHANGSEL C ..... 154
AANHANGSEL D ..... 155

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 1

## METODOLOGIE

### 1.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n beskrywing en uiteensetting van die metodologie, wat in hierdie studieprojek gebruik word, weer te gee. Hierbenewens toon die navorser uit 'n literatuurstudie, sowel as statistiese gegewens, die aard en omvang van dwelmverslawing met spesifieke verwysing na die duiselingwekkende snelheid waarteen tikgebruik in die Wes-Kaap eskaleer. Die navorser is oortuig daarvan dat die vlakke van dwelmmisbruik in die Wes-Kaap 'n krisis van epidemiese afmetings aanneem. Die afbrekende effek van dié populêre dwelmmiddel, algemeen bekend as tik, is goed gedokumenteer en word veral in nuusblaaie en poniekoerante daaglikse in Kaapstad gerapporteer. Dís die konteks waarin geloofsgemeenskappe hulle bevind en daagliks die onstellende gevolge, veral onder die jeug en hulle families wat aan dwelms verslaaf is, in die gesig moet staar.

### 1.2 AGTERGROND EN RELEVANSIE VAN HIERDIE STUDIE

Die gemeente waar die navorser predikant is, het 'n baie konserwatiewe inslag en sy Rynse identiteit word voorgehou as 'n manier om die status quo te bewaar. Patriarge en matriarge[1] het soms 'n verlammende greep op die gemeente en sy werksaamhede. In die proses, verloor feitlik alle families hulle kinders in die tiener- en jongmensfases. Die invloed van werkloosheid, armoede, geweld, min skoolopleiding, verslawende middels - veral tik - ensovoorts het die gemeenskap radeloos.

Die navorsing beoog om met hierdie probleem, as uitgangspunt, die gemeente bewus te maak en voor die uitdaging te stel van die inwerking van tikverslawing in families. Dit kan die gemeente noop om geleidelike koersaanpassings te maak om meer sensitief oor jongmense te word. Dit kan gedoen word deur meer ruimte aan die opkomende jeug te gee in eredienste en die kerklike bediening. Dit kan beteken dat die gemeente se identiteit 'n metamorfose moet ondergaan en dat die leierskap die moeisame weg van transformasie sal moet volg.

---

[1] Hendriks HJ 2004:153 (*Studying congregations in Africa)* – "In the family-type church, matriarchs, patriarchs and the powerful families whom they represent play a leading role. Nothing is done without their consent. Tradition usually plays a very important role. "We have always done it this way" is the motto ...."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Meer direk sal ouers, wie se huise en families deur tik geraak is, begelei word om betrokke te raak by pro-aktiewe prosesse met, daarby inbegrepe, professionele ondersteunende aktiwiteite wat op ons jongmense gefokus is. Dit kan plaasvind deur ekumenies aktief te wees by tussenkerklike programme en nie-winsgewende organisasies in die gemeenskap.

In hierdie navorsing werk die navorser “van onder op,” wat deelnemende navorsing impliseer. Prakties beteken dit dat lidmate wat reeds suksesvol is in hulle uitreik en hulp aan tikverslaafdes, bemagtig en ondersteun sal word sodat hul insette die bediening ten goede kan wees. Die navorsing beskryf die omstandighede en prosesse in die lig van ’n missionale basisteorie.

Die verslawing aan tik is nader aan die kerk as wat mense werklik besef. Dis trouens binne-in die kerk. Vanuit die navorser se betrokkenheid as voorsitter van die Bellville-Suid “Ministers” Fraternal” en interaksie met gemeenskapsorganisasies, het hy gereelde terugvoering ontvang van kerkleiers uit verskillende denominasies, asook gemeenskapsleiers, ten opsigte van die onuithoudbare destruktiewe omvang van tikverslawing. Lidmate van verskillende denominasies, families en vriendekringe word geraak deur dwelmverslawing en is dikwels self verslaaf aan dwelms.

Ongelukkig staan lidmate in die kerk nog apaties teenoor die tikvraagstuk. Boonop is daar gebrekkige betrokkenheid ten opsigte van ’n praktiese benadering tot die vraagstuk as gevolg van die stilswye en ignorering van die probleem van dwelmafhanklikheid. Daar behoort indringend gevra te word: “Hoe kan die kerk, as invloedryke agent van verandering in die gemeenskap, haar lidmate en families wat, as gevolg van tik, daagliks emosioneel, finansieel en geestelik afgetakel word, op rasionele en pastorale wyse begelei?”

Die navorser se inisiële verkenning toon dat die Rynse gemeente, met haar institutisionele tradisie-georiënteerde identiteit, ’n moontlike verskansing blyk te wees om die probleem van verslawing in haar midde effektief aan te spreek. Vermoedelik, indien die gemeente se Godsbegrip, kerkbegrip en daaruit voortvloeiende siening van alle mense sou verander, kan dit hoop bied dat haar getuienis meer sigbaar sal wees. Hierdie is die eerste stap wat die navorsing beoog om op dreef te kry.

Die gemeente se identiteit moet ’n “wedergeboorte” ondergaan. Haar basisteorie van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n geïnstitueerde verenigde kerktradisie moet heeltemal verander na 'n uitreikende koninkryksgefokusde kerk in die gemeenskap. Dit kan slegs gebeur deur 'n transformasieproses en 'n missionale basisteorie wat die gemeente sal help om die probleem anders te benader - anders te sien.

'n Nuwe paradigma, 'n nuwe visie van die realiteit: in ander woorde, 'n fundamentele verandering van gedagtes, persepsies en waardes, in besonder in die gemeente se verhouding tot haar kerk en sendingperspektief, word benodig as missiologiese gereedskap (Hirsch 2006:17).

Op grond hiervan is die navorser se prinsipiële vertrekpunt soos volg: die missionale roeping van die kerk moet so vergestalt word dat mense se eties-normatiewe verhoudinge en persoonlike besluite daardeur positief beïnvloed word. Lidmate moet deur kerklike inisiatiewe begelei word om ingeligte besluite te neem ten opsigte van die tik-vraagstuk.

Die stigma van dwelmafhanklikheid in die gemeenskap moet dus op 'n eties-verantwoordelike wyse deurbreek word deur 'n teologies-hermeneutiese verskuiwing te help fasiliteer in hul Godsbegrip wat dan, voortvloeiend daaruit, hul kerkbegrip en roepingsbesef sal help verskuif Die gemeente moet die *missio Dei* ten opsigte van verslaafde en gebroke mense en gesinne as hulle roeping ontdek.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Die kerk is 'n integrale deel van die gemeenskap van Bellville-Suid. Die probleme en uitdagings van die gemeenskap, soos morele verval, disintegrasie van families, geweld en misdaad, oefen 'n merkbare invloed uit op die verskillende geloofsgemeenskappe. Die onderskeie geloofsgemeenskappe, insluitend nie-Christelike groeperings, word daagliks gekonfronteer met dwelmverslawing. Om hulp of advies neem familielede dikwels hul toevlug tot verskeie sosiale instellings, byvoorbeeld ander nie-staatsinstellings en nie-winsgewende organisasies, onder meer die kerk in breër verband. In die lig hiervan, is dit noodsaaklik dat die kerk toetree tot die stryd deur dwelmverslawing in ons gemeenskappe aan te spreek. Soos in die geval van MIV/VIGS, het die kerk 'n rol en 'n verantwoordelikheid.

### 1.3.1 Navorsingsvraag

Die sentrale navorsingsvraag is: Wat is die behoeftes van families met verslaafde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders in Bellville-Suid, en hoe kan die kerk ’n rol speel in die transformasie van hul lewens?

Subvrae wat by die bostaande navorsingsvraag aansluit is, Waarom sukkel die families so om die spanning met hulle kinders te hanteer? Watter strategie kan ontwikkel word om die gemeente te bemagtig om die behoeftes, wat vanweë die verslawingsprobleem bestaan, doeltreffend te benader?

Die doel van hierdie studieprojek is om die probleem van tik te beskryf deur middel van gevallestudies, en om so die uitdagings vir die kerk en die breë geloofs-gemeenskap te bewoord. Die behoeftes van die geaffekteerde families in Bellville-Suid sal vasgestel word en, na gelang daarvan, sal later voorgestel word hoe die kerk van hulp kan wees.

Met die oog hierop, is hierdie ondersoek getiteld, “Tikverslawing in die gemeenskap van die Rynse Kerk Bellville: ’n Prakties-teologiese ondersoek na die behoeftes van geaffekteerde families.”

## 1.4 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doelwit van hierdie studie is:

a) Om die gemeente in sy verskillende kontekstuele verbande te beskryf.

b) Om met gevallestudies die probleem van families, wat kinders het wat aan tik verslaaf is, te beskryf.

c) Om teen hierdie agtergrond die uitdagings van ’n missionale teologie vir die bedieningspraktyk uit te spel.

d) Om ’n strategie voor te stel van hoe die gemeente die uitdagings kan probeer aanspreek wat, onder andere, lidmate sal bemagtig om deelnemend betrokke te raak by die bediening van geaffekteerde families van tikverslaafdes.

## 1.5 OMVANG VAN DWELMMISBRUIK

Dwelmmisbruik en –afhanklikheid is ’n wêreldwye probleem. Dit bestaan sedert die mensdom eeue gelede die gemoedswysigende uitwerking van sekere plante ontdek het (Hitzeroth & Kramer 2010:14). Gedurende die laaste paar dekades het dwelmmisbruik tot ’n wêreldwye kultuur ontplooi met ‘n uiters kommerwekkende “dramatiese en alarmistiese” impak (Emmett & Nice 1996:8) op die breë

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

samelewing. Emmett en Nice (1996:8) is van mening dat die teikengroep hoofsaaklik die jeug is; enersyds omdat dwelms oor die algemeen vrylik beskikbaar is en, andersyds, die prys van die meer populêre afhanklikheidmiddels relatief bekostigbaar en toeganklik vir individue is (Emmett & Nice 1996:8; asook AlbertSon, Derlet & Van Hoozen 1999:170-174,214-220).

Hierbenewens beklemtoon Castells (2000:171) die onmiskenbare rol van, onder andere, die wêreldekonomie, nuwe kommunikasie en 'n gevorderde vervoertegnologie wat transnasionaal bedrywig is met 'n strategiese invloed op die sirkulasie en beskikbaarheid van dwelms dwarsoor die wêreld. Volgens Castells (2000:170-172) vorm die verspreiding van dwelms 'n onlosmaaklike deel van die internasionale georganiseerde kriminele aktiwiteite en netwerke.

### 1.5.1 Dwelmverbruik in die Suid-Afrikaanse konteks

In sy *Rainbow vice – the drugs and sex industries in the new South Africa,* postuleer Leggett (2001:19) dat die invloed van dwelmafhanklikheid oor politieke stelsels heen 'n uitdaging is wat deur 'n "culture of smuggling" aangeblaas word.

Met die aanbreek van die demokratiese politieke bestel sedert 1994, toon Legget (2001:19) dat Suid-Afrika onweerstaanbaar aanloklik is vir internasionale dwelmsindikate, vanweë dié land se geografiese ligging en deurdringbare grense.

Oudpresident Nelson Mandela[2] het in 1994, met sy eerste openingsrede in die Parlement, spesifiek alkohol- en dwelmmisbruik uitgesonder as sosiale patologiëe wat beslis bestry moet word. In sy voorstelling van die "National Drug Master Plan" het Mandela (Maart 1999 [i?]) in sy voorwoord die volgende geskryf:

> Our country is faced with a growing problem of substance abuse. This has serious implications for the millions of citizens because it contributes to crime, domestic violence, family disintegration and other social problems .... [Y]oung people are often enticed by drug lords to become pedlars and consumers of illegal substances. We must empower them to become part of the solution instead of the problem. We do not underestimate the scale of this challenge. However, it is my sincere wish that every one of us will help implement the National Drug Master Plan, so we can together eradicate the drug problem in South Africa

[2] Oudpresident Nelson Mandela was die eerste demokraties-verkose president van die "Nuwe" RSA.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(National Drug Master Plan: March 1999 [i?])[3].

Volgens die "National Drug Master Plan" is alkohol- en dwelmmisbruik die hoof-oorsaak van misdaad, armoede, verlaagde produktiwiteit, werkloosheid, disfunksionele familielewe, politieke onstabiliteit, die toename van kroniese siektes soos Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS), Tuberkulose (TB), beserings en premature sterftes. Die invloedsfeer van dwelmmisbruik strek oor sosiale, rasse, kulturele, linguistieke, godsdienstige en geslagsgrense heen. Almal word direk en indirek deur dwelmmisbruik geaffekteer (National Drug Masterplan 1999:6).

Met betrekking tot die dwelmprobleem in die Suid-Afrikaanse samelewing, verwys President Zuma[4] na dié verwoestende impak en sê dat "drug peddling and drug abuse ... are tearing some communities apart ... we need more energy in the fight against drug abuse" ("State of the nation speech," ([2011:6 GCIS[5]] in *Sunday Times* 2011/02/13).

Op 8 Februarie 2011, tydens sy besoek aan die "Sultan Bahu Treatment Centre" te Mitchells Plain, spreek President Zuma sy kommer as volg uit:

> "The use and abuse of alcohol and drugs is becoming a fashionable part of the lives of some of our children. Statistics indicate that the age of experimentation with drugs is nine years, which is way too disturbing."

Dwelmgebruik en misbruik deur die jeug is rede tot groot kommer as gevolg van die publieke gesondheidsrisiko's daaraan verbonde (Kaminer & Winters 2011:143). Uit literatuur wat verskyn (Galanter & Kleber eds. 2011:15), word aangetoon dat afhanklikheidsgebruik, selfs voor die ouderdom van 15 jaar, geassosieer word met die latere ontwikkeling van dwelmmisbruik en afhanklikheid.

Dwelms word nie meer beskou as 'n a-sosiale aktiwiteit nie, maar word oor die algemeen in sosiale kringe van adolessente en jong volwassenes aanvaar as 'n integrale vorm van ontspanning en plesier (Emmett & Nice 1996:8). Daar word gereken dat amfetamien die derde gewildste dwelm onder jongmense wêreldwyd is (Emmett & Nice 1996:10), waarvan metamfetamien (tik) die kragtigste brousel is

---

[3] Hierdie is 'n aanhaling uit die voorwoord deur President Mandela tot die Nationa Drug Masterplan in 1999

[4] President Jacob Zuma is die 4e demokraties-verkose president van die Republiek van Suid-Afrika.

[5] GCIS is die afkorting vir: Government Communication and Information System.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Doweiko 1999; Beebe & Walley 1995:51 (2), 449-453).

Tik, of metamfetamien, is die gonswoord onder dwelmverbruikers en is veral gewild by skoolkinders. Dié dwelm het gedurende die afgelope jare groot opspraak in die media en op politieke verhoë gemaak. In die navorser se samelewing is die gebruik van tik 'n baie aktuele onderwerp. In *Die Burger*[6] (2007/08/07) word berig oor 'n "boodskap wat aan die gemeenskap van Bellville-Suid gegee word oor die geweldige tik-probleem wat die hele Wes-Kaap in 'n wurggreep beet het" en dat planne en aksie teen die "Wes-Kaapse doodsdwelm" daadwerklik beraam moet word vir optrede teen tikgebruik wat met 'n skrikwekkende 400% toegeneem het.

Die misbruik van dwelms, as afhanklikheidsmiddel, is 'n globale fenomeen wat eskaleer teen 'n ontsettende tempo. Die gebruik van metamfetamien is 'n internasionale probleem en die produksie daarvan is 'n globale uitdaging en 'n bedreiging vir die samelewing (Weisheit & White 2009:132) wat sy neerslag ook in Suid-Afrika vind. Hierdie dwelm, metamfetamien, is 'n verslawende stimulant wat sedert 2002 deur die jeug in Kaapstad misbruik word.

### 1.5.2 Statistiese oorsig van tikverbruik

Statistiese navorsing (Plüddemann *et al*. 2010:1-11) dui op 'n onverpoosde toename in die aantal mense, veral jongmense, wat aan tik verslaaf is. In 'n navorsingsoorsig (Volume 13[1] deur SACENDU)[7] dui Plüddemann aan dat die aangemelde gevalle van tikverslawing by 22 spesialiste behandelingsentrums of programme tussen Julie en Desember 2009, 'n totaal van 47% van alle pasiënte vir behandeling was wat in die Wes-Kaap aangemeld is. Hy meld verder dat, tydens die tweede semester van 2009, is die aangemelde gevalle direk aan metamfetamien verbind as primêre, of sekondêre, misbruik van dwelmafhanklikheid.

---

[6] Berig: "Anti-Tik-Aand: Planne en aksie teen Wes-Kaapse doodsdwelm: Optrede teen Drugs http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/08/10/KS/9/ksdrugawareness.html besoek 2011/03/19.

[7] SACENDU is die afkorting vir: South African Community Epidemiology Network on Drug Use. 'n Netwerk wat ten doel het: "Monitoring Alcohol and Drug Abuse Trends in South Africa".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In ’n vergelykender studie, soos aangedui in die onderskeie bevolkingsgroepe[8] van die proporsionele behandeling van pasiënte in die periode Julie tot Desember 2009, is bereken dat die meeste gevalle (sowat 69%) aangedui word by die bruin segment van die Suid-Afrikaanse samelewing. Volgens Parry (2003), vergeleke met die plaaslike demografie, vorm bruinmense die meerderheid van alle adolessente wat middels misbruik. Volgens Brümmer (2004:13), van alle bevolkingsgroepe onder 20 wat behandeling ontvang het, is 68% bruin; 20% swart; 13% wit en 1% Asiaties. Na aanleiding van dié statistieke kan die afleiding gemaak word dat dwelmmisbruik in die sogenaamde bruin gemeenskappe werklik in ’n epidemie ontaard.

Volgens statistiese opnames, word metamfetamien, as primêre afhanklikheids-middel, met ’n oorweldigende 86% in die tradisioneel bruingemeenskappe aangedui. Statistieke weerspieël stygende kurwes van tikverslaafdes as 4.0% in 2003, tot ’n onstellende 60.2% in 2006, ’n fenomeen wat hoofsaaklik in die Kaapse Skiereiland aangetoon word.

Plüddemann *et al*. (2010)[9] meen dat:

> Methamphetamine is a serious cause for concern in a number of countries ... data collected from drug treatment centres in Cape Town began to show significant numbers of patients reporting methamphetamine use in 2004. This grew exponentially in subsequent years, reaching a peak in 2006, when 72% of adolescent patients admitted for substance abuse or dependence counseling in Cape Town reported methamphetamine as a primary or secondary drug problem (soos aangehaal in Plüddemann *et al.* 2008a).

Volgens bevindinge van die 28 Sacendu-gebonde dwelmbehandeling-programme in Kaapstad, word aangedui dat van die 2308 pasiënte wat vir dwelmmisbruik in die tweede helfte van 2004 aangemeld het, 27% onder die ouderdom van 20 jaar was. In 1996 was die gebruikers onder 20 jaar ’n skrale 6%. Hierdie persentasie het drasties gestyg tot 60% in 2004. ’n Ander massiewe skuif is dat 59% van verslaafdes onder 20 jaar verkies tik as ’n primêre of sekondêre dwelm as hul keuse. Dit beteken dat een uit ses van elke tien tikverslaafde pasiënte, is jeugdiges.

---

[8] Bevolkingsgroepe is volgens die Apartheidsregime se rasseklassifikasie ingevolge die Populasie Registrasie Wet van 1950 ingedeel as: Swart/African, Indiërs, “Kleurlinge” en Witmense – Sacendu pp8-9.

[9] Article in press – Drug and Alcohol Dependence xxx (2010) xxx-xxx (Available at ScienceDirect).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"The bulk of teenage users are male and coloured (91%), with the average age of teenage users pegged at 16.6 years old" (Plüddemann: *Science in Africa*: 2005:2)[10].

Met hierdie studie beoog die navorser om ondersoek te doen op welke wyse die kerk die families van verslaafdes kan ondersteun. Verder sal die fokus gerig word op die kerklike leierskap en watter beduidende rol hulle kan speel om die uitdagings wat tikverslawing bied, aan te spreek. Die kerk, as God se "woonadres" in die wêreld (Heyns 1977:62), kan 'n betekenisvolle rol speel ten opsigte van die fenomeen van metamfetamien-verslawing in ons gemeenskap.

## 1.6 DIE NAVORSER EN DIE NAVORSING

Die navorser is sedert 1985 voltyds in die bediening, en was werksaam in Somerset-Oos, Knysna, Pomeroy (Gordon Memorial Presbiteriaanse Sending), Graaff-Reinet en Nigel. Sedert 2000 is hy deeltydse predikant in die Rynse Kerk Bellville-Suid. Intussen het dié leraar vanaf 1995 'n voltydse betrekking as staatsamptenaar by die Departement van Binnelandse Sake aanvaar.

Die navorser is gemotiveer om vanuit 'n prakties-teologiese perspektief oor die tik-vraagstuk navorsing te doen. Hy het eerstehandse ervaring van die gevolge van tikverslawing in die huisgesin. Hierdie navorsing is 'n poging om meer te verstaan en begrip te toon vir verslaafdes en aanverwante families.

Terselfdertyd is dit 'n diepe nadenke oor die ontluikende missionale kerk se roeping om "hande vuil te maak" in God se wêreld en ontdekkend, onderskeidend, te luister waar God aan die werk is in die gemeenskap van Bellville-Suid. Die navorser reflekteer op hierdie ontdekkende studiereis oor sy eie rol wat hy behoort te speel as missionale leier in die skynbare chaos van verslawing.

## 1.7 METODOLOGIESE VERTREKPUNTE

'n Prakties-teologiese benadering tot die navorsing word gevolg (Hendriks 2004; Osmer 2008). Die navorser beoog 'n beskrywende studie van die gemeente met die analitiese metodes van *Studying congregations in Africa* (Hendriks 2004). Daar word "van onder af op" gewerk – deelnemende navorsing wat bemagtigend van aard is.

---

[10] Artikel in Science in Africa: Africa's First On-Line Science Magazine: June 2005: Aanlyn: www.scinceinafrica.co.za/2005/june/tik.htm [besoek: 2011/02/13]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na aanleiding van Osmer (2008:4) se model, vra hierdie studie vier vrae, te wete:

a) Die deskriptief-empiriese taak wat vra: *Wat gaan aan?* Hier word die kulturele konteks van die gemeente beskryf. Verder word ook die omvang van tikverslawing veral in die Suid- Afrikaanse konteks beskryf.

b) Die interpretasie taak wat vra: *Waarom gaan dit aan?* Hier word die kontekstuele analise beskryf; dit behels die makro-, meso- en mikro-invloede op die identiteit van die gemeente**.** Dit sluit ook in die moontlike redes en oorsake van tikverslawing in Suid-Afrika.

c) Die normatiewe taak wat vra: *Wat moet gebeur?* Hier word prakties-teologiese refleksies gelewer wat fokus op die probleem en die uitdagings van ’n missionale teologie vir die bedieningspraktyk met spesfieke verwysing na die ondersteuning aan geaffekteerde families van tikverslaafdes.

d) Die pragmatiese taak wat vra: *Hoe kan ons reageer?* In hierdie afdeling word ’n strategie voorgestel om lidmate te bemagtig om onderskeidend te reflekteer en deelnemend betrokke te raak by die aanspreek van die behoeftes van geaffekteerde families van tikverslaafdes.

Aan die hand van ’n gemeenteprofiel (Hendriks 2004:175-191) en ’n kontekstuele analise, sal die aard en konteks van die gemeenskap van Bellville-Suid beskryf word (makro-, meso- en mikroverband – Hendriks 2004:76-80). Die identiteitsanalise sal verdiep word deur etnografiese data-insameling gebaseer word op die ongepubliseerde artikel van Marais en Taylor-Ellison (2007): *“*Push through the pain: The Spirit transforming churches across the world.” Hierdie versameling van data sal by wyse van agt vrae plaasvind: “to create a dialogue between real narratives of real local faith communities ... to discern on what God is up to in this time of history and to understand how [a] congregation responded to different contextual transformations (In hierdie geval die Rynse Kerk Bellville) (Marais & Taylor-Ellison 2007:2).

Die doel hiervan is “to develop a deeper understanding of what the Triune God is currently doing in and through local congregations in many locations and situations ....” Addisioneel hiertoe is dit van noodsaaklike belang “to exercise a deep listening to the culture of the congregation” (Marais & Taylor-Ellison 2007:2).

Aanvullend hiertoe sal ook van gevallestudies gebruik gemaak word (Gerring

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2007:4,5) deur middel van onderhoude met individue vanuit gesinne waar middele-afhanklikheid en -misbruik voorkom. Gillman (2000:1) definieer gevallestudie as *"*a unit of human activity embedded in the real world; which can only be studied or understood in context; which exists in the here and now; that merges in with its context …."

In die geesteswetenskappe is die metode van deelnemende waarneming 'n erkende wyse van kwalitatiewe navorsing. De Vos, Strydom, Fouché en Delport (2002:292) beskryf onderhoude as 'n oorheersende metode vir data-insameling in 'n kwalitatiewe navorsingstudie. Tydens die onderhoude, sal die vraelys die navorser toelaat om eksplisiet te dink oor wat ondersoek word (De Vos, Strydom, Fouché en Delport 2002:303).

Gevallestudies kan baie betekenisse hê. In hierdie opsig onderskei Gerring (2007:15) tussen verskillende betekenisse; onder andere dat dit 'n kwalitatiewe metode is wat tydens die navorsing 'n holistiese oorsig van die fenomeen bied - in hierdie geval tikverslawing. Hierdie metode van insameling van bewyse is naturalisties ("a real-life context") (2007:17), soos byvoorbeeld die behoeftes van die families wat geraak is.

Vanuit die geaffekteerde gesinne, sal die versamelde data in 'n groot mate die navorser 'n greep gee op die vraag wat die rol van die kerk is met betrekking tot die impak (effek) van tik op die familie en die behoeftes wat daaruit voortvloei.

Die studie sal dan afsluit deur die missionale uitdagings te formuleer waarvoor die gemeente staan, en 'n strategie te ontwerp vir 'n proses van voortgaande deel-nemende navorsing in die gemeente en gemeenskap ten einde die doelwitte wat met die verloop van tyd gestel is, te kan bereik.

## 1.8 ETIESE VEREISTES VIR DIE NAVORSING

Die navorser onderneem om hierdie navorsingsprojek in 'n sosiale, wetenskaplike en eties-verantwoordelike manier te doen (Babbie & Mouton 2009:527). Die navorser verbind hom onvoorwaardelik aan die neergelegde etiese kodes en onderneem om met integriteit op die mees professionele wyse die sosiale navorsing te doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die belange en regte van die deelnemers sal ten alle tye beskerm word (Terre Blanche & Durrheim 1999). Die deelnemers is volledig ingelig oor die aard van die navorsing, die veld van ondersoek, en die doel en doelwitte van hierdie studie, asook die voorgenome prosedures (1999). Al die deelnemers het vrywillige toestemming verleen en dit persoonlik bevestig.

Die deelnemende individue is ingelig dat hul identiteitsregte beskerm word en dat alle verwysings na die onderskeie gevalle anoniem sal bly. Inaggenome die hoogs persoonlike aard van hierdie navorsing, sal die deelnemers persoonlike inligting – wat onbekend is aan hul vriende en ander familielede - bekend maak aan die navorser (Babbie & Mouton 2009:521). Die deelnemers is verseker dat alle inligting met die nodige sensitiwiteit en volledige konfidensialiteit hanteer sal word (Bless, Higson-Smith, Kagee 2006:142-143; Babbie & Mouton 2009: 523).

Enige beperkinge tot betroubare inligting is duidelik oorgedra aan die deelnemers, asook wie toegang tot die data (bv. die studieleier/s) mag verkry. Die navorser het die deelnemers ingelig dat ’n objektiewe persoon genader sal word om die onderhoude te voer.

Die deelnemers is ook ingelig van die voordeel wat hierdie navorsing kan bied: vir hulle, die gemeenskap en die kerklike instelling waarvan hulle lidmate is. Die uitsluitlike doel van die navorsing is nie slegs die opdoen van kennis van die gemeenskap nie. Die uiteindelike oogmerk is om ingeligte besluite te kan neem waar daar behoeftes bestaan vir verandering en om dit te bekragtig. Dit kan ’n bydrae lewer wat kan meewerk om mense se lewens te verryk en hulle omstandighede te help verbeter (Bless *et al.* 2006:146).

Die deelnemers is ook ten volle bewus van die feit dat hulle die reg het om ter enige tyd uit die navorsing te onttrek. ‘n Navorsingsjoernaal sal regdeur die proses gehou word om data te versamel, te analiseer en kans te bied aan die navorser vir refleksie. Etiese klaring sal ook by die etiese komitee van die Universiteit van Stellenbosch verkry word alvorens met die empiriese ondersoek begin word.

## 1.9 BEGRIPSOMSKRYWING

Vir die doel van die studies word die volgende begrippe omskryf en ge-analiseer ten einde ‘n beter begrip met betrekking tot die problematiek van tikverslawing en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kerk se rol om geaffekteerde gesinne te help met behoeftes wat hieruit spruit.

### 1.9.1 Middelemisbruik

Dwelmmiddel-misbruik is wanneer ‘n persoon ‘n dwelmmiddel aanhoudend gebruik, sonder dat hy/sy dit benodig vir die verligting van ‘n siektetoestand. Voorts, as die middel gebruik word, sonder mediese voorskrif of toestemming, bloot vir die genot wat dit teweegbring.

Labuschagne en Eksteen (1993 in Noble 2005:8) omskryf die term “middelemisbruik” bloot as die verkeerde gebruik van chemiese afhanklike middele. Dwelmmisbruik is dus afhanklikheidsvormende middels wat ‘n fisiese en/of psigiese afhanklikheid by die misbruiker veroorsaak. Die misbruik is nie alleen nadelig vir die indiwidu nie, maar ook vir die gesin en die gemeenskap. Hierdie omskrywing word vir die doeleindes van hierdie navorsing benut.

### 1.9.2 Dwelmverslawing

Die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*[11] gee die volgende onduidelike verklaring vir die woord “dwelmmiddel”, naamlik ‘n “joernalistieke neologisme vir ‘n verdowings-middel waaraan mense verslaaf raak.” Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (*HAT*)[12] gee ‘n eenvoudiger verklaring vir die woord, s.v. “dwelm-verslawing”, naamlik “verslawing aan dwelmmiddels; toestand van oorgegee te wees aan dwelms, ‘n dwelmslaaf te wees.”

Die woord “drugs” is algemeen beskou as die Engelse vertaling van die woord “dwelmmiddels,” maar het as begrip al so gevestig geraak in kringe waar daagliks hiermee gewerk word, dat dit net so goed in Afrikaans as leenwoord gebruik kan word. In hierdie studies sal die navorser egter nog hou by die woord, “dwelmmiddel.”

### 1.9.3 Gesin

Die gesin kan omskryf word as die kleinste maatskaplike eenheid in die samelewing bestaande uit ‘n man en sy vrou, ‘n man en sy vrou en kind, ‘n vrou en kind, of man en kind, gewoonlik onder een dak (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995). Die gesin is "the most basic social unit of human society. It is the building block that is

[11] Die agste hersiene en uitgebreide uitgawe van die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, 1992.
[12] *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT),* September 2000.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

essential to the construction and maintenance of strong integrative social structures" (Korten 1990:169). Vir die doeleindes van dié navorsingstudie word voogdyskap ook aanvaar as 'n gesinsbond (Labuschagne & Eksteen 1993).

Oor die algemeen, kan daar basies drie gesinstipes onderskei word (Mudrock 1967), naamlik:

1) Die kerngesin of nukleêre gesin wat hoofsaaklik bestaan uit 'n man en 'n vrou, wat 'n egpaar vorm, saam met hul onmiddellike nakomelinge;

2) Die poligamiese gesin wat bestaan uit twee of meer kerngesinne wat deur gelyktydige meervormige huwelike aan mekaar gekoppel is, en waar een van die eggenote dus 'n gemeenskaplike lid van meerdere kerngesinne is;

3) Die uitgebreide gesinstipe wat 'n saamgestelde gesin is en ontstaan deurdat twee of meer kerngesinne aan mekaar gekoppel word deur die uitbreiding van die ouer-kind-verhouding. So byvoorbeeld, word in die patriargale verwantskap-sisteem gevind dat die seuns met hul vroue en kinders by hul ouers inwoon en saam dus so 'n uitgebreide gesinstipe op die patriliniêre lyn vorm (Steyn & Breedt 1977:33-36).

### 1.9.4 Missionaal

Die definisie van "missionaal" verwys na die konsep van Bosch (1991:389-390): "Mission as *missio Dei.*"[13]

Volgens Bosch word sending verstaan as die natuur van God – een van God se karaktertrekke – en dit moet verstaan word in die konteks van die Drie-eenheid – nie slegs ekklesiologies of soteriologies nie. Die konsep van *missio Dei* is dat God die Vader, die Seun stuur; en dat God die Vader, en die Seun die Heilige Gees stuur, en dat die Vader, Seun en Heilige Gees die kerk in die wêreld stuur. Die kerk neem deel aan God se sending in die wêreld. Die kerk het nie opsigself 'n sending nie, maar sending is deel van die lewe van die kerk. Bosch (1991:390) onderstreep die

[13] *Missio Dei* is 'n Latynse uitdrukking wat min of meer "die missie van God" beteken. Die term word sedert die tweede helfte van die 20ste eeu in ekumeniese kerkkringe geassosieer met 'n teologie waarin die klem daarop val dat "missie" nie in eerste instansie die kerk se roeping of taak is nie, maar 'n eienskap van God (Keifert 2007:150).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedagte dat die kerk gesien moet word as ‘n instrument van die missionale beweging van God in die wêreld, eerder dat sending beskou word as die primêre taak van die kerk.

### 1.9.5 Kerk

Volgens Smit (1996:120) is die konsep “kerk” baie meer kompleks as wat in die algemeen beskou word. Die term kerk kan nie in enkelvoudige, onveranderlike, a-kontektuele of transendentale konsepte beskryf word nie. Regdeur die geskiedenis heen het die term kerk verwys na ‘n “collective term for diverse movements, institutional and organisational forms, groups and communities.” Gevolglik het sowel Smit (1996:120,121) as August (2003:34) minstens ses moontlike formasies of uitbeeldings van die kerk geïdentifiseer om die breë skopus te dek wat dit beteken om kerk te wees.

Hierdie formasies sluit in: “church as worshipping community,” “church as a local congregation,” “church as denomination,” “church as ecumenical body,” “church as believers in their involvement with voluntary organisations” en “church as individual believers in their daily lives.”

Hierdie modes van kerkwees word deur Smit (in August 2005:29) geïdentifiseer om te help om die openbare lewe op verskillende wyses te beïnvloed. Dít word gedoen deur die kerk se betrokkenheid met sosiale kwessies “[which] affect the common good in public discourse and through visible actions of witness” (Fowler 1991:154). Moltman (1979:21) argumenteer dat “the renewal of the church finally depends upon what happens at grass roots level.”

Hierdie tesis fokus op die rol/invloed van die openbare kerk in die gemeenskap van Bellville-Suid. Dit moet opgemerk word dat die konsep “plaaslike kerk” verwys nie slegs na die plaaslike gemeente nie, maar sluit in “the church as ecumenical body” en “the church as believers in their societal involvement with voluntary organisations” (August 2003:28; Smit 1996:120,121) in die omgewing van Bellville-Suid. Die term “plaaslike gemeente/kerk” verwys daarom na al die bovermelde formasies van kerk in die lig en doelwitte van hierdie studie.

### 1.9.6 Gemeenskap

De Vos (1998:407-408 in Hendriks 2004:217) verstaan gemeenskap as:

> An "ideal community" group of people who share physical and social space, making them aware of individual, family and community strengths and needs, and helping them to create informal social support networks in co-operation with professional helpers, so as to manage resources in such a way that social problems are prevented on a primary, secondary and tertiary level.

'n Gemeenskap word deur August (2010:5) omskryf as 'n samestelling van individue of groepe wat in dieselfde geografiese omgewing leef met verskillende en dikwels teenoorgestelde belange. Gemeenskappe is daarom nie homogene entiteite nie.

### 1.9.7 Behoeftes

In *The church in response to human need,* is Baah (1987:226-227) van mening dat, in enige epog van die beskawing sedert die skepping, word in die ganse mensdom gevind dat daar altyd gearbei en 'n stryd gevoer is om die mens se basiese behoeftes tegemoet te kom. Volgens Baah (1987:226) is die kerk geroep, benewens die basiese behoeftes van voedsel, klere, skuiling en veiligheid: "to meet needs of all sorts: we have to work in a way that brings material as well as spiritual improvement to society. The church, as collaborator with God in resuscitating the divine economy, must radiate more than just spiritual power."

Die basiese behoeftes, volgens Burkey (soos aangehaal in August 2010:2) is "those things that an individual must have in order to survive as a human being." Vervolgens word die basiese behoeftes verder gedefinieer deur die "International Labour Organisation" in twee kategorieë:

- First, they include certain minimum requirements for a family for private consumption; adequate food, shelter and clothing as well as certain household equipment.
- Secondly, they include essentrial services provided by and for the community at large, such as safe drinking water, sanitation, public transport, health and educational facilities (August 2010:2).

Max-Neef (1999 in August 2010:2) identifiseer nege basiese menslike behoeftes, naamlik: "subsistence, protection, affection, understanding, participation, idleness, creation, identity and freedom."

### 1.9.8 Basisteorie

"Die basisteorie is die teologiese teorie wat bibliologies-dogmaties die normatief-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

etiese fundering van die wese en doel van die kerk weergee. Eenvoudiger gestel: die basisteorie beskryf sistematies wat die kerk in beginsel is" (Hendriks 1992:37).

### 1.9.9 Identiteit

"Met die woordjie identiteit word daar verwys na die geloof en waardes, die leefwyse, simbole, styl en verhaal wat elke gemeente uniek maak. Identiteit, soos dit van 'n gemeente gebruik word, verwys na die gesamentlike persoonlikheid en kultuur van daardie unieke gemeente" (Hendriks 1992:164).

## 1.10 HOOFSTUKKE

Hierdie tesis bestaan uit ses hoofstukke en word oorsigtelik soos volg aangebied. Hoofstukke 2-5 sal prakties van aard wees, terwyl Hoofstukke 6-7 teologiese refleksies sal lewer. Dus is hierdie studie prakties-teologies.

**Hoofstuk 1 Metodologie**

In hoofstuk 1 gee die navorser 'n beskrywing en uiteensetting van die metodologie wat in hierdie studieprojek gebruik word. Hierbenewens toon die navorser uit 'n literatuurstudie, sowel as statistiese gegewens, die aard en omvang van dwelm-verslawing met spesifieke verwysing na die duiselingwekkende snelheid waarteen tikgebruik in die Wes- Kaap eskaleer.

**Hoofstuk 2 Kontekstuele analise**

Hoofstuk 2 behels 'n kontekstuele analise van die gemeenskap. Daar word gepoog om die leser 'n penskets te gee van Bellville-Suid se agtergrond, die sosiaal-maatskaplike toestande, asook die makro-, meso-, en mikrokontekste van die omgewing en die invloed daarvan op die identiteit van die gemeente.

**Hoofstuk 3 Identiteit-analise**

Hierdie hoofstuk bestaan uit 'n etnografiese navorsing wat gedoen word aan die hand van die agt vrae saamgestel deur die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes (SAVGG). Op grond hiervan sal 'n identiteitsanalise van die gemeente (Hendriks 2004:105-142) beskryf word.

**Hoofstuk 4 Metamfetamien (tik)**

Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig oor metamfetamien (tik) wat inligting sal verskaf met betrekking tot hierdie dwelm. Die navorser sal 'n kort beskrywing bied van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

metamfetamien en die uitwerking daarvan op families wat deur die gevallestudies in die volgende hoofstuk beklemtoon sal word.

**Hoofstuk 5 Gevallestudies**

In hierdie hoofstuk beoog die navorser om sy eie situasie, met 'n seun wat verslaaf is, asook dié van drie ander families, met behulp van 'n gevallestudie se navorsingmetodiek (Gerring 2007:15) volledig te beskryf. Gevallestudies word die afgelope paar dekades erken as "scientifically respectable" (Babbie & Mouton 2009:280).

Die navorser beoog om die inligting te verkry deur middel van semi-gestruktureerde gespreksonderhoude met vier individue vanuit die geaffekteerde families wat die werklike situasie van die impak van tik daagliks beleef (Hendriks 2004:233). Dié data sal die navorser in staat stel om die aard van die probleem beter te omskryf.

**Hoofstuk 6 Missionale transformasie**

Hierdie hoofstuk word gewy aan die uitdaging om die gemeente te begelei vanaf 'n sterk instandhoudings-georiënteerde bediening na 'n missionale bediening. Die navorser is van mening dat die verslawingsprobleem van soveel jongmense in die gemeente en gemeenskap die aanknopingspunt kan wees tot 'n transformasieproses in die bedieningspraktyk, styl en leierskap van die gemeente.

**Hoofstuk 7 Prakties-teologiese refleksies en strategie**

Hoofstuk sewe sal 'n teologiese refleksie op die probleem en navorsingsdata verskaf. Dit sal ook 'n strategie vir die pad vorentoe uitspel en aanbevelings aanbied vir die voorkoming van substansiemisbruik deur 'n Koninkryksgedrewe kerk.

## 1.11 OPSOMMING

Hierdie hoofstuk is 'n weergawe van die kontekstuele inligting en motivering van hierdie relevante studie, die probleemstelling asook die navorsingsvraag en waarde van hierdie studie, die doel en metodologie, etiese verklaring, sowel as die definisies van die konsepte en uiteensetting van die verskillende hoofstukke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 2

# KONTEKSTUELE ANALISE

## 2.1 INLEIDING

Die gemeenskap, waarin die Rynse Kerk Bellville funksioneer, het gedurende die laaste paar dekades ingrypend verander. Die navorser wil slegs by enkele breë tendense en tersaaklike faktore stilstaan. In aansluiting met Osmer (2008:4) se modellering in die Praktiese Teologie, sal hierdie hoofstuk fokus op die deskriptief-empiriese taak van hierdie dissipline met spesifieke inagneming van die omvang van tikverslawing in die Suid-Afrikaanse konteks in die algemeen en in besonder binne die gemeenskap van Bellville-Suid. Hierdie hoofstuk het dus ten doel om perspektief te gee op die vraag: Wat gaan aan in die gemeenskap en gemeente ten opsigte van dwelmverslawing? Die kulturele konteks en die verskillende vlakke van invloede en moontlike oorsake van tikverslawing sal omskryf word.

### 2.1.1 Kontekstuele analise

'n Kontekstuele analise van 'n gemeenskap help om die historiese en kulturele konteks van die omgewing, waarbinne die gemeenskap leef, te assesseer. Kontekstuele analise is nodig wanneer 'n gemeente, volgens Hendriks (2004:69), selfgesentreerd is. Hierbenewens is dit noodsaaklik wanneer die gemeente só op haarself gerig en geïnstitusionaliseerd is dat die gemeente uit fokus is met haar missionale karakter, en uit voeling raak met die behoeftes en uitdagings wat in die gemeenskap aangespreek moet word. Andersyds, is 'n analise van die gemeenskap van kardinale belang om te help met die bewusmaking van gebeure of insidente, midde-in die omgewing waar die gemeente aanbid. Om die konteks van die kerk en die rol wat die gemeente speel te bepaal, is gebiedend noodsaaklik, omdat kennis van die gemeenskap en omgewing altyd wys waar daar nood is en wat die mense se behoeftes is (Hendriks 1992:146).

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n kontekstuele analise van die gemeenskap van Bellville-Suid weer te gee. Teen hierdie agtergrond word 'n drie-dimensionele lens aangewend, te wete die makro-, meso- en mikrokontekste.Die fokus sal op dwelms en die afhanklikheid daarvan val, en meer spesifiek die verskynsel van tikverslawing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die navorser poog om ’n beskrywing te bied van die sosiaal-maatskaplike konteks en hoe dit op die identiteit van die gemeente impakteer. In hierdie verband meen Hendriks (2004:76) dat, “the environment of a congregation has an open-ended scope, it reaches from the local environment to the global community, stretching from the past, to the present, and into the future.” Hiermee sluit die navorser aan by Osmer (2008:4) se model wat belangrik is in die prakties-teologiese ondersoek van hierdie studie. Van belang is die deskriptief-empiriese taak wat vra: Wat gaan aan? Hier word die konteks van die gemeente beskryf.

As geloofsgemeenskappe, is gemeentes in vele opsigte uniek en word, onder andere, beïnvloed deur uiteenlopende sosio-ekonomiese faktore. Die verskillende uitdagings wat aan ’n gemeente gestel word, verleen ’n unieke kleurskakering aan die karakter van die gemeente wat deur die konteks bepaal word. Hendriks (2004:76-77) onderskei drie vlakke, te wete:

a) Makro-, wat die globale gemeenskap insluit;

b) Meso-, sluit in groepe, groeperinge, organisasies, instellings, hospitale, skole, politieke partye, ensovoorts, in die onmiddellike omgewing, en

c) Mikro-, wat die invloed van al die vlakke op die individu het - spesifiek van ander mense en gebeure in die onmiddellike omgewing.

Hendriks (2004:70) stel dit duidelik dat die makro- en meso-invloede op ’n gemeente, as mikro-entiteit, impakteer.

Die sosiale lewe van ’n gemeente is onlosmaaklik verweef aan die konteks van haar onmiddellike omgewing. Volgens Hendriks (1992:138) is ’n gemeente nie ’n geslote sisteem nie; dis ’n oop sisteem waar wedersydse beïnvloeding plaasvind. In hierdie opsig merk Hendriks tereg op dat “a missional congregation is called to be the light of the world and the salt of the earth (Matt. 5:13-14).”

Die logiese veronderstelling is dat ’n gemeente geroep word om ‘n invloed uit te oefen op die konteks waarin dit bestaan. Daar is dus ’n wisselwerkende invloed tussen die rol wat ’n gemeente en haar konteks behoort te vervul. Met reg toon Hendriks (1992:138) dat ‘n kontekstuele analise gaan hierdie dinamiese wissel-werking tussen ’n gemeente en sy omgewing na, in die vaste geloof dat die Here

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mense kan gebruik om hul samelewing ten goede te beïnvloed. Die rol wat die kerk vervul vind dus nie in ’n vakuum plaas nie. Die mense van die kerk bevind hulself as mense (gesinne) van ’n vloeiende gemeenskap en kultuur wat in meer as een opsig dinamies is.

Schreiter (1998:2,5) soos aangehaal in Hendriks (2004:27), bevestig dat gelowiges se hart en denke gevorm word deur die konteks van die gemeenskap waarin hulle gevestig is. Bowenal, word plaaslike gemeenskappe beïnvloed deur globale realiteite. Die toenemende karakter van interkonnektiwiteit van mense se lewens op aarde is polities, ekonomies en sosiaal baie duidelik.

’n Gemeente is ’n organisme wat heeltyd deur sy omgewing beïnvloed word en wat terselfdertyd ook ’n groot invloed op sy omgewing kan uitoefen. ’n Gemeente leef in bepaalde verhoudings tot sy omgewing, en reageer op sy omgewing (Hendriks 1992:138).

## 2.2 DIE INVLOED VAN MAKRO-, MESO-, EN MIKRO-TENDENSE

In die konteks van hierdie navorsing is die navorser van mening dat universele dwelmhandel ook ’n noemenswaardige invloed het op die gemeenskap van Bellville-Suid. Deur deelnemende waarneming, word die navorser al meer bewus van die impak wat dwelmhandel op die lidmate van die Rynse Kerk in hierdie omgewing het.

Die navorser meen dat die effek van globalisasie, onder andere dwelmhandel en die daarmee gepaargaande misdaad soos deur Castells (1997, 2000, 2004) bespreek word, ook in die gemeenskap ’n werklikheid is. Te midde van globalisering en die plaaslike manifestering van globale tendense, word missionale gemeentes uitgedaag om mee te werk aan kontekstuele transformasie.

### 2.2.1 Globalisasie

Globalisasie is ’n begrip wat ’n voortgaande proses beskryf waardeur streeksekonomieë, gemeenskappe en kulture al meer geïntegreer word deur groeiende wêreldwye netwerke. Die begrip “globalisasie” verwys verder ook na die vermenging van idees, taal en populêre kultuur wêreldwyd. Globalisasie het twee groot temas, naamlik ’n toenemende interkonnektiwiteit en ‘n verskuiwende identiteit (Castells 2004).

Die komplekse ekonomiese en kulturele veranderinge, wat die wêreld transformeer,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word globalisasie genoem. In hierdie verband vra Rifkin (2004:3): “What is globalization, and why do so many people – including many people of faith who see ultimate good, and even God’s hand, in the process – share concerns about how it is unfolding, and, like the demonstrators, blame it for so much?”

Op ’n individuele vlak wentel globalisasie om die bevordering van verbruikerswaarde. Dit is aangevuur deur die buitengewone vooruitgang van inligting en vervoer-tegnologie wat skynbaar van tyd en ruimte ’n grap maak. Globalisasie is ’n fenomeen wat die samelewing radikaal verander het. Dit raak nie slegs die menslike segment van die gemeenskap nie, maar elke ander vorm van lewe wat die mens met die planeet deel (Rifkin 2004:15).

Volgens Hallman (2000:18) is die drie sterkste magte wat die hedendaagse karakter of identiteit van die Westerse samelewing bepaal: “consumerism, economic globalization and violence.” Hy is van mening. en benadruk, dat “because of the dominance of Western culture through media and economic power, these three forces are also influencing other societies throughout the world.” Dit is insiggewend dat die ekonomiese sisteme wat deur die proses van globalisasie ontketen word ’n noemenswaardige faktor is wat die basis van sosiale verhoudings vorm. In hierdie verband sê Hallman (2000:30): “Innercity conflict between gangs and the violence associated with robbery and drugs most frequently occur within poor and minority communities where educational and employment opportunities are the most neglected.”

Onder andere, spreek Hallman die basiese behoeftes aan wat toegeskryf kan word aan die effek van globalisasie op die familielewe. Hallman (2000:31-32) meld dat: “The pursuit of just and sustainable communities is not possible without societal transformation in which peace with justice replaces violence as a foundational value.”Castells (1997:72) se perspektief op globalisasie word soos volg gedefinieer: “Globalization and informationalization, enacted by networks of wealth, technology, and power, are transforming our world. They are enhancing our productive capacity, cultural creativity, and communication potential. At the same time, they are disfranchising societies.”

Die navorser is daarvan oortuig dat globalisasie ’n werklikheid is wat op almal,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sonder uitsondering, impakteer. Tereg verwys Friedman (2007) na “The world is flat,” wat ’n raak beskrywende metafoor is van die digitale tegnologiese ontwikkeling wat ’n mega-verskuiwing in die wêreld teweeggebring het. Schreiter (1998:4,8 in Hendriks 2004:15) stel globalisasie voor as “the extension of the effects of modernity to the entire world when, at the same time, the compression of time and space is taking place.” Wêreldgebeure is binne sekondes bekend aan die bevolking van die aarde vanweë die proses van globalisasie. Tereg word na die wêreld verwys as ’n “global village” (Hendriks 2004:76).

Globalisasie bring mee ’n legio van uitdagings - buitengewone uitdagings aan die kerk - want dis ’n fenomeen wat die menslike omgewing radikaal verander (Rifkin 2004:15). Werkloosheid, toenemende oorsteek van landsgrense, immigrasie, mensehandel, kriminaliteit en die verspreiding van onwettige dwelms het ’n uit-werking op die nasionale identiteit van geografiese gebiede en bied ontsettende uitdagings aan gemeenskappe.

### 2.2.2 Misdaad en globalisasie

Volgens Castells (2000:169), is misdaad so oud soos die mensdom. Hy argumenteer dat die oorsprong van misdaad herlei kan word na die onwettige “traffic of apples.” Wêreldwye misdaad word gekoppel aan netwerke wat ’n enorme effek op lande oor die lengte en breedte van die aardbol het. Oor misdaad, sê Castells (2000:171) dat kriminele organisasies op toenemende skaal transnasionaal opereer terwyl hulle ekonomiese globalisasie en vervoertegnologie tot hul voordeel benut. Hul strategie is om hul produkte te laat werk in lae risiko areas wat as basis dien om beheer oor die institusionele omgewing te verkry. Daar word gekonsentreer op identifiseerbare omgewings waar uiterste armoede heers, wat opportunistiese kriminele aangryp om beheer uit te oefen.

Volgens Castells (2000:170), oorspan misdaad ’n verskeidenheid van lande regoor die wêreld wat onder andere insluit: Sicilië Cosa Nostra (en vennote: La Camorra, Ndrangheta, en Sacra Corona Unita), die Amerikaanse Mafia, die Colombiaanse kartelle, die Mexikaanse kartelle, die Nigeriese kriminele netwerke, die Japannese Yakuza, die Sjinese Triades, die konstellasie van Russiese Mafias, die Turkse heroïen-handel, die Jamaikaanse Posses, en tallose streeks- en plaaslike kriminele groeperinge in alle lande, wat wêreldwyd in gediversifiseerde netwerke bymekaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kom en wat deur grense syfer, en gekonnekteer is.

Dit is dus duidelik dat daar ongetwyfeld ’n bykans ondeurdringbare netwerk van georganiseerde misdaadkultuur wêreldwyd bestaan. Onderliggend hieraan blyk dit dat ekonomiese beheer en korrupsie ván die oorsake kan wees vir hierdie kriminele aktiwiteite. In hierdie verband is Castells (2000:170) van mening dat: “Complex financial schemes and international trade networks link up the criminal economy to the formal economy, thus deeply penetrating financial markets, and constituting a critical, volatile element in a fragile global economy.”

### 2.2.3 Dwelms en globalisasie (Makro-konteks)

Dit moet beklemtoon word dat die verskynsel van dwelms deur globalisasie beïnvloed word. Dwelms, en die verspreiding daarvan, speel ’n kardinale rol in globale kriminele aktiwiteite. Castells (2000:170) is die mening toegedaan dat, in die hoë-waarde industrie, dwelmhandel, naas wapenhandel, die belangrikste segment in die wêreldekonomie is.

Onwettige handel in dwelms het in die meeste gevalle ’n lang geskiedenis wat verbind kan word met spesifieke lande en streke met hul bepaalde ideologiëe, en dien as erekodes wat ’n samebindende meganisme is. Castells (2000:173) beklem-toon dat misdadige aktiwiteite met dwelms ’n verskynsel is wat oor die wêreld heen, nasionaal, plaaslik of etniesgedrewe voorkom. Dwelmhandel is dus die oorheersende bedryf, soveel so dat daar gepoog word om, te midde van politieke blindheid, misplaasde moraliteit en gemeenskappe, nie meer tred gehou kan word met hierdie samelewingsuitdaging nie, en drastiese pogings word aangewend om hierdie handel sistematies te wettig. Die werklike probleem lê nie in die legitimasie van dwelmhandel nie, maar in die effek wat dwelmverslawing tot gevolg het.Dwelmverslawing impakteer op menselewens en bring daagliks ongekende hartseer mee, ter verrykking en genot van die verspreiders daarvan. Hieroor is die navorser dit eens met Castells dat “the source of drug addiction, and therefore of most crimes in the world, lies in the psychological injuries inflicted on people by everyday life in our societies.”

Daar word bereken dat ongeveer vier miljoen mense in die Verenigde State van Amerika metamfetamien (d.i. “ice” of “crystal meth”) minstens eenkeer in hul leeftyd

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebruik het (Office of National Drug Control Policy, 1996; aangehaal in Doweiko 1999). Tradisioneel word die gebruik van metamfetamien geassosieer met wit blouboordjie werkers dwarsdeur die Verenigde State (Fields 2001). Metamfetamien is egter nie beperk tot ŉ spesifieke groep mense nie, maar het regoor ŉ wye diverse groep versprei, byvoorbeeld: 1) homoseksuele mans; 2) haweloses en jeug wat van hul ouerhuise weggeloop het; 3) sowel manlike as vroulike sekswerkers, en 4) jong volwassenes wat gereeld aktiewe deelnemers is by wilde partytjies of privaatklubs (Fields 2001:156).

Oor die algemeen is die gebruik van metamfetamien die gewildste dwelm vir persone wat beroepe beoefen wat vereis dat hulle ongewone lang ure moet werk, verstandelik paraat moet wees, en fisiese uithouvermoë moet hê (Fields 2001:156 ).

### 2.2.4 Suid-Afrikaanse navorsing ten opsigte van die misbruik van metamfetamien.

Op Suid-Afrikaanse bodem het Parry *et al*., (2002) ŉ epidemiologiese studie aangepak om die patroon van dwelm- en alkoholmisbruik, asook die gevolge vanaf Januarie 1997 tot Desember 1999 te beskryf. Hierdie massiewe projek het die SACENDU[14] projek geheet. Dit het bestaan uit ŉ netwerk van navorsers, beleid-makers en praktisyns van vyf areas in die land (Plüddeman 2001). Dié inligting is versamel by behandelingsfasiliteite, trauma-eenhede, leerders en aangehoudenes. Hierdie studie was in staat om oorsigtelike data te versamel ten opsigte van afhanklikheidsmiddele wat dikwels in Suid-Afrika misbruik word.

Die studies is later uitgebrei en in 2004 was die SACENDU-projek suksesvol - die eerste om inligting te verskaf wat die eksponensiële eskalering van metamfetamien-(tik-) misbruik in Kaapstad sterk na vore gebring het (MRC-Parliament Report, 2005). Data wat van gespesialiseerde behandelingsfasiliteite in die stad versamel is, dui aan dat daar ŉ dramatiese styging in tikverwante toelatings voorkom (121 tot 429 gevalle) binne ŉ periode van 12 maande vanaf die laaste helfte van 2003 tot die eerste helfte van 2004 (MRC-Parliament Report, 2005). Hierdie bevindinge was ŉ belangrike instrument wat ten doel gedien het om die gesondheidsberoepslui te

[14] Op bladsy 3 is die akroniem verduidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarsku oor die groeiende probleem.

In 'n redaksionele skrywe vir die *Suid-Afrikaanse Mediese Joernaal* is hierdie bevindinge vir bovermelde studie bevestig. Parry, Myers en Plüddeman (2004) rapporteer dat daar, oor die lengte en breedte van Suid-Afrika, 'n dramatiese toename in pasiënte met tikverwante probleme is, die oorgrote meerderheid waarvan in die Kaapse Skiereland woonagtig is. Parry, Myers en Plüddeman (2004:964) verwys na tikverslawing onder die jeug in Kaapstad as "the new public health threat" wat die bewusmaking daarvan, sowel as die juiste voorsiening van inligting aan die publiek en beleidsmakers, van onskatbare waarde maak.

## 2.3 DIE MESOKONTEKS

### 2.3.1 Dwelmafhanklikheid in die Wes-Kaapse Provinsie[15]

Benghiat (1999)[16] soos aangehaal in Noble (2005:2) dui aan dat daar ten minste 3.8 miljoen Suid-Afrikaanse skoolkinders is, en dat een uit elke drie kinders met middels eksperimenteer. In dieselfde navorsing van Noble (2005:2) toon Jansen (2002)[17] aan dat 45% van alle hoërskoolkinders in Suid-Afrika reeds dwelms gebruik het en dat 32% gereelde gebruikers is. Tereg merk Noble (2005:2) op dat bogenoemde statistieke beslis kommerwekkend is met betrekking tot die middel-misbruik van die kinders in Suid-Afrika.

Volgens 'n studie wat deur die Mediese Navorsingsraad (MRC) van 1997 tot 2004 gedoen is, is bevind dat daar aansienlik meer dwelmmisbruik in die Wes-Kaapse Provinsie is as in die res van Suid-Afrika. Parry (2005:1) voer aan dat die kinders in hierdie provinsie die nasionale gemiddelde oorskry in terme van die tipe en frekwensie van middelafhanklikheid en risikogedrag. Volgens Dr Henten Booysen, 'n navorser wat fokus op die behandeling van tikverslawing, is tikmisbruik 'n pandemie. In die Wes-Kaap is dié probleem die hoogste in die land en die tweede hoogste in die wêreld (*Die Burger Wes* 2011/03/04).

Die verband tussen dwelmmisbruik en kriminele aktiwiteite is positief volgens 'n

---

[15] Marindo Ravayi (ed) 2008. *The state of the population in the Western Cape Province*.

[16] Benghiat, I. 1999. How to raise drug-free kids. *Reader's Digest family guide*, April, 11: p.11.

[17] Jansen, V. 2002. Kinders kry al vroeër te doen met drank en dwelms. *Die Burger*, Oktober 20.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verslag wat deur Plüddeman *et al.* (2010) bekend gemaak is. Dié verslag dui aan dat ses uit elke tien persone wat in Kaapstad in hegtenis geneem is, was gebruikers van een of ander vorm van onwettige dwelms. Die persentasie van inbrake by huise dui aan dat 66% van hierdie aangemelde gevalle met dwelms verbind kon word.

Sedert 2003 is daar in dié provinsie 'n dramatiese toename in die gebruik van die dwelm, metamfetamien, wat op straat bekend staan as tik. Hierdie dwelm is 'n verslawende stimulant wat sedert 2002 deur die jeug in Kaapstad misbruik word. In die eerste helfte van 2004 was die gemiddelde ouderdom van pasiënte wat metamfetamien as hul primêre substans van misbruik aangemeld het, tussen 15 en 19 jaar oud (Plüddeman 2004). In die Wes Kaap is metamfetamien (tik) die vernaamste dwelm wat deur ongeveer 36% van alle hulpsoekers misbruik word (Hitzeroth & Kramer 2010:43).

Plüddeman *et al.* (2007) dui aan dat 'n geweldige toename in die misbruik van hierdie dwelm voorgekom het. Dit het vanaf 5% in 2003 toegeneem tot 42% in 2006. Wat verder onrusbarend is, is die feit dat die meerderheid van behandelde metamfetamien-gevalle jongmense onder 20 jaar oud is.

Uit die studie van die Mediese Navorsingsraad, gebaseer op Plüddeman *et al.* (2007) se bevindinge, meld Dr Baxen[18] (2008:211) dat die eskalering in dwelmmisbruik in die Wes-Kaap Provinsie duidelike ras- en geslagspatrone toon. Die rapport dui aan dat, gedurende Junie 2006, ongeveer 86% van alle pasiënte onder die ouderdom van 20 jaar manlik en uit die bruingemeenskap was. Dis opmerklik dat, in hierdie bevolkingskomponent, daar 'n dramatiese toename van tikverslawing voorkom - 90% van dié tikverslaafdes is bruinmense. Hiermee tesame word vermeld dat, in lyn met die dwelmverslawing, daar 'n leemte bestaan met betrekking tot toegang tot behandelingsentra vir vrouens en swart Afrikane. Verslawing kan egter nie in "'n stereotipiese boks geplaas word nie – dit het geen status, kleur of ras nie, daar is baie onkunde oor veral tikverslawing, 'n sekere stigma bestaan rondom dit" (Booysen in *Die Burger* 2011/03/04).

[18] Dr Jean Baxen is Senior Lektor aan die Fakulteit Opvoedkunde by die Universiteit van Kaapstad. Haar navorsingsgebied sluit in sosiale identiteit en MIV/Vigs, vroeë kinderontwikkeling, primêre onderwys en kurrikulum studies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Data, wat versamel is van 27 behandelingsentra in die Wes-Kaap, toon dat daar ’n geleidelike toename van eerste toelatings is, wat wissel van 33% in 2001, tot 79% in 2006. Gemiddeld 29% van die pasiënte is vir die tweede maal toegelaat. Gedurende 2006 alleen was 27% van dié wat behandel is onder 20 jaar (4% was ouderdom 10-14 jaar, en 23% ouderdom 15-19 jaar).[19]

Uit bovermelde gegewens is dit onbetwisbaar dat die sosiale landskap[20] van die Wes-Kaap aangetas word deur, onder andere, dwelmmisbruik, waarvan metamfetamien (tik) die verskillende gemeenskappe in die Kaapse Skiereiland geweldig beïnvloed. Alle aanduidings toon dat tikverslawing een van die groot kopsere in die Wes-Kaap is. Tik ruk families uitmekaar, soos die *Star* van September 2007 die effek van tik raak beskryf: “Tik ripping Cape Flats families apart; parents watching helplessly as children as young as 12 succumb to short-lived boost of potent drug ... with tears in their eyes and pain in their hearts – is what they are witnessing in the Cape Flats daily: their children’s lives being destroyed by drugs.”

## 2.4. MIKROVLAK

### 2.4.1 ’n Historiese en demografiese oorsig van Bellville-Suid

#### 2.4.1.1 Historiese oorsig

Volgens Strydom (1981:3), het Bellville sy ontstaan te danke gehad aan ‘n gunstige ligging wat as uitspanplek gedien het op die roete tussen die Kasteel en die nuwe nedersetting buite die Skiereiland. Bellville het oorspronklik as “Hardekraaltjie” bekend gestaan. Hardekraaltjie was die enigste harde grond waarop die waens uitgespan kon word op hul togte deur die Kaapse Vlakte se sand. Dit was die dae toe daar nog niks op die Vlakte was nie. Die Hardekraaltjie-karavaanpark is vandag nog daar. Toe die spoorlyn van Kaapstad na Wellington Hardekraaltjie bereik het, is daar ’n halte gemaak en dit is Durban Road genoem. (Durbanville was vroeër bekend as “D’Urban”). Durbanville was toe al ’n gevestigde gemeenskap, terwyl die latere Bellville toe net begin ontwikkel het. Bellville is ’n stad in die Wes-Kaap, sowat 20 kilometer (12 myl) vanaf Kaapstad se middestad.

---

[19] Hierdie ouderdomsgroep is die hoogste na die tweede grootste groep 20-24 jaar, wat bestaan uit 24% van die behandelde gevalle.

[20] Sien kaart op bladsy 78.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die eerste vaste bewoners van hierdie deel van die Tygerberg was blykbaar die Boesmans in hul jagterstadium, maar hulle het geestelik so ontwikkel dat hulle in die skilderkuns belanggestel en dit beoefen het (Strydom 1981:2).Afrikaanssprekendes het Durban Road geken as “Twaalf Myl,” genoem na die leiklip-mylpaal met die Romeinse XII wat by die hoek van Voortrekker- en Durbanweg staan. Dit was presies 12 myl of 20 kilometer van die Kaapstadse Sentrum. In 1861 is dit na die landmeter Charles Davidson Bell vernoem. Bellville het in 1940 ’n onafhanklike munisipaliteit geword en het op 7 September 1979 stadstatus verkry.

Bellville vorm tans deel van die groter Kaapstad se metropolitaanse area en is deel van die Stad Kaapstad munisipaliteit. Volgens die sensus data van 2001 is die inwonertal geraam op 89 732, waarvan ongeveer 27 000 in Bellville-Suid woonagtig is.Die stad is in die noordelike voorstede van die groter Kaapstad area geleë. Danksy sy sentrale ligging naby die lughawe, ’n aantal gholfbane, die Kaapse wynroetes en winkelsentrums, is Bellville vandag ’n gewilde residensiële voorstad van Kaapstad. Die Universiteit van Wes-Kaapland is in Bellville geleë.[21]

Die Karl Bremer hospitaal funksioneer as die akademiese hospitaal vir die Universiteit van Stellenbosch, terwyl die Tygerberg Hospitaal die mediese skool huisves. ’n Versameling van materiaal uit die anti-apartheidstryd word in die Mayibuye Sentrum gehuisves. Hierdie sentrum, wat aanvanklik deur die Apartheidsregering in Suid-Afrika verban was, is ook geleë te Bellville.

#### 2.4.1.2 Bellville-Suid[22]

Die navorser poog om die sosio-ekonomiese situasie van Bellville-Suid te beskryf omdat dit ’n direkte effek het op die Rynse Kerk wat deel uitmaak van die gemeenskap.

Bellville-Suid is ’n woongebied net buite die stad Bellville geleë en is ’n “gemengde” area. Die situasie het verander met die implementering van die Groepsgebiede Wet van 1963 toe Blankes uit die area verskuif is. Sedert 1958 is Bellville-Suid tot stand gebring as ’n tradisionele “Coloured Township.” Hierdie area is afgebaken vir

[21] [www.bellville.co.za besoek: 2011/03/18 Wikipedia: Die vrye ensiklopedie]

[22] Inligting verkry uit “Bellville South Partnership Project: Information Pack” saamgestel deur Theresia Daniels.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bruinmense wat uit Oakdale, Vasco en ander noordelike gebiede hervestig is. Die oorspronklike naam was Proteaville maar, vanweë die politieke omstandighede wat geheers het, is hierdie naam nooit deur die gemeenskap aanvaar nie. Bellville-Suid sluit die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT), voorheen die Tegnikon Skiereiland (Pentech), sowel as Glenhaven in.

Modderdamweg loop van noord na suid dwarsdeur die bruin woongebied wat in 1976 en 1977 beset is deur 8000 Swartmense wat onwettig daar geplak het sonder om hulle in die minste te steur aan Bellville se jarelange beplanning (Strydom 1981:290).

### 2.4.2 Demografie van Bellville-Suid

#### 2.4.2.1 Bevolkingsamestelling

Soos hierbo aangedui, word in die 2001 sensusopname beraam dat Bellville-Suid se gemeenskap uit ongeveer 24 000 inwoners bestaan, waarvan 11 000 mans en 13 000 vrouens tel. Volgens 'n oorsig van die "Bellville South Partnership Project" is 'n relatief hoë persentasie van die inwoners jonger as 30 jaar oud. Terselfdertyd val 'n groot gedeelte van die inwoners in die kategorie van ouer as 60 jaar. Bellville-Suid is oorwegend 'n Bruingemeenskap wat 95% van die totale inwonertal uitmaak. Die aanwesigheid van die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT), sowel as die Gorvalla Koshuise, dra by tot 'n redelike hoë persentasie van mense uit Afrika en lande uit die noordelike buurstate van Suid-Afrika.

#### 2.4.2.2 Taal

Afrikaans is die oorheersende spreektaal wat in die gemeenskap gebesig word, gevolg deur Engels en Xhosa. Ander dialekte word meestal gepraat deur studente en personeel van die Universiteit van Wes-Kaapland en die Peninsula Technikon. Mense van Somaliese en Nigeriese afkoms praat hul moedertaal.

#### 2.4.2.3 Huwelikstaat

Bellville-Suid is 'n baie godsdienstige en tradisionele gemeenskap en gevolglik tree pare in die huwelik volgens godsdienstige en tradisionele gebruike. Desnieteen-staande, woon ongeveer 10% van pare saam asof hulle getroud is. Hierdie ver-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skynsel is in lyn met die moderne verloop van sake. Dit kan moontlik in verhouding geplaas word met die hoë persentasie van jonger bewoners in die woongebied.

#### 2.4.2.4 Politiek

Die African National Congress (ANC) en die Demokratiese Alliansie (DA) is die twee hoofspelers in die politieke arena te Bellville-Suid. Ander politieke partye, soos Congress of the People (COPE), African Christian Democratic Party (ACDP) en Onafhanklike Partye, is ook in die area teenwoordig. Die huidige raadslid verteenwoordig die Demokratiese Alliansie. en sy voorganger was van die Nuwe Nasionale Party.

#### 2.4.2.5 Godsdiens

Volgens die Bellville South Partnership Project is meer as 95% van die inwoners aanhangers van die Christelike geloof. Die Apostoliese denominasies (Ou en Nuwe Apostoliese Kerke) sowel as die Pinkster en Charismatiese Kerke geniet ook groot aanhang. Die toestroming van Somaliërs in die gebied kan die gevolg wees van die toename in getalle van aanhangers van die Islamitiese geloof.

Volgens beskikbare data, gebaseer op bestaande formele aanbiddingsplekke, is daar meer as 30 kerke in die woongebied. Van die bekendes is: die Verenigende Gereformeerde Kerk, Christelike Gereformeerde Kerk, Rynse Kerk, Volkskerk van Afrika, United Congregational Kerk, Evangelies Lutherse Kerk, Morawiese Kerk (Evangeliese Broederkerk), Anglikaanse Kerk, Rooms-Katolieke Kerk, Metodiste Kerk, African Methodist Episcopal Kerk, Apostoliese Geloofsending Kerk, Baptiste Kerk, Sewende Dag Adventiste Kerk, Nuwe Apostoliese Kerk en die Ou Apostoliese Kerk. Benewens die Christelike geloofsgemeenskap, bestaan daar ook ’n moskee in Bellville-Suid wat die Islamitiese geloofsgemeenskap bedien.

#### 2.4.2.6 Gemeenskapsontwikkeling

Die meeste mense wat aktief is in gemeenskapsontwikkelings-inisiatiewe is verbonde aan die ANC - in teenstelling met die DA raadslid wat met haar eie dinamika leiding gee. ‘n Voorbeeld hiervan is die stigting van verskeie komitees deur die DA raadslid in ’n poging om die mag en invloed van die ANC te kniehalter. Daar bestaan geen enkele ontwikkelingsforum in die gemeenskap nie, alhoewel ’n aantal individue en groeperinge op forums vir ontwikkeling aanspraak maak. Beperkte gemeenskapsontwikkelingsdienste word gebied deur die Stad Kaapstad Maatskap-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

like Ontwikkeling Direktoraat. In die gemeenskap is daar ’n paar gemeenskaps-gebaseerde organisasies wat werksaam is. Hulle is die volgende:

a) Onderhoudsforum (‘n gemeenskapsgebaseerde organisasie);

b) Peace Haven (‘n nie-winsgewende organisasie);

c) Sebenza Khunye (Art 21);

d) Building Blocks of Sacrifice (‘n nie-winsgewende organisasie);

e) Bellville Belastingbetalers- en Eienaarsvereniging (‘n gemeenskapsgebaseerde organisasie); en

f) Bellville Belastingbetalers (‘n gemeenskapsgebaseerde organisasie).

### 2.4.3 Dienste en infrastruktuur

#### 2.4.3.1 Behuising en land

In Julie 2002 was die totaal van enkel residensiële erwe in Bellville-Suid 3225, waarvan 3048 reeds bebou was, en 653 nog leë erwe was. Hierdie getal het egter verander met die oprigting van die Greenlands Heropbou- en Ontwikkelingsprojek (HOP) behuisingskema wat 560 enkel huiseenhede beslaan. Intussen was daar ook ander behuisingsontwikkelings, onder andere, die Oopstraat- en Neethlingstraat-ontwikkelings wat 40 wooneenhede beslaan. Hierdie ontwikkelings is op die middel-inkomstegroepe gemik. Intussen is die 718 staatswoonstelle aan die bewoners oorgedra. Die meeste huishoudings bewoon enkel losstaande baksteenhuise Hierbenewens woon ’n meetbare aantal mense in die woonstelle en in informele huise, byvoorbeeld in plakkershutte agter in die erwe. Terselfdertyd bestaan ’n lang waglys vir huise, te midde van die Heropbou- en Ontwikkelingsprojek se behuisings-ontwikkeling. Die aantal mense wat huiseienaars is, of eiendomme huur, is rofweg twee maal meer as vrouens.

#### 2.4.3.2 Munisipale dienste

Van die families of inwoners het 97% water, sanitasiegeriewe en elektrisiteits-voorsiening binnenshuis, terwyl die res uit informele bewoners in plakkershutte en “Wendy” huisies bestaan. Al die paaie in Bellville-Suid is geteer en het padtekens. ’n Paar spoedwalle is aangebring om die oorskryding van spoed in probleemareas te beperk. Een van die probleemareas is die oorspoel van stormwaterdreine gedurende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die winterseisoen.

#### 2.4.3.3 Gemeenskapsfasiliteite

Bellville-Suid beskik oor die volgende gemeenskaps-geriewe wat deur die Stad Kaapstad voorsien is:

- ‘n Gemeenskapsentrum en banketsaal
- ‘n Openbare biblioteek
- Sportvelde
- ‘n Swembad
- ‘n Behuisingskantoor
- ‘n Sport- en ontspanningsentrum
- ‘n Kleuterskool
- ‘n Bejaarde dagversorgingsfasiliteit
- Gemeenskaps-gesondheidsentrum
- Ses publieke parke en speel areas
- ‘n Piekniekarea (Sacks Sirkel).

***Ander geriewe***

- Dorothy Boesak Gemeenskapsentrum (Verenigende Gereformeerde Kerk)
- Vyf primêre en twee sekondêre skole
- Vyf crechés of speelsentrums
- Een spesiale skool en drie hoër opvoedkundige instellings
- SAPD kantore
- Wetstoepassers (stadspolisie) se kantore

### 2.4.4 Gesondheid en maatskaplike dienste

Bellville-Suid word bedien deur die Kasselsvlei Gemeenskap-gesondheidsentrum wat dienste lewer in terme van gesinsbeplanning en post-natale sorg, algemene gesondheidsdienste, berading en fisioterapeutiese dienste. Die gemeenskap beskik oor ten minste tien algemene praktisyns en twee tandartse met spreekkamers, asook ’n apteker.

Die grootste gesondheidsprobleem is tuberkulose en MIV/Vigs. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose Assosiasie (SANTA), sowel as die Suid-Afrikaanse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nasionale Raad vir Alkoholisme Verslawing (SANRA), is baie aktief in die area en loods ŉ "Direct Observer Treatment Shortcourse" (DOTS) program. Die toename in tienerswangerskap het ŉ implikasie met die verspreiding van Vigs en gepaard-gaande probleme. Fetale Alkohol-Sindroom (FAS) is ontsettend in hierdie ouderdomsgroep en kom ook voor by moeders in ŉ hoër ouderdomsgroep. Prostitusie kom ook toenemend voor.

ŉ Groot aantal inwoners, veral in die woonstelle, skemahuise en Greenlands is werkloos en ontvang staatstoelaes. Kommer heers ten opsigte waarvan bejaardes mishandel word en gevalle waarvolgens die grootouers met hulle toelaag vir die uitgebreide families moet sorg. Tuisversorgingsprojekte is ook aktief om mense by te staan wat van armoede krepeer.

ŉ Maatskaplike werker lewer gemeenskapsdienste aan families waar gevalle bestaan. Hierdie diakonale dienste word bedryf vanuit ŉ kantoor in die Dorothy Boesak Sentrum.

### 2.4.5 Misdaad

Daar bestaan twee buurtwagte in die Greenlands asook Glenhaven wyke. Daar word gewag gemaak van beter samewerking en ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) met betrekking tot opleiding, gesamentlike patrollie en voorsiening van toerusting. ŉ Aantal sjebeens (smokkelhuise) wat in die gemeenskap bedrywig is, ontvang aandag van die SAPD.

Die grootste misdaad, volgens die SAPD, wat herlei kan word na die aktiwiteite van die sjebeens, is dwelmmisbruik en middelafhanklikheid. Bende-aktiwiteite staan in noue verband met dwelmhandel. Dwelmhandel en die misbruik van dwelms deur die jongmense is onrusbarend, met die gevolg dat die Gemeenskap Polisiëringsforum voorkomings- en bewusmakingsprogramme inisieer wat op skoolgaande kinders in die woongebied gerig is. Publieke bendegeweld, waar 'n afname plaasgevind het, vind nie meer plaas in die gemeenskap nie. Verkragting, veral van tieners, is problematies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende tabel is 'n weergawe van 'n misdaadverslag[23] (2007-2011) uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) te Bellville-Suid. Dit hou verband met misdade waarin dwelmverslawing die primêre oorsaak blyk te wees.

| **Misdaad-kategorie** | **April 2006 Maart 2007** | **April 2007 Maart 2008** | **April 2008 Maart 2009** | **April 2009 Maart 2010** | **April 2010 Maart 2011** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Verkragting** | 28 | 18 | 20 | 37 | 20 |
| **Roof verswarend** | 49 | 36 | 35 | 65 | 46 |
| **Gewone roof** | 37 | 54 | 52 | 60 | 44 |
| **Onsedelike aanranding** | 11 | 15 | 11 | 19 | 12 |
| **Inbraak by wonings** | 156 | 135 | 187 | 193 | 97 |
| **Dwelmver-wante misdrywe** | **350** | **336** | **332** | **433** | **229** |

Volgens hierdie SAPD Misdaadverslag wissel die ouderdomsgroep van die volgende dwelmgebruikers wat gearresteer word soos volg:

| | |
|---|---|
| **Tik (metamfetamien)** | 14 – 25 jaar |
| **Dagga** | 17 – 25 jaar |
| **Mandrax** | 17 – 25 jaar |

Die volgende insiggewende bevindinge word uit die verslag aangedui:

i) In baie van die gevalle word die dwelmgebruikers eers gearresteer vir die besit van dagga, wat meer as sagte tipe dwelms beskou word, en word op 'n latere stadium óf met mandrax óf tik gearresteer.

ii) Tydens die opstel van profiele en onderhoude met die gearresteerde dwelmgebruikers kon polisiebeamptes waarneem dat die meeste dwelm-gebruikers die skool op 'n vroeë ouderdom weens huishoudelike probleme,

[23] Verslag uitgereik deur SAPD – Bellville-Suid op 27 Junie 2011.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geen vader of moeder of enkelouers, en/of groepsdruk verlaat het.

iii) Tydens hierdie onderhoude is ook bevind dat die vaderfiguur ontbreek het. Die vader is óf in die tronk weens een of ander misdaad, óf die dwelmgebruiker weet nie wie sy/haar vader is nie, of die ouers is geskei toe die dwelmgebruiker nog baie klein was.

iv) Die persoon kry as gevolg van sy of haar lae onderwyspeil nie werk nie en raak betrokke by misdaad. Sommige word in die Bellville-Suid area as wagte ("drum runners") by dwelmhuise gebruik om die dwelms te verkoop of te vervoer.

v) Sedert 2008 was daar ook 'n skerp toename van buitelanders (asielsoekers) wat met dwelms gearresteer is. Onder hierdie groep was persone met die volgende nasionaliteite: Somaliërs, Angolese, Nigeriërs en Zimbabwiërs.

### 2.4.6 Opvoeding

Bellville-Suid is goed voorsien van opvoedkundige fasiliteite. Ten spyte hiervan is die vlakke van skolastiese opvoeding relatief laag. Pogings word aangewend om dié uitdaging aan te spreek. Onlangs is 'n "Adult Basic Education Training" (ABET) sentrum by Winsley Primêre Skool geopen, waar meer as 100 persone geregistreer het.

Te midde van al die tersiêre instellings op die voorstoep van die gemeenskap, besit 'n betreklik klein persentasie van die inwoners noemenswaardige tersiêre kwalifikasies. Die rede hiervoor kan wees vanweë hul swak skoolopleiding, of gebrek aan toegang tot befondsing vir verdere studies. 'n Verdere faktor kan wees dat die ouers nie skoolfooie kan bekostig nie. Dit wissel van R300 tot R500 onderskeidelik by Bellville-Suid Senior Sekondêre Skool en Kasselsvlei Hoërskool. Volgens statistieke besit die oorgrote meerderheid 'n opvoedingsvlak tot standerd 10 (graad 12) en laer. Meer vrouens as mans het hul skoolopleiding voltooi; dit reflekteer in die hoë koers van jong seuns wat betrokke is in bende-aktiwiteite en dwelmmisbruik.

### 2.4.7 Ekonomie

Opnames toon dat die meeste families se jaarlikse huishoudelike inkomste tussen R19 201 en R153 600 per jaar is. Dit dui aan dat die laer- en eienaar-inkomste groep die hoogste is in hierdie area. 'n Beduidend kleiner aantal vrouens as mans verdien meer as R51 200 per jaar. Die meeste mense in Bellville-Suid is werksaam in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sekondêre en tersiêre sektore. ’n Redelike balans, in terme van die werkerstatus vir mans en vrouens, bestaan. Uit die opnames blyk dat die meeste mense fabriekswerkers is. Die realiteit is dat die meeste jongmense en skoolverlaters in fabrieke in en rondom Bellville-Suid werk soek. Die sterk industriële gebied in die omgewing maak dit aantreklik vir jongmense om die skool te verlaat. Daar is betreklik min mense wat selfwerkskeppende besighede bedryf, behalwe die paar wat hul eie sjebeens (smokkelhuise) bedryf vanwaar tik vryelik in die gemeenskap beskikbaar gestel word. In die omgewing is daar baie huiswinkels,die werkloosheidsyfer is hoog en diegene wat wel werk het ‘n lae jaarlikse inkomste. Formele entrepreneurskap is nie so hoog nie, maar die feit dat mense dag na dag oorleef kan dui op ’n ander vorm van entrepreneurskap.

Die navorser het die makro-, meso-, en mikrovlak beskryf. Die Rynse Kerk Bellville bevind haar in hierdie konteks van tikverslawing. Indringend is die vraag: Watter verantwoordelike rol het die kerk om te help in die stryd teen dwelmverslawing? Die studie is juis daarop gerig om vas te stel hoe die kerk haar families en lidmate begelei wat daagliks as gevolg van tik emosioneel en geestelik beïnvloed word.

## 2.5 KULTURELE MILIEU

Die doel van die demografiese data is om die impak van die heersende tendense op die kultuur van die Rynse Kerk in die gemeenskap aan te toon. Hendriks (2004:72) toon aan dat die gemeentelike analise ’n sistematiese konfrontasie met die plaaslike realiteite is. Dit is ’n belangrike impetus om prosesmatige teologie, wat ’n uitdaging vorm, te doen. Gemeentelike teologie het ten doel om die gebrek aan konfrontasie of dialoog tussen die evangelie en die plaaslike kultuur aan te spreek.

Die navorser verstaan kultuur as die sambreelterm waardeur beskryf word hoe (die manier of wyse waarop) iemand of mense van ‘n bepaalde gebied of omgewing hul sosiale, godsdienstig/religieuse, politieke voorkeure, ensovoorts, uitleef. Dit sluit in die manier waarop mense dink, praat, maak en doen, wat die totale spektrum van menswees in ‘n bepaalde kultuur beslaan.

In hierdie verband maak David Bosch (1992:447-457, in Hendriks 2004:72-73) die volgende opmerking, “that it is of the utmost importance that we, in Africa, learn to do theology from below.” Terselfdertyd is dit van belang om daarop te let dat kultuur nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staties is nie - dis dinamies, want “every moment we are being transformed, always growing – like the cells in our bodies. It changes exactly the same way as human beings change. We cannot romanticise our culture.”[24]

Om die heersende kultuur van die gemeenskap van Bellville-Suid te begryp is ’n imperatief vir die leierskap in die Rynse Kerk om dit te oorweeg. Geloofsonderskeiding is nodig om ’n weg te vind vanaf ’n geïnstitueerde beoefening van kerkwees na ‘n missionêre gemeente. Dit sal impliseer dat ‘n sterk sensitiwiteit vir die heersende kultuurstrominge (Burger 1999:66) moet ontwikkel asook hoe om binne die konteks die evangelie tot sy reg te laat kom.. Die navorser sou dan die invloed van die patriargale sisteem op sensitiewe wyse begelei en teologies en prakties die gemeente motiveer om betrokke te raak in die werklikhede en veranderende uitdagings van die gemeenskap. Gegewe die konteks waarbinne die gemeente bestaan, sal die leierskap rigtinggewend moet probeer om te onderskei wat God se leiding is ten opsigte van die sosio-ekonomiese toestande wat die gemeente konfronteer.

### 2.5.1 Die invloed van die kerk in die gemeenskap

Die navorser het gemeenskapsleiers, geïdentifiseer naamlik die raadslid van Bellville-Suid, die plaaslike kliniekbestuurder en ’n emeritus leraar en eertydse lektor aan die Universiteit van Wes-Kaap, vir onderhoude. Semi-gestruktureerde vrae, geformuleer uit Hendriks (2004:81), is aan hulle voorgehou vir hul perspektiewe van die gemeenskap en om aan te dui hoe buitestaanders die Rynse Kerk beskou.

Die afsprake vir hierdie onderhoude is vooraf gereël. Die deelnemers het toe-stemming verleen dat die onderhoude op band opgeneem word en vir die doeleindes van hierdie navorsingstuk word die terugvoering opsommenderwys by elke vraag weergegee. Tydens die onderhoude het die navorser ook aantekeninge gemaak. Die vrae is in Engels sowel as Afrikaans gestel en die deelnemers het ’n vrye keuse uitgeoefen in watter taal hulle sou deelneem. Die anonimiteit van die persone wat die inligting verskaf, is gewaarborg.

Ten einde die kontekstuele analise te kontroleer het die navorser drie persone uit die

[24] Culture: Aanlyn besoek op [22/07/2011].

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap gevra om ’n gestruktureerde vraelys te beantwoord.

## 2.6 DIE VOLGENDE ONDERWERPE WAS DEEL VAN DIE VRAE WAT DIE KERK SE INVLOED OP MIKROVLAK WEERSPIEËL

- In u opinie hoe sou u die verskillende groepe in die gemeenskap tipeer?
  *How would you typify the various groups in the community?*
- Wat sou u reken is die grootste behoeftes in die verskillende groepe in die gemeenskap?
  *What are the greatest needs of the various groups and the community at large?*
- In u opinie, wat kan elke groep bydra tot die breë samelewing?
  *What can each group contribute to the society at large?*
- Wat dink u veroorsaak konflik en spanning in die gemeenskap? (Anders gestel: heers daar vrede, of watter vorm van ongeregtigheid bestaan in die gemeenskap?)
  *What causes conflict and tension in the community? (Alternatively: is there peace; or what forms of injustice exist in the community?)*
- Wie sou u reken het mag of invloed in die gemeenskap en laat dinge gebeur of verhoed dat dinge gebeur?
  *Who has power in the community, and who can make things happen or can prevent them from happening?*
- Is hierdie mag of invloed beperk tot ’n paar invloedryke mense of is daar ’n magsbalans tussen individue of groepe?
  *Is power limited to a few influential people, or is there a balance of power among individuals or groups?*
- Hoe sien of beskou u die Rynse Gemeente in Bellville-Suid?
  *What is your opinion of the Rhenish Church in our community?*

### 2.6.1 Opsomming van die respons op die vrae

1. In u opinie, hoe sou u die verskillende groepe in die gemeenskap tipeer?

Al drie deelnemers was dit eens dat die gemeenskap hoofsaaklik uit drie groepe bestaan, naamlik die laer-, middel- en hoë-inkomstegroepe. Die oorweldigende ekonomiese groepe wissel tussen die laer- tot middel-inkomstegroepe. Die groepe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word dus verteenwoordig soos gereflekteer in die inwoners se ekonomiese situasies. Die uiterstes kom in die gemeenskap voor en gevalle is uitgewys van gesinne wat onder die broodlyn lewe, terwyl ook melding gemaak is van ’n persoon wat ’n multimiljoenêr is. Armoede in sy ergste vorm kom in die gemeenskap voor.

2. Wat sou u reken is die grootste behoeftes van die verskillende groepe in die gemeenskap?

Een van die vrae waarmee geworstel word, is die feit dat Bellville-Suid omring word deur fabrieke wat werk kan verskaf aan die behoeftiges in die gemeenskap. Volgens een deelnemer is die werkloosheidsyfer in die gemeenskap onrusbarend hoog. Vervolgens is die volgende areas van behoeftes in die gemeenskap uitgewys:

a) Oorbevolkte gesinne in klein woonplekke – die toestroming van vlugtelinge uit Afrika, veral Somaliërs, wek groot kommer;

b) Behoefte aan ’n veilige omgewing;

c) Omgee vir mekaar en veral die versorging van bejaardes;

d) Leerders se sigbare afwesigheid tydens skoolure;

e) Ouers se onbetrokkenheid by kinders se lewens en dat meer beheer oor kinders uitgeoefen behoort te word;

f) Dwelmafhanklikheid, veral tik, word uitgesonder as een van die groot redes vir die behoeftes in die gemeenskap asook die feit dat kinders hul toevlug neem tot drank;

g) Kinders wat aanspraak maak op pensionarisse se geld en dit op drank en dwelmmiddels spandeer;

h) Daar is ook ’n behoefte uitgespreek dat die kerke meer betrokke moet wees in sosiale en morele aspekte, veral dwelmmisbruik in die gemeenskap;

i) As gevolg van die agterbuurtes word higiëne ’n ernstige uitdaging. Persele word nie netjies gehou nie en te midde van die oorbevolking word boonop ’n oorvloed van diere aangehou wat ook bepaalde risiko’s inhou;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. In u opinie, wat kan elke groep bydrae tot die breë samelewing?

Uit die onderhoude blyk dit dat werkskepping deur die verskillende groepe 'n merkbare bydrae in die gemeenskap kan maak. Dit sal die gemeenskap ekonomies kan ophef. Dit is ook verder duidelik dat die gemeenskap self verantwoordelikheid moet neem en inisiatiewe aanpak om die inwoners te organiseer om hul eie probleme aan te spreek. Vaardighede kan aangewend word om verligting te bring aan die armoede in die gemeenskap. Die gemeenskap moet minder van die regering afhanklik wees deur middel van gemeenskapsorganisasies se inisiatiewe om bydraes tot die samelewing te maak.

4. Wat dink u veroorsaak konflik en spanning in die gemeenskap? (Anders gestel: heers daar vrede of watter vorm van ongeregtigheid bestaan in die gemeenskap?)

Dwelmmisbruik is ongetwyfeld 'n gemene faktor wat konflik en spanning in die gemeenskap veroorsaak. Een deelnemer het dit so uitgedruk: "Mense is moeg, radeloos en 'fed-up' van tik. Ons huise word besteel en dit frustreer mense." Die euwel van tik versteur die relatiewe vreedsaamheid van die gemeenskap.

Terselfdertyd is die onbetrokkenheid van die meeste kerke 'n groot rede tot kommer wat, volgens die deelnemers, die spanning sou kon help breek. Naas dwelmmisbruik is die oormatige misbruik van sterk drank en die gepaardgaande smokkelhuise 'n verdere bydraende faktor wat konflik en spanning teweegbring. Daar is ook gewag gemaak van die tekort in behuising, en die lang waglyste kan frustrerend wees. Met die instroming van vlugtelinge is genoem dat taal ook gronde vir spanning of konflik kan wees. Dít neem egter nie groot afmetings aan nie.

5. Wie sou u reken het mag of invloed in die gemeenskap en laat dinge gebeur of verhoed dat dinge gebeur?

Op hierdie vraag het die deelnemers aangedui dat die gemeenskap nie 'n prominente leier het nie, maar dat die persone in plaaslike regeringsposisies en gemeenskapsorganisasies wel 'n invloed in die gemeenskap het. Posisies van mag word deur die gemeenskap aan die leiers verleen. 'n Persepsie bestaan dat daar merendeels 'n apatiese houding in die gemeenskap aanwesig is. Optogte sal die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitsondering wees, behalwe in die geval die gemeenskap se stryd teen dwelm- en drankhandelaars.

6. Is hierdie mag of invloed beperk tot 'n paar invloedryke mense of is daar 'n magsbalans tussen individue of groepe?

Die mag of invloed is nie beperk tot 'n paar persone nie en word beperk in soverre die gemeenskap dit toelaat. Die gemeenskap balanseer hierdie faktor.

7. Hoe sien of beskou u die Rynse Gemeente in Bellville-Suid?

Een van die deelnemers het geen kennis van die Rynse Kerk in Bellville-Suid nie. Die ander twee het familielede wat wel lidmate in die gemeente is. Lidmate word beskryf as "stalwarts and loyal to the Rhenish tradition." Erkenning word gegee aan 'n paar invloedryke mense in die gemeenskap. Die Rynse gemeente word erken as een van die gevestigde kerke in Bellville-Suid. Die gemeente word as ekumenies beskou wat geassosieer word met die "Ministers' Fraternal." Jaarliks neem die gemeente aktief deel aan die ekumeniese dienste wat tradisioneel kerklike grense oorskry.

Uit die onderhoude is dit duidelik dat die kerkegemeenskap 'n belangrike rol te speel het om die sosio-ekonomiese en politieke vraagstukke op 'n korporatiewe basis aan te spreek.

## 2.7 GEVOLGTREKKING

Uit bostaande beskrywing kom daar kan daar afgelei dat die proses van globalisasie 'n onvermydelike uitdaging aan elke individue en gemeenskap stel. Die realiteite van globalisasie het tegelykertyd 'n definitiewe impak op alle gemeenskappe op meso- en mikrovlakke. Die toenemende interkonnektiewe karakter van alle aardbewoners, hetsy politieke, ekonomiese en sosiale lewe, is ondubbelsinnig duidelik (Schreiter 1998 in Hendriks 2004:27). Globalisasie is inderdaad 'n fenomeen wat alle samelewingsverbande ingrypend verander. Die effek van globalisasie op 'n bepaalde kultuur is ontsaglik groot en uiteenlopend. Dit beïnvloed mense se kulturele gedrag op verskillende wyses. 'n Gemeenskap word dikwels genoop om hul lewenswyses aan te pas of te verander.

Globalisasie vorm die raamwerk waarbinne die snel sosiale veranderinge wêreldwyd

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verstaan moet word. Dit het bepaalde gevolge wat die kerk en haar roeping beslis raak. Die wêreld met al die uitdagings, met inbegrip van dwelmhandel as 'n sosio-ekonomiese aktiwiteit, bied 'n uitdaging en terselfdertyd 'n geleentheid aan die kerke se wêreld om te onderskei waar God werksaam is. Een van die grootste uitdagings is om 'n gestuurde kerk te wees en tot geestelike volwassenheid te groei. Tereg is Hendriks (2004:35) van mening dat 'n gemeente geloofsonderskeidend haarself onder leiding van God moet inoefen en betrokke in die gemeenskap word. Die navorser het aangetoon dat verskillende faktore wel 'n invloed uitoefen op die gemeenskap. Aangesien 'n gemeente 'n integrale deel van die gemeenskap is kan sy haarself nie isoleer van die realiteit van die samelewing nie. In die lig daarvan word die gemeente nie ongeraak gelaat deur die realiteit van tikverslawing en is 'n ondersoek na die identeit van die gemeente noodsaaklik. Die volgende hoofstuk sal fokus op die identeitsanalise van die gemeente.

# HOOFSTUK 3

## IDENTITEITSANALISE VAN DIE RYNSE GEMEENTE

### 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bestaan uit 'n etnografiese navorsing wat gedoen word aan die hand van die agt vrae saamgestel deur die Suider Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes (SAVGG). Op grond hiervan sal 'n identiteitsanalise van die gemeente beskryf word (Hendriks 2004:105-142). Osmer (2008:4) se eerste twee vrae, naamlik 'Wat gaan hier aan?' en 'Waarom gaan dit aan?' lei hierdie praktiese-teologiese ondersoek om nie slegs beskrywend van aard te wees nie, maar ook om in die lig van tikverslawing te vra: 'Watter rol kan die kerk speel om die geaffekteerdes op sinvolle wyse tot diens te wees'. Hierdie hoofstuk sal poog om die identiteit van die gemeente te interpreteer. Dit kan rigtinggewend wees met betrekking tot die rol wat die kerk kan speel om singewend behoeftige families te ondersteun in die stryd met tikverslawing.

### 3.2 IDENTITEITSANALISE

Elke gemeente het 'n bepaalde identiteit met sy eie unieke eienskappe. Volgens Burger (1999:56) lê gemeentes se identiteit in hul eksklusiewe verhouding met God, want die gemeente behoort aan Hom. Hierdie verhouding is op 'n persoonlike vlak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat tussen die groep mense en die Drie-enige God bestaan. Die eksklusiewe verhouding vorm die groep op ŉ spesifieke manier op so ŉ wyse dat hulle ŉ sub-kultuur ontwikkel in die breër kultuur waarbinne hulle leef. Identiteit beskryf persoonlikheid, terwyl kultuur die wêreld, waardes en die manier hoe mense dinge doen beskryf (Hendriks 2004:105). Volgens Carrol (1986 soos aangehaal in Hendriks 1992:165), word identiteitsanalise gedefinieer as "the perception of its culture by either an observer or the congregation itself."

## 3.3 BEGRONDING VIR DIE GEMEENTELIKE IDENTITEITSANALISE

In kwalitatiewe navorsing word, onder andere, gepoog om ŉ sekere persoon, plek of bepaalde fenomeen te verstaan, of te bepaal wat dit beteken. In hierdie verband haal die navorser graag aan wat deur Ellison en Keifert[25] (2010:303) genoem word:

> The purpose of interpretive research is to understand ... [I]f a project can gather enough thick description, history, story, and metaphor around the question and deeply examine this descriptive data, discovering some significant patterns that can be verified by either other researchers, or, better, by the person(s) being researched and thus have reliability, one can claim understanding of the phenomenon.

In die onderstaande figuur[26] word etnografiese navorsing diagrammaties voorgestel.

[25] Ellison en Keifert soos aangehaal uit *Walk humbly with the Lord: Church and mission engaging plurality*, 2010, Mortenson & Nielsen (eds).Sien Bibliografie.

[26] Figuur 1 is oorgeneem uit *Walk humbly with the Lord: Church and mission engaging plurality*, (2010) p305.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za




Babbie en Mouton (2001:280) sê: "Ethnographic studies mainly use interviewing techniques and participant observation as methods of data gathering." Mortensen en Nielsen (Ellison en Keifert soos beskryf in Mortensen en Nielsen (Ed.)(2010:305) omskryf etnografie as 'n

> special social science research methodology under the larger heading of interpretive research. The point of ethnographic is to achieve what the word literally means, to put a culture into writing (either in print, in pictures, or in electronic media). The culture can be as small as the culture in a circle of three teenagers in a youth program or as large as a social system like an entire church body.

Etnografie en deelnemende waarneming beskryf die kultuur volgens Babbie en Mouton (2001:279). Die belangrike kern van hierdie aktiwiteit het ten doel om die konteks vanuit die kultuur te lees. Dis belangrik om daarop te let dat "Field work, then, involves the disciplined study of what the world is like to people who have

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

learned to see, hear, speak, think and act in ways that are different." Volgens Babbie en Mouton impliseer etnografie eerder om van mense in hul konteks te leer as om hulle te bestudeer. In hierdie opsig meld Keifert (2006:152) dat "toegepaste etnografie 'n vorm van etnografie (kultuurkunde) is waarin die kultuur van 'n groep beskryf word uit die oogpunt van diegene wat in daardie kultuur leef."

Babbie en Mouton (2001:281) se teorie oor *case studies,* met betrekking tot onderhoude, is gebruik. "The case study is an intensive investigation of a single unit. Case studies take multiple perspectives into account and attempt to understand the influences of multilevel social systems on subjects, perspectives and behaviours."

## 3.4 PROFIEL

Die Rynse Kerk Bellville bestaan uit ongeveer 160 lidmate met 40 dooplidmate. Die gemeente is in 1926 deur 'n leraar gestig wat opgelei is deur die Rynse sendelinge. Aanvanklik was die gemeente deel van die Rynse Kerk Sarepta wat later deel van die NG Sendingkerk (dit heet tans die Verenigende Gereformeerde Kerk of te wel die VGK) geword het.

Die Rynse Kerk te Bellville-Suid het 'n "sieletal" van ongeveer 700 lede (Kotze 1976:19) gehad, maar moes heelwat lidmate afstaan vanweë die oorname van die gemeente deur die Morawiese Kerk (1951) en lidmate wat met die uitbreiding van die woongebiede by ander kerke aangesluit het. Lidmate is toenemend afgestaan aan "nuwere" genootskappe en ander kerklike groeperinge. Boonop is die leiding in die gemeente deur die kerkraad geneem, ondersteun deur 'n konsulent. Die gemeente is in 'n voorstedelike gebied geleë, omring deur talle ander kerkgenoot-skappe. Die woonbuurt waarin die gemeente gevestig is, wissel tussen middel- en lae inkomstegroepe. Daar is 'n toename van vlugtelinge uit ons noordelike buurlande, wat hulself in dié woonbuurt kom vestig. Die sosiale uitdagings wat die gemeente in die gesig staar, is onder andere: dwelmverslawing, werkloosheid, tienerswangerskappe, drankmisbruik, ensovoorts.

### 3.4.1 Gemeentelike strukture

Geen analise vind in 'n lugleegte plaas nie. 'n Identiteitsanalise maak lidmate se oë oop om te kan sien in watter groot mate hulle tog 'n produk van hulle tyd en omstandighede is en om oor hul roeping te besin (Hendriks 1992:165). Die gemeente evalueer self sy identiteitsbewussyn, sy funksionering en struktuering (Nel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1994:160). Die gemeentelike bedieningspraktyk is geskoei op die tradisionele instituut-verkondigingsmodel - eintlik 'n wisselwerking tussen die twee. Die instandhouding van bepaalde kerklike tradisies is van uiterste belang. Die persoon van die leraar het 'n deurslaggewende rol in die leierskap van die gemeente gespeel. Die potensiaal geleë in die gawes van die lidmate kon beter ontgin word. Die geestelike leierskap wentel *hoofsaaklik* rondom die persoon van die predikant. Die pendulum is vir die afgelope dekade stelselmatig en moediglik geswaai om die klem te laat verskuif na die roeping, taak en verantwoordelikheid van alle gelowige. In hierdie verband is baie tyd en energie in beslag geneem om aanpassende prosesse van verandering midde-in die gemeente te bevorder.

Die gemeente word bestuur deur die plaaslike kerkraad bestaande uit die leraar, drie ouderlinge en vier diakens. Die gemeente is ingedeel in vier wyke wat deur die kerkraad bedien word. Die gemeentelike verslae aan die Sinode en die Streeksraad vir die laaste drie jaar (2009 – 2011) toon die getalsterkte van die gemeente.

| **Jaar en Lidmaattal** | **2009 (130)** | **2010 (146)** | **2011 (156)** |
|---|---|---|---|
| **Kerkraadslede:** | 8 | 7 | 7 |
| **Sustersvereniging:** | 8 | 7 | 7 |
| **Jeugvereniging:** | 15 | 25 | 14 |
| **Sondagskool:** | 25 | 21 | 23 |
| **Gebedskring:** | 10 | 10 | 10 |

Bostaande analise toon 'n duidelike prent van die aantal mense wat betrokke en funksionerend is. Hierdie analise het ten doel om die toestand en situasie wat tans in die gemeente heers, te verduidelik. Dis belangrik om hieruit nie 'n veroordelende aanduiding te projekteer nie, maar eerder ondersoekend te vra of die gemeente moet reformeer, reaktiveer of reorganiseer (Van Zyl 1987:33). Om getalle te gee is weliswaar nié al vorm van analise wat bestaan nie, maar is ook belangrik.

Volgens Louw (1987:82-91) kan daar onderskei word tussen drie verskillende metodes van analitiese benaderings, te wete analise as verkenning, as diagnose en evaluasie.

*Verkennende analise* beteken dat die situasie van die plaaslike gemeente

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

metodologies verken word met die oog op die verkryging van ’n betroubare beeld of profiel van die gemeentelike situasie. Deur hierdie vorm van analise kan heelwat van die gemeente se huidige toestand geopenbaar word en as rigtingwysers vir die pad vorentoe dien (Louw 1987:84).

*Diagnostiese analise* dui op ’n gereelde simptomatiese ondersoek na die algehele gesondheidstoestand van die gemeente ten einde bedag te wees op moontlike siektetoestande en die effektiewe bestryding daarvan. Effektiewe diagnose en toepaslike behandeling sal daarom die kwantitatiewe, kwalitatiewe en organiese groei (d.w.s. groei in getalle, in geestestoestand en in sekere patrone) van die gemeente positief bevorder (Louw 1987:88).

*Evaluerende analise* beteken dat die gemeente self betrek word in die beoordeling van die effektiwiteit van die gemeente se funksionering in die lig van sy wesenlike doelstellinge. Dit kan geskied deur die uitdeel en bespreking van anonieme vraelyste of die bespreking van vraelyste in groepsverband, byvoorbeeld in wyksbidure. Dit is egter belangrik dat die gemeente deeglik voorberei word vir hul deelname aan die evaluerende analise (Louw 1987:91).

## 3.5 LEESVERSLAG VAN DIE RYNSE KERK BELLVILLE

Die volgende agt vrae is gedurende 2010 aan 25 lede van die gemeente afsonderlik gevra en hul antwoorde is deur die navorser aangeteken. Die vrae is uit ’n ongepubliseerde artikel van Marais en Taylor-Ellison (2007:5-6) geformuleer. Hierdie etnografiese data verdiep ook ’n beter verstaan van die Rynse Kerk Bellville se identiteit. Dié vrae het die navorser gehelp om te verstaan hoe ’n spesifieke gemeente reageer op hul kontekstuele transformasie (in hierdie geval verandering in die buurt met die toestroming van vlugtelinge uit Afrika asook die ernstige toename in dwelmhandel en misbruik daarvan).

Dis belangrik dat ’n gemeente in dialoog tree met haar geskiedenis en kultuur om ’n beter verstaan van sy eie unieke weergawe ten opsigte van die veranderinge wat besondere uitdagings stel (Maras & Taylor-Ellison 2007:2). In missionale terme beteken dit om die gemeente te help ontwikkel om ’n dieper verstaan van dit wat die Drie-enige God besig is om te doen deur die plaaslike gemeente in verskillende omgewings en situasies, veral in tye van omvattende veranderinge. ’n Diepe luister

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na die kultuur van die Rynse Kerk Bellville word hieronder deur ’n objektiewe verslag soos deur die luisterspan opsommenderwys beskryf.

Hierdie vrae het ’n gelowige en eerlike beskrywing van hulself gegee en reflekteer die identiteit van die gemeente.

Die opsomming van die terme vir die 25 persone is as volg gedoen:

## 3.6 DIE ONDERHOUDE MET DIE LIDMATE WAS DIE VOLGENDE

a) Beskryf die gemeente aan ’n nuwe persoon.

b) Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ’n volgeling (dissipel) van Jesus te wees?

c) Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.

d) Beskryf ’n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.

e) Vertel van ’n situasie waarin jy en/of ander mense by ’n probleem of konflik by die kerk betrokke was, en hoe dit hanteer is.

f) Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente en wat gee jou hoop?

g) Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope drie tot vyf jaar in die gemeente plaasgevind het.

h) Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope drie tot vyf jaar in die samelewing/gemeenskap rondom julle plaasgevind het?

### 3.6.1 Opsomming van die respondente

Die gemeentelede wat deelgeneem het, vertoon ’n goeie verspreiding van albei geslagte, met min of meer ewe veel mans en vroue wat deelgeneem het. Die ouderdomsverspreiding lê oorwegend aan die volwasse kant, met een persoon in die 20s, vyf in die 30s, sewe in die 40s, vyf in die 50s, vyf in die 60s, en twee persone in die 70s, met ’n somtotaal van 25 gemeentelede wat ondervra is. Hierdie 25 persone is ook ewewigtig gekies om die belangrike groepe van besluitnemers, betrokke lidmate en persone op die rand te verteenwoordig. In ons ervaring is die getal van 25 lidmate ’n volledige groepering, en kan die inligting wat vanuit hierdie groepering

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkry word, as geldig en waardevol beskou word.

Die betrokkenheid van die gemeentelede wat die vraelyste beantwoord het, word oorwegend in dekades gemeet, met 23 respondente wat langer as 10 jaar in die gemeente is. Dit laat ons met net twee persone wie se betrokkenheid tussen twee tot vyf jaar onbekend is. Aan die een kant is hierdie dus ’n groepering wat goed vertroud is met die gemeente se geskiedenis en werksaamhede en, aan die ander kant, ook ’n groep wat gewoond is daaraan. Vraelyste aan lidmate wat korter betrokke is, kan dalk ‘n ryker weergawe van die verhaal vertel.

### Vraag 1: Beskryf die gemeente aan ‘n nuwe persoon

Op hierdie vraag is dit duidelik dat ’n groot groep van die respondente die gemeente as ’n intieme familie beleef. Uitdrukking is gegee aan die ervaring van die nabyheid wat die verhoudings aan die gemeente verleen. ’n Goeie voorbeeld is waar een respondent genoem het: “Die gemeente is ’n redelike close family.” Van die 25 respondente het 15 gemeld dat die gemeente ’n intieme spasie deel.

Heelparty van die gemeentelede is bewus van die identiteit van die Rynse Kerk soos in haar geskiedenis vasgelê. Sewe van die respondente toon ’n ingeligte begrip vir die uniekheid van die Rynse Kerk, en voel baie trots hierop. Die gemeente word ook gesien as ’n behoudende evangeliese Kerk wat deel uitmaak van die groter hoofstroomkerke. Die gemeente word gesien as standvastig en nie ’n groep wat vinnig verander nie.

Sommige gemeentelede beleef dat die gemeentelede aan die ouer kant is, en dat dit dui op ‘n tendens by die jongmense om weg te raak.

### Vraag 2: Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ‘n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees?

Uit die antwoorde op hierdie vraag is dit oorweldigend duidelik dat die gemeente veel waarde uit die erediens put, en hulself beskou as mense wat uit die Woord van die Here lewe. Dit is duidelik vanuit die antwoorde dat daar baie verwag word van die eredienste, en dat daar inderdaad ook lering, opbou, gemeenskapsvorming en bemagtiging in die erediens plaasvind. Dit is moontlik dat hierdie sentrale gebeurtenis in die lewe van die gemeente soms swaar onder die druk van die verwagtings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan gaan. Dit is hiermee saam ook duidelik dat die leraar ‘n sentrale rol in die erediens speel, en dat baie van wat die gemeentelede oor dissipelskap leer, van hom kom.

Uit die antwoorde is daar aanduidings dat daar wel in die gemeente ook ander plekke is waar gemeentelede blootgestel word aan idees en ervarings wat die idees van dissipelskap aan hulle duideliker maak. Die netwerke in hierdie geloofsfamilie lewer ook ’n bydrae in hierdie verband.

**Vraag 3: Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.**

Die gemeente toon groot dankbaarheid vir die genade van die Here, en sien dit op verskeie plekke in hul saamwees. Die erediens lewer verskeie ervarings wat die teenwoordigheid van die Here in hulle lewens bevestig. Op verskillende maniere word God dan ook in die erediens beleef: deur saamwees, die prediking, die sang, en veral deur gebed. Gebed speel ’n kardinale rol in die lewe van die gemeente om hulle ontvanklik vir die werking van die Gees te maak.

’n Paar geleenthede/situasies buite die erediens word ook as vol van die Here se teenwoordigheid beleef. Veral belangrik hier is hoe die gemeente beleef dat die Here voorsien as dit by finansies kom.

**Vraag 4: Beskryf ‘n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.**

Ook hier bevestig die antwoorde van die respondente dat die erediens die hartklop van die Rynse Kerk is. Veral die nagmaal word besonder intens beleef en ervaar, met gebed wat die lidmate toegang gee tot die wonderlike gebeure wat hulle in die erediens beleef. In gebed kry baie van die lidmate die geleentheid om hul lewens voor die Here neer te lê en verhoring te ondervind. Dit wil voorkom asof die gemeente ook besondere waarde put uit die tye wanneer daar saamgesing word.

**Vraag 5: Vertel van ’n situasie waarin jy en/of ander mense by ’n probleem of konflik by die Kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die antwoorde is dit duidelik dat die Rynse Kerk reeds goed aan hul eie hanteringsmeganismes begin werk het om konflik uit die weg te ruim. Dit blyk dat konflik op een van drie maniere in die gemeente hanteer word:

i. Deur middel van broederlike gesprekke tussen die partye. Dit blyk dat die leraar hier ŉ groot en bepalende rol speel.

ii. Geen oplossing nie, dit word gelaat om oor te waai.

iii. Deur eie nadenke.

Verreweg die meeste mense in die onderhoude kan aan opgeloste konflikte dink. Dit beteken dat die gemeente wel ‘n goedontwikkelde vermoë het om konflik deur te sien, maar dat dit moontlik is dat daardie taak dalk deel van die amptelike werk van die predikant geword het.

**Vraag 6: Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou hoop?**

ŉ Deurlopende tema in die antwoorde op hierdie vraag dui daarop dat die jong generasie vir die Rynse Kerk baie belangrik is. Vele respondente antwoord op hierdie vraag negatief wanneer hulle aan die geslag wat hulle nalaat, dink. Die afname in getalle, veral dié van die jonger geslag (18-35), veroorsaak vrees by talle gemeentelede. Interessant is dat die jongmense wel hul band met die gemeente behou wanneer daar getrou en gedoop word.

ŉ Mens kry ook die gevoel dat sommige gemeentelede wonder of die gemeente as ŉ geheel die samelewing goed, of enigsins, beïnvloed. Die mense uit die gemeenskap is nie noodwendig altyd die mense in die Kerk nie. Sommige lidmate is selfs ŉ entjie weg.

Die gemeente ervaar egter dat die Here besig is met hulle deur die veranderinge wat ook in die Kerk te bespeur is.

**Vraag 7: Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope drie tot vyf jaar in die gemeente plaasgevind het.**

Die antwoorde op hierdie vraag dui op ŉ gemeenskap wat vertroue in hulle leiers toon deur positiewe belewenisse van die veranderinge. Dit lyk of die gemeente méér

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gereed is vir nog ’n paar nuwe dinge as wat hulle self besef. Die gemeente verskaf genoegsame veiligheid aan die leraar, en die leraar aan die gemeente, dat daar met groter vrymoedigheid geëksperimenteer kan word. Die gemeente blyk ook volwasse genoeg te wees om op ‘n dieper vlak met die eredienste om te gaan.

**Vraag 8: Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope drie tot vyf jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?**

Die merkwaardige prentjie wat mens kry vanuit die antwoorde op hierdie vraag, is dat die gemeente se belewenis van veranderinge in die samelewing amper direk die teenoorgestelde is van hulle belewenis van die veranderinge in die gemeente. Die intieme familie wat ons in die gemeente aantref, is onder beleg in die samelewing. Gemeentelede beleef sedelike verval, instroming van vreemdelinge, onverwerkte vrese, uitdagings vanaf die dwelmkultuur, en ‘n algemene ontnugtering met ‘n snel veranderende wêreld.

## 3.7 GEVOLGTREKKING

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om die gemeente se identiteit en kultuur te probeer bepaal deur middel van oorsigtelike analise en aan die hand van vraelyste, en uit die antwoorde wat die lidmate verskaf het. Die gemeente het ’n baie sterk konserwatiewe en institusionele identiteit gehad wat as gevolg van tik en al die samelewingsveranderinge die geslote en hegte familie identiteit van die gemeente totaal ontnugter het. Tans is die gemeente in terme van haar identiteit eerder ’n radelose, amper magtelose ontnugterde gemeente wat onseker is hoe om uit die dilemma waarin hulle verkeer, uit te kom. Die navorser kon ‘n duidelike patroon van die uitdagings en probleme, wat die gemeenskap radeloos maak, waarneem, veral ten opsigte van dwelmmisbruik en die destruktiewe effek daarvan. Dis duidelik dat die globalisasie en die politieke verwikkelinge ook ‘n invloed het op die identiteit van die gemeente. Dit beteken nie dat die gemeente noodwendig haar identiteit moet abdikeer nie, maar dit beteken wel dat die gemeente paradigmaskuiwe moet maak. Die gemeente behoort haarself oop te stel vir verantwoordelike vernuwing en tred hou met die wêreld om haar. Na die oordeel van die navorser kan dit slegs gebeur as daar opnuut op God gefokus word en as die missionale wese van die kerk se identiteit herontdek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

# GEVOLGE VAN METAMFETAMIEN (TIK) GEBRUIK OP FAMILIES EN GEMEENSKAPPE

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk bied die navorser 'n oorsig oor metamfetamien (tik). Dit sal inligting met betrekking tot hierdie dwelm verskaf. Die navorser sal 'n kort beskrywing aanbied van metamfetamien en die uitwerking daarvan op families, wat deur die gevallestudies in die volgende hoofstuk beklemtoon sal word. Volgens vroeër navorsing[27] (September 2008:VI) word metamfetamien (MA) wêreldwyd met jongmense geassosieer. In Suid-Afrika, word gemeen dat MA verantwoordelik is vir die snel groeiende verslawingskoers, veral tussen persone onder die ouderdom van 20.

## 4.2 GESKIEDENIS VAN METAMFETAMIEN

Sedert hierdie dwelmmiddel, amfetamien en metamfetamien, vir die eerste keer in 1887 gesintetiseer is, het dit 'n lang geskiedenis van misbruik (Beebe & Walley 1995:449-453). In 1932 was hierdie komponente in die handel beskikbaar as 'n neussproei om asma te behandel, en in 1937 is amfetamien in tabletvorm geproduseer en toe gebruik is om narkolepsie te behandel (Beebe & Walley 1995:449-453). Die verslawende euforiese bestanddele met stimulerende effekte sowel as onderdrukkende aptyt is waargeneem, en wydverspreide verslawing is opgemerk. Amfetamien-verslawing is ook gedurende die Tweede Wêreldoorlog gedokumenteer tussen die verskillende weermagte (1995) en het mettertyd ontwikkel in talle variasies en gebruiksmetodes (September 2008:2).

## 4.3 WAT IS METAMFETAMIEN (TIK)?

In 'n strooibiljet van die Christelike Lektuurfonds (12/05) word na tik verwys as "die dodelike dwelm op ons voorstoep." Volgens hierdie artikel word tik soos volg beskryf: "Die wetenskaplike benaming vir Tik is **Metamfetamien**, 'n kragtige verslawende stimulant wat die sentrale senuweestelsel affekteer. Dit word kortliks crystal meth

[27] September, Roxanne, 2008. Ongepubliseerde M.A. Sielkunde navorsing: "A case study examining the experiences of a methamphetamine addict and its impact on family relationships." Universiteit van Wes-Kaap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

genoem en het ’n verskeidenheid straatname soos *‘tik,’ ‘tuk-tuk,’ ‘crystal,’ ‘speed’* en *‘straws and globes.’”*

Ander bronne (Houston & Sygma 10, in *Makkerberading* so ook *Toevlug Nuus* 2008:7-8) verwys na tik as “Hitler se dwelm” omdat Nazi soldate dit gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die vorm van “pervitin” gebruik het om hulle geweldadig, wakker en gefokus te hou. Die naam “tik” is afgelei van die kenmerkende kraakgeluid wat ontstaan wanneer die dwelm vir gebruik verhit word. “Crystal” dui op die voorkoms van die dwelm - dit lyk gewoonlik soos growwe soutkristalle. “Straw” verwys na die manier waarop dit verpak en te koop aangebied word - gewoonlik in strooitjies waarvan albei ente toegebrand is. Dié strooitjie word gebruik om die dampe wat deur die verhitte dwelm afgeskei word in te asem. Normaalweg word dit in gloeilampies gerook.

Tik is ’n stimulant wat die sentrale senuweestelsel stimuleer en die funksie van die verskillende organe versnel. Volgens Fishbein en Pease (1996:194) is metamfetamien “an insiduous and dangerous form of amphetamine, brand name: Benzedrine. Methamphetamine is a powerful addictive stimulant.” Die uitwerking van die middel is ’n uiters intense gevoel van genot wat vir ’n paar minute duur, gevolg deur ’n gevoel van euforie (geluksaligheid) wat ure lank kan voortduur. Gebruikers bly dae lank wakker, voel energiek, vol selfvertroue en word nie honger of dors nie. Na hierdie gevoel tree daar gewoonlik ’n toestand van uiterste depressie en uitputting in.Tik word hoofsaaklik deur jongmense gebruik, omdat dit ’n valse gevoel van selfvertroue skep en omdat dit aan hulle ook ’n valse gevoel van mag verleen.“Globes” dui op die huishoudelike gloeilampe waarvan die kopergedeelte afgebreek en die lamp dan gebruik word om die dwelm te rook. Tik word hoofsaaklik verpak en in plastiese strooitjies verkoop. Die prys wissel tussen R40 en R60 per strooitjie. Tik is verkrygbaar in verskillende vorms wat wissel van ’n fyn poeierige middel tot groter kristalle. Dit kan gesnuif, gedrink of gerook word. Persone voel dat hulle in staat is om enigiets te kan doen en dat hulle volkome in beheer is.

### 4.3.1 Kort- en langtermyn effekte van tikgebruik

Metamfetamien het ’n verskeidenheid van lang- en korttermyn gevolge wat wissel van “an intense sense of euphoria (a ‘high’) to more severe consequences such as mental health difficulties or cardiovascular problems” (Plüddemann *et al*. 2007;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Herman-Stahl, Kabs, Kroutil & Heller 2006: 1003 - 1015; SATFBB 2006). Korttermyn effekte sluit in “euphoria, increasing confidence and self-esteem, a curbed appetite, irritability, anxiety, pleasurable feelings, insomnia, a heightened sex drive and formication (SATFBB 2006; Plüddeman *et al*. 2007; Health 24 2008). Hierdie invloede verskil tussen alle gebruikers daarvan en hang ook van die hoeveelheid tik wat ingeneem is. Volgens Caelers (2004) is die langtermyn gevolge meer kronies, met 94% wat dit rook wat verslaaf word daaraan, en 74% wat dit snuif (“snorting”). Kroniese misbruik het nagevolge soos “psychotic episodes, homicide and suicide, hallucinations, paranoia, and heart diseases” (SATFBB 2006; Health 24 2008). Volgens Health 24 (2008) is tik verantwoordelik vir “increases [in] heart rate and blood pressure, which can lead to damage to the blood vessels of the brain and in turn produce strokes.”

## 4.4 DIE GEVARE VAN TIK

Volgens *Toevlug Nuus* (2006:8) word die volgende gevare, wat gepaard gaan met die gebruik van tik, uitgewys:

- Oordosering vind maklik plaas aangesien die poeier dikwels met ander bestanddele gemeng word. Hierdie bestanddele sluit in: babapoeier, bakpoeier, stysel, glukose of selfs rottegif. Die gebruiker is dikwels nie bewus van die graad van suiwerheid wat aangekoop word nie, en die gevaar bestaan dat die gebruiker onbewustelik ’n te groot dosis kan neem.
- Verslawing is ’n baie sterk moontlikheid. Ongeveer 94% van persone wat dit ses maande of langer gebruik, raak daaraan verslaaf.
- Gewelddadigheid, moord en selfmoord is ander sterk moontlikhede. Gereelde gebruik lei tot woede, uitbarstings, angstigheid, verwarring en die gebruiker kan psigoties word.
- Beroerte en asemhalingsprobleme kan ontstaan. Metamfetamien laat die hart vinniger klop en verhoog die bloeddruk.
- Breinskade is ’n sterk moontlikheid. Verskeie dele van die brein word aangetas en in baie gevalle is die toestand onomkeerbaar.
- Verhoogde MIV/Vigs risiko’s. Gebruikers raak seksueel meer aktief en onverantwoordelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 4.5 DIE VOLGENDE TEKENS WORD GEWOONLIK DEUR DIE GEBRUIK VAN TIK AANGEDUI

- ‘n Afname in eetlus
- vergrote kykers
- gewigsverlies
- aggressie
- droë lippe
- vinnige spraak
- gebrekkige konsentrasie
- angstigheid
- hoor van stemmetjies en sien van dinge wat nie bestaan nie (hallusinasies)
- gereelde erge hoofpyne
- oormatige selfvertroue
- buitengewone energie
- veranderinge in kleredrag, vriende en taalgebruik.

Tik word deur baie kenners beskryf as die gevaarlikste dwelm omdat dit die lewens van jongmense so jonk as nege jaar onherroeplik kan verwoes. Dwelmafhanklikheid word deur Schaffa (2001:321) geïdentifiseer as “a maladaptive pattern of substance use manifested by recurrent and significant adverse consequences related to the repeated use of substances, such as failure to fulfil major role obligations at work, school and home.”

## 4.6 WAAROM IS TIK SO GEWILD?

Soos gerapporteer,[28] is die volgende redes aangevoer vir die gewildheid van die gebruik van tik:

- dit is vrylik beskikbaar. Dit word plaaslik vervaardig en is redelik maklik en koste-effektief om te maak. Boonop word net ’n klein ruimte vir die maak daarvan benodig;

[28] Berig in *Die Burger* van 27 Desember 2007.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- dit word baie doeltreffend aan kwesbare jong mense bemark en doen aan hulle wat hulle wil hê - dit gee aan hulle baie energie en laat hulle onaantasbaar en belangrik voel;
- die gevoel van waaksaamheid en aggressie wat die gebruik van die dwelm tot gevolg kan hê, maak dit ook aantreklik vir bendelede;
- in Amerika word verslanking dikwels as rede vir tikgebruik aangevoer, maar in Suid-Afrika is dit in 'n mindere mate die geval.

## 4.7 DIE DWELMTONEEL ONDER DIE JEUG[29]

'n Artikel in *Toevlug Nuus* (2006:7-14), die nuusblad van 'n rehabilitasiesentrum in Worcester, skets die dwelmtoneel onder die jeug. Oor die afgelope paar jaar het die gebruik en misbruik van dwelms onder jongmense en kinders letterlik verdriedubbel.

Ongeveer 58% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking is jeugdiges. Tans ondervind ruim 34% van hierdie jeugdiges tussen die ouderdomsgroepe 12 en 16 jaar reeds alkohol-probleme. 'n Verdere 25% erken dat hulle ook probleme met ander tipes dwelms ondervind.

Dit word bereken dat vier uit elke vyf jeugdiges minstens al met een of meer dwelms, onder andere nikotien, alkohol, dagga, ensovoorts, geëksperimenteer het voordat hulle die ouderdom van 14 jaar bereik het.

Die mees algemene dwelms wat deur Suid-Afrikaanse tieners gebruik/misbruik word, is: alkohol, nikotien, dagga, mandrax, snuifmiddels, en oor-die-toonbank middels.

### 4.7.1 Moontlike redes vir dwelmmisbruik onder die jeug

a) Gebrek aan gesonde waardes.
b) Portuurgroepdruk.
c) Gebrek aan kommunikasie-vaardighede.
d) Onvermoë om gevoelens te hanteer.
e) Gebrek aan rolmodelle in die gemeenskap/gesin.
f) Vryelike beskikbaarheid van dwelms.
g) Onvermoë om eie probleme op te los.

[29] Mouries, E. 2007. Ongepubliseerde MTh Tesis, Universiteit Stellenbosch, Desember 2007.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

h) Swak selfbeeld.

i) Druk van die hedendaagse samelewing.

j) Veranderde lewensomstandighede.

k) Nuuskierigheid.

l) Swak gesinsverhoudinge.

m) Eensaamheid.

n) Vrees vir mislukking (*Toevlug Nuus* 2006:12-14).

### 4.7.2 Hoe kan 'n jongmens die versoeking van dwelmisbruik weerstaan?

a) Maak verskoning.

b) Sê jy wil eers vasstel wat die middel behels.

c) Bly weg van situasies waar versoekings skuil. Kies jou vriende reg.

d) Verander die onderwerp.

e) Leer om te weier.

f) Wees bereid vir verwerping.

g) Wees trots oor elke sukses.

h) Ontwikkel jou eie waardes.

i) Praat oor jou gevoelens.

j) Bly by jou beginsels.

### 4.7.3 Wat kan ouers doen om kinders teen dwelmgevare te beskerm?

a) Leer u kind ken, maak tyd om met u kind te gesels en veral te luister.

b) Praat met kinders oor dwelms.

c) Wees betrokke by u kind se skool.

d) Help u kind met sy vryetydsbesteding.

e) Help u kind om self sy probleme aan te spreek.

f) Toon begrip as u kind foute maak.

g) Leer kinders om nee te sê.

h) Help kinders om gesonde waardes te ontwikkel.

i) Wys dat jy omgee.

j) Respekteer u kind. (*Toevlug Nuus* 2006:12-14)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 4.7.4 Waarom jongmense so maklik die prooi word van dwelm-afhanklikheid

Uit 'n kursus in middelafhanklikheid deur die Christelike Afhanklikheidsbediening (CAB) het die navorser die volgende opsommenderwys aangeteken:

a) Die vervlakking van lewenswaardes (eerlikheid, betroubaarheid, respek vir ander) in 'n samelewing waarin korrupsie hoogty vier;
b) Die onvermoë van kinders om gevoelens (van kritiek, pyn of verwerping) te kan hanteer;
c) Veranderde houding teenoor dwelms (die misbruik van dwelms word oogluikend in ons gemeenskappe aanvaar). As hulle die onverskillige omgang van volwassenes met dwelms gadeslaan is dit vir hulle maklik om die voorbeeld van die volwassenes te volg en dwelms te begin gebruik om die eise van die lewe die hoof te bied;
d) Portuurgroepdruk. (Kinders het vriende van ongeveer dieselfde ouderdomsgroep en, in die oë van jou vriende, wil jy gewoonlik goed vertoon. Ongelukkig is dit ook so dat verkeerde vriende jou in 'n rigting kan forseer waarin jy nie werklik wil gaan nie. Indien kinders nie leer om daardie druk te weerstaan nie, is dit maklik dat vriende jou ook kan oorreed om skadelike dwelms te gebruik);
e) Nuuskierigheid. (Die wyse waarop dwelms geadverteer word wek dikwels 'n gevoel van "ek wil dit ook probeer," wat op sy beurt lei tot die gebruik van skadelike dwelms);
f) Swak gesinsverhoudinge. (60% van die kinders wat met dwelms deurmekaar raak is afkomstig uit gesinne waar dit nie goed gaan nie. Onderlinge verhoudinge is swak, dissipline ontbreek en gee aanleiding daartoe dat kinders al meer hul geluk buite die huis wil beproef met dikwels katastrofiese gevolge);
g) Vrees vir mislukking. (Kinders se selfbeeld kry dikwels 'n knou deurdat ouers of ander rolspelers in die kinders se lewens hulle laat voel dat hulle op een of ander wyse tekortskiet. 'n Voorbeeld hiervan is dat ouers dikwels kinders met mekaar vergelyk. Die outjie wat sukkel word afgespeel teen sy ander broer wat gemaklik deur die lewe gaan. Dit skep 'n gevoel van mislukking wat uiteindelik kan uitloop op die misbruik van dwelms.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 4.8 TIKVERSLAWING EN DIE FAMILIE

Tikverslawing raak nie slegs die gebruiker van hierdie dwelmmiddel nie, maar impakteer ook op die gesin of familie waaraan hy of sy verbonde is. Die gesin waarbinne die verslaafde woon, word geweldig geraak deur die middelafhanklike. Dit veroorsaak emosionele angstigheid, swak gesondheid en breek families op (Cronje 2007). Dwelmverslawing het ’n beduidende effek op mede-afhanklikes van die verslaafde - die familie en vriende van die verbruiker. Die effek van tikverslawing het ’n negatiewe uitwerking op die gesinslede, ook selfs in die werksplek (Barabander 1993). Die situasie vererger wanneer die tikverslaafde en lede van die familie saamwerk.

Ghodse (1995:15) meld dat verslaafdes dikwels hul gesin of familie verwerp en verkies om hul tyd deur te bring met portuurgroepe wat ook dwelms gebruik. Volgens Kingery-McCabe en Campbell (1991:73) word die verslaafde minder beskikbaar vir hulle families terwyl hulle toenemend betrokke raak in dwelms. Hulle wend hulle tot dwelmmiddels vir genot en verlaat dikwels hul gesinne. Dit laat familielede met ’n gevoel van woede en verwarring.

Koffinke (1991:196) noem dat dwelmverslawing van ’n gesinslid geweldige implikasies vir die familie-dinamika het. Soos wat die verslaafde hom- of haarself van die familie distansieer, gaan die familie ook deur verskillende fases van aanpassing. Hierdie fases sluit die volgende in:

- Ontkenning deur die familie – hulle gee voor dat die probleem nie bestaan nie, en rasionaliseer die verslaafde se gedrag;
- Instaatstelling – hulle voer verskonings aan vir of namens die verslaafde om die verslawing vir andere te verbloem;
- Mede-afhanklikheid tot mekaar – die familie ondervind fisiese en emosionele spanning as gevolg van hul verhouding met die dwelmafhanklike. Die gesinslede betree ’n periode van oordrewe en ongepaste afhanklikheid van mekaar;
- Oorbrug skuldgevoelens en skaamte – ouers bevraagteken hul ouerlike bekwaamheid; broers en susters of bloedverwante blameer hulself vir die verslawing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 4.9 GEVOLGTREKKING

Veral onder die jeug is middelmisbruik ‘n ontsettende gemeenskaplike probleem wat in menige huisgesinne regdeur die land voorkom. Verskeie bydraende strukturele faktore, soos armoede en werkloosheid, maak dat substansiemisbruik besonder verwoestend en moeilik teëgewerk kan word in gemeenskappe waar armoede heers, en dus gemarginaliseer word. Rekening moet met die aard van die gemeenskap gehou word wanneer intervensies beoog word. Vanweë die komplekse aard van die voorkoms van tikverslawing, is die navorser van mening dat ’n interdissiplinêre benadering deur verskillende rolspelers geïnisieer moet word. Die effek van tikverslawing is verrykend en ’n holistiese verstaan van die mens, eerder as net ’n spirituele of religieuse moontlike oplossing, behoort singewend te wees. Middelmisbruik tas die fisieke, emosionele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling van die jeug aan. Dus is die behoefte aan voorkoming en intervensiestrategieë uiters noodsaaklik om families hiermee te help. Uiteraard is die navorser daarvan oortuig dat die gemeenskap, en die kerk in besonder, die aktualiteit van gesinswaardes voorop moet stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 5

## EMPIRIESE ONDERSOEK - GEVALLESTUDIES

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk beoog die navorser om sy eie situasie, met sy seun wat verslaaf is, asook dié van drie ander families, met behulp van ‘n gevallestudie navorsing-metodiek (Gerring 2007) volledig te beskryf. Gevallestudies word die afgelope paar dekades erken as “scientifically respectable” (Babbie & Mouton 2009:280).

Die navorser beoog om die inligting te verkry deur middel van semi-gestruktureerde gespreksonderhoude deur vier indiwidue vanuit die geaffekteerde families wat die werklike situasie van die impak van tik daagliks beleef (Hendriks 2004:233). Dié data sal die navorser in staat stel om die aard van die probleem beter te omskryf.

### 5.2 NAVORSINGSMETODE

Hierdie studie is beperk tot die Rynse Kerk Bellville en vier lidmate, insluitend ’n gesinslid van die navorser se familie met wie die navorser bekend was vanweë sy betrokkenheid as leraar in die gemeente. In hierdie navorsing is die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik. Hicks (1999:7) definieer kwalitatiewe navorsing as “a means by which the researcher can gain insights into another person’s views, opinions, feelings, within their own natural setting. The individual as a whole and in relation to their social setting is described.” Kwalitatiewe navorsing word voorts omskryf deur Creswell (1998:15) as “an inquiry process of understanding, based on distinct methodological traditions of inquiry that explore a social or human problem.” Verder is dit volgens Cresswell (1998:19) belangrik om daarop te let dat “qualitative research today is about a “deep involvement in issues of gender, culture, and marginalized groups” and the topics researched are emotion laden, close to the people and practical.” Laastens toon hy aan dat hierdie tipe van navorsing ten doel het om antwoorde te soek op die “hoe” en “wat” vrae, terwyl kwantitatiewe navorsing antwoorde verskaf op die “waarom” vrae probeer gee.

#### 5.2.1 Data-insameling

‘n Semi-gestruktureerde onderhoudsgids is gebruik en die navorser het die deelnemers uitgenooi na aanleiding van sy voorafkennis dat hulle geaffekteer is/word deur tikverslawing vanuit hulle huishouding. Die deelnemers het uit vier

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volwassenes bestaan wie se gesinslid ‘n afhanklike van middelemisbruik is. Die persoon met die gedrag van afhanklikheid/misbruik word geïdentifiseer maar nie ‘n onderhoud mee gevoer nie (genoem die “afhanklike”). Die volwassene is iemand wat in ‘n toesighoudende hoedanigheid of ‘n bloedverwant (broer of suster) is oor die die afhanklikheidspersoon staan, byvoorbeeld die ouer van ‘n kind.

#### 5.2.1.1 Onderhoudsgids

Die navorser het data met vier deelnemers ingewin deur middel van onderhoude. Die onderhoudsgids het uit ses afdelings bestaan wat sowel semi-gestruktureerde as oop-vrae bevat.

Afdeling A bevat die identifiserende inligting wat deur ’n genogram diagrammaties voorgestel word.

Afdeling B fokus op die profiel van die afhanklike persoon.

Afdeling C fokus op die omvang van die bydraende faktore wat in die gemeenskap bestaan ten opsigte van middelsmisbruik.

Afdeling D fokus op die gemeenskap en sosiale omgewing (insluitend kerklike aksies).

Afdeling E fokus spesifiek op kerklike betrokkenheid.

Afdeling F poog om die deelnemers se opinie te bekom oor aanbevelings met betrekking tot die spesifieke behoefte voortspruitend uit die dwelmprobleem wat hulle as gesin raak.

## 5.3 EMPIRIESE STUDIE

Die empiriese studie is gebaseer op die doelstellings en doelwitte uiteengesit in Hoofstuk 1. Die vrae is gestruktureer vir die geaffekteerde gesinslede van die tikverslaafde om te bepaal hoeveel inligting omtrent die middelafhanklike hulle werklik besit. Die navorser het vooraf afsprake gereël met die deelnemers en hulle genooi om in die moederskamer van die Rynse Kerk Bellville vir die onderhoude te ontmoet. Hierdie lokaal is gekies om privaatheid te verseker en sodat die onderhoude in ’n veilige en rustige omgewing sonder onderbrekings gevoer kon word. Vrywillige deelname was ten alle tye beklemtoon en die deelnemers is van vertroulikheid en anonimiteit verseker. Met hul kennis en toestemming is die onderhoude is op band opgeneem, waarna dit getranskribeer is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanweë die emosionele aard van die ondersoek en terwille van objektiwiteit en met die goedkeuring van die navorser se studieleier is gebruik gemaak van die kundige hulp van Prof FG Kotze[30] om die onderhoude te voer. Hierdie onderhoude het in die eerste helfte van Julie 2011 plaasgevind.

### 5.3.1 Data analise tegniek[31]

Data analitiese metodes wat gebruik word binne die raamwerk van kwalitatiewe navorsing moet instaat wees om die ware aard van die verskynsel wat ondersoek word deur die deelnemers bloot te lê. Die klem is dus op die taal en betekenis, die verstaan en ondervinding deur die verskynsel in konteks, om hierdie rede maak Visser (2007:84) die stelling dat metode wat aangewend word, “words as data to understand peoples’ interpretation of experience” moet gebruik word. Tematiese analises was daarom aangeneem vir hierdie studie.

Tematiese analises is ‘n metode wat gebruik word om die opkomende temas te identifiseer en te analiseer, wat aanvanklik ingebed is in die inligting wat versamel word en “recognises that a specified theoretical framework carries a number of assumptions about the nature of the gathered information and can, therefore, not be ignored (Braun & Clarke, 2006). Soos voorgestel deur Braun en Clarke (2006), het ek die ses-stap prosedures gevolg toe ek die tematiese analises gedoen het.

Stap een was om myself met die versamelde inligting te familariseer. Ek het na die opnames geluister in ‘n poging om die inligting te verstaan waarna dit verbatim getranskribeer is om die bevindinge doetreffend te rapporteer.

Tweedens het ek die inligting sistematies gekodeer. Dit beteken dat ek die transkribsies weer nagegaan het en die sleutelwoorde of frases noukeurig genoteer het wat betekenis het in verhouding tot my doel en doelwitte. Sleutelfrases wat nie direkte verband gehou het met die doelwitte van hierdie studie nie is ook genoteer, want kwalitatiewe navorsing is gemoeid met die verskynsel vanuit die deelnemer se

---

[30] Prof FG Kotze is professioneel opgelei as Maatskaplike Werker. Hy het sy doktorale studies gedoen in Maatskaplike Beleid en Beplanning. Hy het wye ervaring in navorsing en opleiding. Sy eposadres is: roads@telkomsa.net

[31] Rule, Candice,2010,*School Learners’ perceptions of the factors that influence Methamphetamine use in Manenberg,* Ongepubliseerde MA (Psychologiae), Universiteit van die Wes-Kaap, August 2010

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

perspektief en is daarom interessant om ‘n ryke, gedetailleerde, subjektiewe en intersubjektiewe verslag te gee van die fenomeen wat ondersoek word (Terre Blanche et al., 2006).

Derdens, die kodes was saamgevoeg tot potensiële temas. Dit beteken dat die kodes was hersien en saamgevoeg om die temas te vorm wat die onderskeie kodes oorvleuel. Terwyl dit gedoen was, is die vierde stap ook geïmplimenteer. Dit sluit in die hersiening van die temas in verhouding tot die potensiële kodes om sodoende duidelike definisies te vorm en om dit onder woorde te bring vir die temas (stap vyf). Laastens, wanneer ‘n paar “fully worked-out themes” geïdentifiseer is, het ek begin om die temas te hersien in verhouding met die literatuur in ‘n poging om ‘n omvattende verslag van faktore wat tikverbruik beïnvloed (Braun & Clarke, 2006:87).

### 5.3.2 Demografiese faktore van die deelnemers

#### 5.3.2.1 Huidige gesinstruktuur

Die navorser beoog om die inligting te verkry deur middel van semi-gestruktureerde gespreksonderhoude met vier indiwidue vanuit geaffekteerde families wat die werklike situasie van die impak van tik daagliks beleef (Hendriks 2004:233). Dié data sal die navorser in staat stel om die aard van die probleem beter te omskryf.

## 5.4 GEVALLE STUDIE 1

**Deelnemer A**

Sy kom van ‘n verbrokkelde gesin. Huweliksverbrokkeling is veroorsaak deur huweliksontrou. Die ouers was vir ‘n kort periode getroud en daarna geskei toe die afhanklike ‘n kleuter (5-6 jaar oud) was. Die gesin het toe by die grootouers gaan woon. Dit is kenmerkend dat die moeder die rol van vader en moeder vervul en dus sosiaal, emosioneel en materieel verantwoordelik is vir die gesin. Die vader was ‘n polisiebeampte met ‘n stabiele inkomste, maar het ongereeld onderhoud betaal. Na die egskeiding was die moeder die enigste broodwinner. “... so het ek die kinders alleen grootgemaak ....”

### 5.4.1 Profiel van die afhanklike persoon

Op die ouderdom van 23 jaar het Y die afhanklikheidsmiddel, tik, gebruik. Sy het haar skoolopleiding voltooi, maar toe swanger geword. Dit is nie duidelik wanneer Y begin tik gebruik het nie, maar op die ouderdom van 23 jaar is dit bevestig dat sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hieraan verslaaf is. Hierdie inligting het die moeder en grootouers op indirekte wyse bereik. Simptome wat waargeneem is: ".. dan slaap sy heeldag en as sy daar opstaan dan eet sy asof sy gister nie geëet het nie ...."

### 5.4.2 Die impak van tikverslawing op die gesin

Tik het 'n impak op die totale familie en gesinsfunksionering deurdat almal besorgd is. Dit beroof hulle van geluk en vreugde. 'n Ander kenmerk of simptoom is dat daar onstabiliteit in 'n werkspatroon of werksetiek is. Uit die onderhoud blyk dit dat daar afhanklikheid is van 'n steunpersoon, in hierdie geval die kêrel van die verslaafde. Dit wil ook voorkom asof hier 'n soort van ontkenning by die moeder van die tik-versaalfde dogter is, - 'n soort van 'n bedekte ontkenning.

Die tikgebruik is heimlik gedoen sodat die gesin dit nie kon herken nie en middel-afhanklikheid word deur die afhanklike persoon ontken: "... sy wil dit nie erken nie ...." Die ontkenning manifesteer verder in 'n aggressiewe houding wanneer die afhanklike direk hiermee gekonfronteer word: "... moenie vir my dophou nie ...."

Die afhanklike persoon as rolmodel blyk ook op die gedrag van haar jonger suster 'n impak te hê: "...dit affekteer nou almal in die huis...en die jonger dogter...het die tik dingetjie in haar sokkie gekry..." . Die jonger suster het ook rook en: "....die kleintjie, sy is gruwelik...hulle doen dinge, soos by die skool, soos ander kinders, hulle wil altyd in wees by sekere goed...."

Daar skyn 'n duidelike afstand te wees in die verhouding tussen die moeder en die afhanklike dogter as gevolg van tikverslawing. Dit blyk dat daar voortdurende konfrontasie is en dat die kommunikasie versteur is. Die moeder het bevestig dat Y 'n minderwaardigheidskomplek ontwikkel het op persoonlikheidsvlak.

### 5.4.3 Selfbeeld van die afhanklike

Uit die onderhoud blyk dit dat daar 'n totale onttrekking deur die afhanklike van die kerk asook gemeenskapsorganisasies en sportaktiwiteite is. Die belangstellingsveld skyn baie eng te wees en gevolglik is die afhanklike tot 'n relatief klein vriendekring wat in dieselfde situasie is, beperk, en het geen wyer belangstelling nie. Die afhanklike het wel met die gereg gebots, maar het nie 'n kriminele rekord gekry nie. Y is nie betrokke by bende-aktiwiteite nie. Die persoon se selfbeeld word aangetas omdat daar gedurig na die afhanklikheid deur die ander gesinslede verwys word en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit het ‘n gevoel van mislukking laat posvat.

### 5.4.4 Dwelmmiddels

Dis duidelik dat dwelmmiddels algemeen en volop beskikbaar is in die gemeenskap. In hierdie woonbuurt is dwelms algemeen beskikbaar en maklik verkrygbaar. Dit lyk asof dit ‘n algemene tendens of sosiale patroon is dat dwelmafhanklikes dikwels bymekaar kom en dat dwelmhuise vergaderplekke is.

Die polisie is kennelik bewus van die dwelmareas of -plekke en -huise, maar maak nie vordering met die uitroei daarvan nie. Die algemene persepsie is dat dwelms, soos dit beskikbaar is en aangewend word, Y en ook ander jongmense se lewens verwoes: “... dis nie net jou lewe nie, maar dit verwoes jou hele familie ....”

Dwelmmisbruik gaan dikwels gepaard met gedragsverandering, soos diefstal: “... as sy by die huis kom, dan staan die leë bokse ... alles is net weg, waardevolle goed ...”, tensy daar ‘n ander bron van inkomste is. “ Nou, wat ek op neerkom, haar kêrel is die, hy is die ... wanneer dit kom by ....”

Wanneer dit kom by behandeling of teregwysing, dan is daar weer die probleem van ontkenning, naamlik dat dit nie ‘n probleem is nie.

### 5.4.5 Gesondheid

Alhoewel dwelms ‘n impak op die verbruiker se gesondheid het, het Y nog nie ‘n probleem nie, “... maar ek weet nie hoe affekteer dit haar nie want ek het ... want as sy siek is sal ek nie weet nie, want sy steek dit seker weg dan ....” Y is gewild in die geslote binnekring, maar gesamentlik is hulle eintlik randfigure in die gemeenskap.

### 5.4.6 Gemeenskap en sosiale omgewing

Daar is wel aktiwiteite in die gemeenskap, maar die afhanklike persoon stel nie daarin belang nie. Daar is protokol en reëls om by die aktiwiteite in te skakel, maar vanweë die gedrag van die afhanklikes, stel hulle nie belang nie.Die afhanklike openbaar voortdurend ‘n aggresiewe houding en toon nie eintlik belangstelling in haar omgewing of in die familie nie. Sy wend ook geen poging aan om sosiaal met die familie te verkeer nie.

Tikverslawing skep ‘n onaangename klimaat in die huis met die gevolg dat dit die verhoudinge in die gesin en familie beïnvloed. Die algemeenste tendens is die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorkoms van diefstal, maar in Y se geval is daar ‘n bron - haar kêrel wat in haar behoeftes voorsien. Die verslaafde persoon stel glad nie belang in rehabilitasie-programme nie.

### 5.4.7 Kerklike betrokkenheid

Dat die gesin skaam en teruggetrokke is en meermale swyg oor die situasie met die tikverslaafde is beklemtoon. Die gesin word deur die gedrag van die middelafhank-like geraak en dit gaan dikwels met onttrekking gepaard as gevolg van die impak wat die omstandighede op hulle beeld in die gemeenskap en kerk het.

“... so obviously sal ek nie wil hê, die broer M moet weet wat my kinders doen nie want broer M se kinders doen mos nou nie dit nie. Dit is mos nou hoe ons redeneer. Maar as die kerk meer betrokke wil raak, sal ek eintlik bly wees want baie kere is hulle ledig ....”

Die familie wat mekaar se omstandighede ken en meer geneig is om met mekaar te assosieer, spreek die verlange uit dat die kerk meer betrokke moet raak by hierdie situasie. ‘n Sterk vrees vir verwerping deur ander lidmate van die kerk bestaan: “... dit gebeur mos maar so in die kerk, die groepie wat eenkant is, die ander groepie is maar eie met mekaar ....”

Die voorstelling van ondersteuningsgroepe vind dus meer inslag, omdat dit mense is wat in dieselfde situasie verkeer wat aan hierdie groep behoort. Hulle is nie afkeurend nie en aanvaar mekaar: “... maar ons kerk is nou nie baie betrokke by ondersteuningsgroepe en die tipe van goed nie ....”

Die kerk kan in hierdie verband ‘n sterker rol speel.

Daar blyk altyd ‘n vriend of familielid te wees, wat nie noodwendig die kerk verteenwoordig nie, wat ondersteuning bied: “Hy het nou eintlik meer interest met my kinders as die kerkraad. Hy weet van haar probleem in die huis, laat ek nou so sê. En as ek ‘n probleem het, dan bel ek hom en dan kom hy onmiddellik ....” Dis duidelik - omdat hy ‘n vertrouensverhouding teenoor die gesin het, het hy ‘n groter impak as die kerk.

Dit blyk dat as dit kom by verslawing, dat die kerk ook in ‘n vertrouensverhouding by die gesin moet staan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By Y is daar beslis ‘n gebrek aan motivering vir behandeling, of ideale vir die toekoms.

### 5.4.8 Aanbevelings

Dit blyk dat die godsdienstige of spirituele aspekte in die oplossing van die probleem van dwelmafhanklikheid ‘n meer prominente rol behoort te speel. Die geaffekteerde moeder van die afhanklike stel haar hoop ondubbelsinnig in gebed en weet nie eintlik wat in ander gemeenskapsinstellings plaasvind met betrekking tot hulpverlening wat verslawing betref nie. Dit skyn dat daar ‘n gees van mismoedigheid is wat die rol van die gemeenskapsinstelling kan speel en bereik. So, daar is nie veel vertroue in hierdie instellings nie.

Op die vraag: “Wat is die grootste bystand wat u sou benodig om hierdie probleem die hoof te bied?” het die deelnemer die volgende gesê: “Kinders het te alle tye altwee hul ouers nodig, of hulle dit wil herken of nie. ‘n Kind moet altyd dink, ‘Wat gaan my pa sê? Ek het my ma teleurgestel.’ As jou een ouer dood is, goed genoeg, dan is jy mos nou daar. Ek dink baie keer, sy (Y [SCC]) sal dit nie erken nie, maar sy het eintlik haar pa gemis deur al die jare ....”

## 5.5 GEVALLESTUDIE 2

**Deelnemer B**

Die gesin van drie kinders is deur hul enkelmoeder versorg, maar is woonagtig op een erf met hul moeder. Deelnemer B is deel van ‘n uitgebreide familie wat wyd verspreid is, maar die familie “gee baie om vir mekaar.” Haar oudste seun is onafhanklik terwyl die ander twee kinders, waarvan die dogter ( sedert 2004 toe sy in graad 9 was) die middelafhanklike met twee minderjariges is, by haar bly. B moes op ‘n vroeë ouderdom die skool verlaat en het vir 27 jaar in ‘n fabriek gewerk, maar moes vanweë haar seun se gesondheidsprobleme “die werk gelos het want ek moes baie by die hospitaal gesit het.” Ofskoon die afhanklike ontkennend was oor die gebruik van tik, het haar moeder haar op heterdaad betrap terwyl sy en haar vriende tik gebruik.

### 5.5.1 Profiel van die afhanklike persoon

Die middelafhanklike dogter, C, het in graad 9 (std 7) die skool verlaat en het sedert 2004 nog nooit gewerk nie. C was nog altyd afhanklik van haar moeder wat nie ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vaste inkomste verdien nie, en alleenlik van die onderhoudsgeld vir haar seun die gesin moes onderhou. Die onderhoudsgeld vir die afhanklike se twee minderjarige kinders, waarvan die oudste een sewe (7) jaar oud is, wat grotendeels in die sorg van haar moeder is, is tydelik teruggehou, want "die kinders se geld gaan net so in tik in." Die staatstoelaag word direk aan die grootmoeder oorbetaal ter wille van die kinders se onderhoud en versorging. Die moeder vermoed dat C voor die geboorte van haar eerste kind, wat nou sewe jaar oud is, reeds tik begin gebruik het en steeds daaraan verslaaf is. Die afhanklike was in verskillende verhoudings, wat almal in dwelms betrokke was en is.

### 5.5.2 Impak van tikverslawing op die gesin

Die impak op die gesin is oorweldigend. Die gesin het ontsettende verliese gely aan goedere wat vir hulle kosbaar was. Ook die uitgebreide familie is deur deur C se misbruik van dwelms geraak. In 'n reeds ekonomies-uitdagende situasie het die gesin waardevolle artikels vanweë tikverslawing verloor, wat vir dwelms verkwansel is: "... sy het al my goed ook gevat van my dat ek nou nog sukkel. Daar is twee koppies in my huis; een lepel, die Here hoor my, een lepel en een vurk." Die effek van tikverslawing skyn baie ontwrigtend vir die gesin te wees, want "sy het baie goed van my gaan vat en verkoop vir drugs." Bowendien dreig die impak van hierdie middelafhanklike lid van die gesin om die stabiliteit, wat daar geheers het, ook verder te disintegreer: "... nou wil hy [die broer], nie eers by die huis slaap nie ... want hy wil nie die goed sien wat C aanvang nie." Verder is die ouer radeloos oor die dwelmmisbruik van haar dogter en "is dit nie lekker om te weet wat jou kind doen nie. Dus nie 'n lekker ding nie."

### 5.5.3 Selfbeeld van die afhanklike

Dit wil voorkom dat C haarself heeltemal van haar familie, die kerk en alle aktiwiteite in die gemeenskap afgeskei het. Die moeder bevestig haar onttrekking eksplisiet: "Sy gaan nooit saam as ons na die ander families toe gaan nie ... sy bond nooit met hulle saam nie ...." Dit blyk dat sy haar sin van verantwoordelikheid teenoor haar twee minderjarige kinders versuim en hulle weerloos aan hulself oorlaat: "... sy laat slaap die kinders alleen in die huis ... dan is sy op die jaard [bedoelende die dwelmhuis – SCC]." Die afhanklike ontwikkel 'n oënskynlike gevoel van eiewaarde en hoë dunk in terme waarvan sy, volgens die moeder, meen "sy's perfek" en die rede het te doen met haar liggaamsgewig: "... want sy sê altyd vir my, sy is 24 maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy dra ‘n 12 jaar oue kind se klere en sy voel goed so. Sy sê sy moet so wees.” Die afhanklike se vriendekring is beperk tot die terrein en omgewing waar handel met dwelms bedryf word.

### 5.5.4 Dwelmmiddels

In hierdie geval blyk dit dat tik by die tikhuise redelik beskikbaar en toeganklik is. Tik dien ook as betaalmiddel vir arbeid wat verrig is. Die polisie is bewus van die smokkelary maar, ten spyte van sporadiese polisie-optredes, gaan die handel met tik onverpoosd voort. Volgens die mededeling van die ouer is tik die primêre middel wat die afhanklike gebruik en waaraan sy gevolglik verslaaf is.

### 5.5.5 Gesondheid

Alhoewel C aangedui het dat sy verslank het, toon die moeder besorgheid oor die geweldige gewigsverlies wat die afhanklike ly as gevolg van dwelmverbruik.

### 5.5.6 Gemeenskap en sosiale omgewing

In die plaaslike gemeenskap vind daar gereeld aktiwiteite plaas wat op die jeug gerig is, maar dit blyk uit die ouer se waarneming dat haar dogter geen belangstelling hoegenaamd toon in konstruktiewe aktiwiteite nie. Inteendeel, die afhanklike wend haar tot “die winkels van die Somalies” (vlugtelinge uit Afrika - SCC) waar sy saam met haar vriende “sit en rook ... of drink biere sommer so in die openbaar in die aande.”

### 5.5.7 Kerklike betrokkenheid

Dit blyk dat die afhanklike die bande met die kerk totaal verbreek het nadat sy voorgestel is. Bowendien blyk dit dat, behalwe vir sporadiese besoeke van die leraar, geen belangstelling of besorgdheid deur die ampsdraers getoon word nie. Die deelnemer is doodseker dat die kerk nie ‘n aktiewe rol speel met betrekking tot die voorkoming van die dwelmprobleem nie. Die verwagting van ‘n ondersteunende rol van die kerk, volgens die deelnemer, is uiters teleurstellend. Sy het haar na ondersteuningsgroepe buite haar eie kerkverband gewend: “... ek het baie daar geleer en hulle het my baie bygestaan.”

### 5.5.8 Aanbevelings

Uit die onderhoud is bevind dat die kerk meer inligtingsessies behoort te reël waartydens gesprekke met die jeug gevoer kan word met betrekking tot dwelmsverslawing. Voorts word die begeerte uitgespreek dat die kerk programme vir ouers en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders moet saamstel en aanbied, en dat die leierskap effektiewe leiding moet gee aan gesinne wat met die probleem van tikverslawing te kampe het. Hierbenewens kan die polisiedienste, die skool en gesondheidsdienste tesame met die kerk, as gemeenskapstrukture, gesamentlik ondersteuning aan families bied wat deur tikverslawende kinders geraak word.

## 5.6 GEVALLESTUDIE 3

**Deelnemer C**

Deelnemer C en die afhanklike seun, L, se vader is reeds tydens haar swangerskap vervreem van mekaar. Deelnemer C het as enkelouer haar seun sonder die aanwesigheid van ‘n vader opgevoed. Die gesin bestaan dus uit slegs die moeder en haar seun. Die skolastiese opvoeding van die moeder het net tot op laerskool gestrek. Die moeder ontvang ‘n pensioen waarmee sy die gesin finansieel onderhou.

### 5.6.1 Profiel van die afhanklike

Uit die gegewens blyk dit dat die seun traag was om skool te gaan en nie juis belangstelling getoon het met sy skoolopvoeding nie. Die deelnemer beweer dat die seun reeds op skool gedragsprobleme openbaar het wat later in die huis ongemak veroorsaak het. Dit skyn dat hy die skool reeds voor graad 10 (std 8) verlaat het en op ‘n relatief jeugdige ouderdom begin werk het. Deelnemer C is nie seker wanneer die seun met dwelms betrokke geraak het nie, maar vermoed dat L reeds in sy tienerjare, ongeveer in sy 15de jaar, aan dwelms verslaaf geraak het. Die vermoede van die seun se afhanklikheid van dwelms is deur die deelnemer se suster aan haar bekend gemaak, want: “… ons het nie much notice gevat nie ….” Dit wil voorkom of die ouer van die afhanklike onkundig of oningelig was met betrekking tot die gebruik van dwelms deur haar seun en “… weet nie hoe dit gebeur het nie. Ek het maar seker net op ‘n tyd agtergekom daar is …” Dit was opmerklik dat hy ongewoon lang ure geslaap het. Die afhanklike blameer sy ouer vir die dwelmprobleem. Hy is werkloos, maar “… hou vir hom op met die drugsmense want hy gebruik nog drugs.”

### 5.6.2 Impak van tikverslawing op die gesin

Uit die onderhoud blyk dit dat dwelmmisbruik die hele familie raak en die funksionering van die breë familieverband geweldig ontwrig. Daar is voortdurende vrees

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vanweë die aggressiewe uitbarstings van die verslaafde wat by tye finansiële verliese tot gevolg gehad het deur eiendom wat beskadig word met die daarmee gepaardgaande verkoop van waardevolle artikels vir dwelms. In hierdie geval is ‘n motor afgeskryf en later het “hy so kwaad geword toe skeer hy die papiere op en hy vat die graaf en hy kap die windscreen … en nou blame hy ook nog vir my oor die kar wat hy nog verkoop het ….” Dit blyk ook dat die gesin by tye in die verleentheid gestel is: “… sê hy vir my hy gaan gou geld trek dan wag ek en dan kry ek vir hom daar dronk in die strate by die smokkelhuise met sy geld … dan sê hy vir my ek moet gaan shopping doen by Pick ‘n Pay, daar’s geld. Dan, as ek die goed koop, dan is daar niks geld nie ….” Hierdie patroon laat noodwendig die vertrouensverhouding wankel. Dit doen die geborgenheid en veilige ruimte van die gesin ernstige skade aan. Uit die onderhoud blyk ook dat in hierdie geval daar ‘n steunpersoon is - die “gesofistikeerde” vriendin van die verslaafde.

Verder toon die gegewens van Deelnemer C dat die verslaafde baie “slordig is” op sy persoon en dus nie goeie higiëne handhaaf nie. Dit blyk ook dat die verhouding tussen ouer en kind ernstig benadeel word as gevolg van die dwelmverslawing: “… L het eintlik vir my baie seer gemaak ….” Uiteraard het die ouer genoem dat daar nie meer ‘n sinvolle gesprek kan plaasvind in die gesin nie, want die kommunikasie tussen ouer en kind is versteur vanweë die voortdurende spanning.

### 5.6.3 Selfbeeld van die afhanklike

Die deelnemer het aangedui dat die afhanklike nie juis ‘n goeie dunk van homself het nie en nie meer aandag aan sy voorkoms gee nie. Volgens die deelnemer, wil dit voorkom dat “hy eintlik niks van homself dink nie.” Blykens die deelnemer se opinie, het die afhanklike geen ideale of drome wat hy nastreef vir homself nie en is hy afhanklik van versorging van sy vriendin wat ‘n gevoel van minderwaardigheid tot gevolg mag hê. Die afhanklike het homself totaal onttrek van die gemeenskaps-aktiwiteite en het homself tot die medeverbruikers van dwelms ingeperk. Hy het reeds op ‘n vroeër ouderdom met die gereg gebots en het ‘n kriminele rekord.

### 5.6.4 Dwelmmiddels

Volgens die deelnemer is tik een “van die soorte drugs” wat hy gebruik. Dit word algemeen aanvaar dat tik, maar ook die ander soort dwelmmiddels, algemeen verkrygbaar in die gemeenskap is. Dat hierdie dwelmmiddels ‘n veranderde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedragspatroon tot gevolg het by die verbruikers daarvan, en tot bittere ongemak van die families, is ook in hierdie onderhoud bevestig.

### 5.6.5 Gesondheid

Volgens die deelnemer blyk dit dat haar seun uitstekende gesondheid geniet en dat “daar nie ‘n ding met hom verkeerd is nie.” Soos vroeër vermeld, is hy egter nie netjies op sy persoon nie, wat dalk ‘n gesondheidsrisiko kan inhou.

### 5.6.6 Gemeenskap en sosiale omgewing

In die gemeenskap is daar verskeie geleenthede wat geskep word om die jeug betrokke te kry en waaraan hulle aktief kan deelneem. Dit blyk egter uit die onderhoude dat die jong seuns en dogter wat dwelmverslaaf is geen belanstelling toon in gemeenskapsaktiwiteite nie. Die moontlikheid is dat hulle gedrag dalk ‘n moontlike rede kan wees vir hul gebrek aan deelname.

Tikgebruikers het ‘n negatiewe uitwerking in die normale gang van ‘n huishouding vanweë diefstal, of die vandalisering van eiendom. Verhoudinge wat die hele gesin benadeel is onaangenaam en kan emosioneel uitputtend wees. Alhoewel die verslaafde op ‘n baie duur rehabilitasieprogram vir ‘n tydperk van drie maande was, het hy weer verval in die gewoonte ten spyte van die ondersteuning wat gebied is, wat neerdrukkend vir die familie was.

Dit is belangrik om daarop te let dat die rehabilitasieprogram wat aangebied is blyk nie juis suksesvol te wees nie, moontlik omdat die betrokkenes nie gemotiveerd is nie. Dit kan wees dat die omgewingsmanipulasie of verandering nie die gewenste of verwagte positiewe resultate oplewer nie. Verwydering uit die gemeenskap blyk ook nie so effektief te wees nie, omdat die persoon teruggeplaas word in dieselfde omgewing vanwaar hy/sy verwyder is. Van die redes mag wees dat die verwydering nie gepaard gaan met genoegsame versterking, ontwikkeling of herstel van die afhanklike persoon nie of dat die verwydering nie permanent is nie en slegs tydelik is. Die gemeenskapsomgewing se invloed is moontlik te sterk en intervensies soos die rehabilitasieprogram hou gevolglik nie daarteen stand nie. Hierdie is slegs waarnemings wat deur geaffekteerdes meegedeel is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 5.6.7 Kerklike betrokkenheid

Die afhanklike is geensins by die kerklike lewe betrokke nie. Dit blyk dat daar pogings van kerklike weë was wat gepoog het om met hom in gesprek te tree, maar sonder enige sukses, want "... jy kan nie 'n conversation met hom hê nie." Die deelnemer bevestig ook dat die kerk nie eintlik leiding gee met die voorkoming van dwelmverslawing nie. Die rol van die kerk tot effektiewe begeleiding ontbreek in menige opsig. Alhoewel die kerk, volgens die deelnemer, meer betrokke kan raak, is die mening dat die "kinders nie wil hoor nie." Dit is noodsaaklik om te noem: "Hy was in 'n rehab gewees maar dit het totally niks aan hom gemaak nie." Volgens die deelnemer is dit nie slegs die godsdienstige of spirituele steun wat van deurslaggewende belang is nie, maar "... dit moet van jouself af kom. Jy kan maar nou na watter rehab toe gaan ...." As die verbruiker van tik, of watter dwelmmiddel ookal, nie 'n doel vir sy of haar lewe het nie, ... dan gaan niks help nie."

### 5.6.8 Aanbevelings

Die deelnemer is van mening dat die jeug doelwitte vir die lewe moet stel. "As hy 'n werk het - 'n mens het 'n werk nodig. Dit gee jou rigting."

Dis van belang dat die familie mekaar moet ondersteun en wedersydse geluk vir mekaar moet nastreef. Die gesin of familie moet hoopvol bly dat die verslaafde sal verander.

## 5.7 GEVALLESTUDIE 4

**Deelnemer D**

Hierdie afhanklike persoon kom uit 'n hegte familie-agtergrond. Hy het nog periodieke kontak met sy grootouers, maar geen hegte gesinsbande tussen ouers en kinders nie: "... die res van die familie is soos vreemdelinge." Die gesin het verbrokkel as gevolg van die ouers se egskeiding toe die kinders tussen sewe en twaalf jaar oud was. Dit het hom ontwrig en, ongeag die ondersteuning van die vader en die kerk, het die seun sy eie pad gevolg.

### 5.7.1 Profiel van die afhanklike

Daar is geen hegte familiebande tussen die afhanklike en die ander lede van die gesin nie. As 16-jarige het die afhanklike het op sy eie gegaan, nadat hy die skool, waar hy swak gevaar het, verlaat het. Hy het gaan werk op die ouderdom van 17

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jaar. Sosio-ekonomies kan die gesin as gemiddeld beskou word met hul professionele status as leraar, onderwyseres en verpleegster. Die afhanklike persoon beantwoord nie aan hierdie profiel nie en beklee ‘n lae sosio-ekonomiese status. Hy beskou homself waarskynlik as ‘n mislukking. Hy was nie lief vir skoolwerk nie, was spelerig, en as stout beskou. Nadat hy nie eintlik presteer het nie, het hy die skool in graad 9 verlaat.

### 5.7.2 Impak van verslawing op die gesin

Die seun het begin om vreemde gedrag te openbaar en sy eie kop gevolg. Huishoudelike items en klere het begin verdwyn. Hy het tussen die ouderdom van 12 en 13 jaar dwelms begin gebruik: “… so agterna het ek opgelet iets is nie reg nie, maar ons het nie intensief daarop gelet nie. Hy was altyd die persoon wat probeer het om by vriende in te wees.” Drankmisbruik saam met vriende gaan toe oor in dwelmmisbruik, soos dagga en ander dwelms. Tik en harde dwelms het gevolg.

### 5.7.3 Persoonlikheid

Hy is ‘n spontane persoon, maar kan ook opvlieënd raak en aanvaar maklik vriende. As kind het hy konflik of bakleiery probeer vermy. Die gebruik van dwelms het hom egter meer aggressief begin maak. Hy het nie ‘n sterk persoonlikheid nie en het ‘n swak selfbeeld. Hy soek vir aanvaarding en liefde. Hy is ‘n randfiguur en word deur sy vriende gemanipuleer en misbruik.

### 5.7.4 Werksprofiel

Hy het op die ouderdom van 17 jaar begin werk, daarna het hy nie weer vaste werk gedoen nie. Hy doen los werkies deur hout te verkoop en tuinwerkies te doen.

### 5.7.5 Deelname aan sport of konstruktiewe aktiwiteite

Terwyl hy nog op skool was, het hy deelgeneem aan sportaktiwiteite soos sokker en karate. As kind het hy ook draadkarretjies gemaak om mee te speel.

### 5.7.6 Betrokkenheid by die kerk

Hy is nie betrokke nie, maar was in die Sondagskool, maar sonder meelewing met wat gedoen word. Baie gesinne ervaar dieselfde probleem. Daar blyk ‘n behoefte aan ondersteuningsgroepe te wees. Ideale moet gestimuleer, gekoester en bevorder word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 5.7.7 Uitwerking van dwelms

Dit het hom vernietig en het hom ‘n kriminele rekord besorg. Sy gesondheid is negatief beïnvloed en het agteruitgegaan.

### 5.7.8 Rol van die kerk

Die kerk is nie eintlik betrokke by die dwelmprobleem nie. Die kerk is meer betrokke by geestelike versorging van lidmate. Die kerk het ook nie ‘n voorkomingsprogram nie. Gesinne van ge-affekteerdes leef in skaamte. Daar is geen hulp en ondersteuning van die kerk as instelling nie. Wat van ondersteuningsgroepe?

### 5.7.9 Grootste behoefte/verlange

Almal voel daar moet ‘n verandering kom. Hy moet standvastigheid in sy lewe kry en moet ‘n doel nastreef. Hy moet verantwoordelikheid aanvaar.

### 5.7.10 Aanbevelings

“Ons het alles probeer, nou bly net gebed oor.” Gereelde voorligting met betrekking tot dwelms in die algemeen maar in besonder die vernietigende effek van Tik moet aan die jongmense verskaf word. Gesinne moet meer erns maak met die beginsels van die Woord waarby die kerk as die liggaam van Christus ‘n belangrike rol te speel het. Dit kan as ‘n vaste fondasie dien vir die vestiging van gesonde gesinsverhoudinge. Gesinne wat geaffekteer is deur dwelmmisbruik moet aangemoedig word om van professionele dienste gebruik te maak. Die kerk kan ondersteuningsgroepe help vorm om lidmate by te staan. Die uitdaging van dwelmafhanklikheid is ‘n groot probleem waarmee mense gehelp moet word. Ons moet ‘n visie op die toekoms het en doelgerig lewe.

## 5.8 Faktore [32] bydraend tot middelemisbruik

Uit die gegewens hierbo, vermoed die navorser dat faktore wat ‘n bydrae kan lewer tot middelemisbruik die volgende kon insluit: genetiese predisposisie, die ouer-kind-verhouding, huislike omstandighede, ledigheid en sosio-ekonomiese en kulturele veranderlikes (Noble 2005:11). Uit ‘n verskeidenheid navorsing deur die Departement van Welsyn (1997:11 soos aangehaal in Noble 2005:11) is bevind dat

[32] Noble, SE. 2005. “Die gesin se rol in die voorkoming van adolessente se middelemisbruik: ‘n Maatskaplikewerk–perspektief.” Ongepubliseerde M.A. tesis, Universiteit Stellenbosch. Die navorser het hoofsaaklik van hierdie bevindinge gebruik gemaak omdat dit feitlik ooreenstem met die bevindinge vanuit die onderhoude.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar tekens is dat dwelmmisbruik onder sogenaamde hoë-risiko groepe verhoog, wat die volgende insluit:

### 5.8.1 Voorheen benadeelde omgewings

Rocha-Silva (1991:16) het middelemisbruik in geselekteerde areas ondersoek (swart Suid-Afrikaners) en bevind dat ‘n substansiële proporsie van mans in dorpe (40,6%) en plakkerskampe (54,5%) verskeie vorms van druk ervaar om middele te gebruik. Na aanleiding van bogenoemde statistieke kan vervolgens afgelei word dat persone in benadeelde gemeenskappe meer druk ervaar van hul vriende. Die lewensomstandighede van voorheen benadeelde persone is beperk, wat moontlik mag lei tot die misbruik van middele ter ontvlugting van hul omstandighede.

### 5.8.2 Beskikbaarheid van middele

Volgens Rocha-Silva (1991:17) is die beskikbaarheid van middele in verskeie gemeenskappe in Suid-Afrika groter in plakkerskampe en dorpe. In stedelike gebiede het 83,5% van mans en 74% van vroue aangedui dat substanse maklik bekombaar is, teenoor 85,3% van mans en 77,7% van vroue in plakkerskampe. Weereens is dit ‘n aanduiding dat daar ‘n groter probleem is dat mense in hierdie gemeenskappe moontlik nie toegang tot rehabilitasiesentrums het nie, of nie gemotiveerd daartoe is nie, as gevolg van ‘n tekort aan bronne en finansies.

### 5.8.3 Smokkelhuise/sjebeens

Die teenwoordigheid van sjebeens in sekere areas is ook ‘n aanduiding van die impak op individue se middelemisbruik.

### 5.8.4 Gesinsverhoudinge

Statistiek deur die Mediese Navorsingsraad (2003) dui aan dat 5708 egskeidings in 1987 deur middelemisbruik veroorsaak is, waarby ongeveer 7608 kinders betrokke was. Studies deur Louw (1990), Strydom en Prinsloo (1999:367) en Edmonds en Wilcocks (2000:10) toon dat huweliksgeweld en egskeidings bydraend tot middelemisbruik is.

Tikgebruik deur die jeug noodsaak ‘n omsigtige oorweging na die rol van gesinsverhoudinge. Lerner en Brennam (1998:B) is dit eens dat “society should charge parents with the responsibility to create healthy and productive citizens”. Hulle is verder van mening dat gebroke gesinne het deurdringende implikasies vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kinders (jongmense). Gebroke gesinne affekteer alle fasette van die jongmens se sielkundige en sosiale funksionering. Donald, Lazarus en Lolwana (2002:146) suggereer dat die familie of dan die gesin behoort die basiese bron van veiligheid en ondersteuning te wees. Die gesin moet ook die basis wees vir kognitiewe, fisiese, emosionele, geestelike en morele ontwikkeling van kinders.

### 5.8.5 Selfbeeld

United Nations (2003) verwys na die selfbeeld as die manier waarop ‘n persoon sy/haar beeld aan ander en hom-/haarself oordra. Vervolgens is die vraag aan die deelnmers gerig rondom hoe hulle hul familielid, ten opsigte van sekere kwessie, sou meet. Mans (2000:6) en Edmonds en Wilcocks (200011) beweer dat daar tye is wanneer mense hulself as onaanvaarbaar klassifiseer. Dié betrokke outeurs stem saam dat ‘n swak selfbeeld tot middelemisbruik lei, veral by adolessente. Dit blyk uit die onderhoude dat afhanklike persone, volgens hul ouers, wel moontlik ‘n swak selfbeeld toon.

## 5.9 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie verslag is dit duidelik dat die probleem van dwelmverslawing hoofsaaklik onder die jeug voorkom met ‘n verskeidenheid van oorsake wat blyk te wissel van sosiale tot familiale faktore wat gedurende die vormingsjare voorkom. Dit skyn ook volgens die profiel van die afhanklikes dat die moontlikheid bestaan dat dwelm-gebruikers hul identiteit wil bevestig en dat daar verskeie aspekte van hul persoon-likheid (waarvan hulle miskien nie hou nie) is om te aanvaar, en dat hulle soms ‘n stryd voer met bepaalde konflik wat hulle self nie kan verwerk nie. Die navorser is van mening dat die verslag aandui dat hierdie persone nie ‘n emosioneel-stabiele omgewing van ‘n huisgesin beleef nie. Daarbenewens kan versteurde persoonlikheidsontwikkeling deur sekere gebreke in die opvoedingspatroon vererger word. Veral waar te veel klem gelê word op kompetisie, sukses en die bereiking van materiële lewenstandaarde lei dit maklik tot groter frustrasie en kwesbaarheid. Die navorser het ontdek dat die geaffekteerdes spesifieke behoeftes uitgelig het waarvan die betrokkenheid van die kerk en die vorming van ondersteuningsforums prioriteit behoort te wees. Die behoefte na morele, maatskaplike en geestelike bystand is uitgelig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na aanleiding van vier gevallestudies en onderhoude is die navorser daarvan oortuig dat die kerk ‘n besliste rol het om te speel om geaffekteerde families te ondersteun midde-in hul stryd met tikverslaafdes. Die belangrikheid daarvan word beklemtoon deur al die deelnemers, en dit herbevestig die taak van die kerk in die gemeenskap.

Hoofstukke twee tot vyf (2-5) het indringend gefokus het op die problematiek van tikverslawing en deur middel van die gevallestudies is die effek van hierdie verslaafdheid verwoord. Die laaste twee hoofstukke (6-7) sal vanuit die missionale teologie ‘n bydrae lewer oor die rol en roeping van die kerk om deur middel van bedieningsmomente ondersteunend hulp te verleen aan die geaffekteerde families met hul spesifieke behoeftes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 6

## MISSIONALE TRANSFORMASIE VAN DIE LEIERSKAP

### 6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk word gewy aan die uitdaging om die gemeente te begelei vanaf ’n sterk instandhoudingsgeoriënteerde bediening na ’n missionale bediening. Die navorser is van mening dat die verslawingsprobleem van soveel jongmense in die gemeente en gemeenskap die aanknopingspunt kan wees tot ’n transformasieproses in die bedieningspraktyk, styl en leierskap van die gemeente. Sedert die begin van 1994, is demokratiese Suid-Afrika deurdrenk van veranderinge op die politieke en kerklike gebied en, op grond hiervan, het die vraagstuk oor leierskap per se ’n twisappel in tallose gespreksvoerings geword.

Dit is voor die handliggend dat kerke en geloofsgemeenskappe oor die algemeen deur snelle veranderinge gekonfronteer word. Gemeenskappe word drasties herom-skryf (geredefinieer) en kerkleiers, wat probeer om uitdagings met ’n geslote sisteem (voorskriftelike sisteem) te benader, kom gewoonlik met oplossings wat as ontoe-reikend bewys word. Die navorser is van mening dat ‘n goeie begrip van ‘n leierskap wat sisteem-sensitief is, soos uiteengesit deur Armour en Browning (2000:32), ‘n voordelige werktuig in die hande van geestelike leiers sou wees vir die vertolking van die konteks sowel as die veranderlike omstandighede waarin hulle hul mag bevind.

Neem in ag die onoorkombare probleemsituasies waarmee leraars of pastore en die ekumeniese kerk gekonfronteer word. Die navorser sluit aan by Robinson (2003:19) wat sê: “Dit is nie ‘n maklike tydvak om in ‘n leierskapsposisie te wees nie.” Inteendeel, hy gee toe dat dit inderdaad ‘n goeie tyd is, aangesien daar op ons beste en diepste geestelike bronne peil getrek word om leiding aan mense te verskaf in die aangesig van uitdagings wat aanpassing vereis.

In hierdie opsig is Robinson van mening dat ons kennis moet neem van die enorme uitdagings om aan te pas by ‘n tydvak wat aan die uitsterf is en die ontstaan van ‘n nuwe een. Dit vereis ‘n verskillende soort leierskap van leiers as wat die geval sou wees in relatief stabiele periodes en instellings. Sommige van die noodsaaklike vrae wat rondom missionale leierskap gestel moet word, is onder andere: “Wie is ons?” “Hoe gaan ons reageer ten opsigte van die sosio-ekonomiese uitdagings binne ons

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap?" en, "Wat is die opdrag van God aan ons?" Dit het nodig geword dat ons ons nalatenskap en identiteit in heroënskou neem om sodoende missionale voorstellings en paradigmaverskuiwings binne ons kerke te skep. Op grond van sy eie waarnemings aangaande leiers, is Robinson (2003:71) van mening dat leiers 'n begrip van hulleself en hul leierskapsrol móét hê, hetsy in die gemeente, of in die breë gemeenskap.

## 6.2 KONTEKS EN KULTUUR VAN DIE RYNSE KERK IN BELLVILLE

Elke gemeente se konteks en kultuur is uniek, daarom het die navorser met vrug die etnografiese leesverslag, wat hierbo aangedui word, gebruik as basis vir 'n missionale leierskapstrategie. Dit is betekenisvol dat Robinson (2003:122) die feit beklemtoon dat "geen leierskapstyl normatief of van toepassing op alle situasies is nie." Die wyse waarop leierskap gevorm en toegepas word, is onderhewig aan die veelvuldige variante wat inpas by die mense, die gemeente, en die konteks.

Die Rynse Kerk in Bellville staar die komplekse uitdaging van tikverslawing onder die jeug, asook die impak wat dit op huisgesinne in die gemeente het, in die gesig. In die voorafgaande hoofstukke, is spesifiek aangesluit by die deskriptief-empiriese asook interpretasie taak van die prakties-teologiese benadering om hierdie studie te beskryf. Uit die gevalle studies het die deelnemers hulleself verwoord ten opsigte van die spesifieke behoeftes wat ontstaan as gevolg van tikverslawing. In sy normatiewe vraag stel Osmer (2008:4) die taak aan die kerk: 'Wat moet gebeur?' en 'Hoe kan ons reageer?" Laasgenoemde lui dus die pragmatiese taak van die kerk in.

Die navorser is daarvan oortuig dat kerklike leierskap 'n deurslaggewende rol kan speel om die radikale veranderings binne die gemeenskap aan te durf. Kennis moet geneem word van die feit dat die leierskapstyle rekening hou met die konteks waarin dit van toepassing is, gebaseer op die onderskeidende leiding van die Gees.

Die leierskap is verplig om die gemeente leiding te gee oor hoe om by verskillende strategiese aksies in die gemeenskap betrokke te raak. Hierdie soort aksie moet egter meer gesien word as blote metode, tegniek of toepassing. Die aksie weerspieël die strategiese keuse wat 'n spesifieke gemeenskap maak met die doel om vorm en betekenis aan sy gemeenskaplike lewe te gee (Van Gelder 2007:113).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na aanleiding, en voorlopige beoordeling, van die leesverslag, blyk dit dat die Rynse Kerk Bellville ‘n relatiewe intieme gemeenskap skep wat deel in die wel en die wee van mekaar se lewens, maar wat uitgedaag word om ‘n missionale kerk te wees, gelei deur missionale leierskap.

Die multi-kulturele samelewingsverband in ‘n gemeenskap met uiteenlopende verskille en wat uit sowel professionele as half-geskoolde mense bestaan, voer ‘n stryd teen sekere sosio-ekonomiese euwels soos dwelm- en drankmisbruik, tienerswangerskappe en werkloosheid.

## 6.3 MISSIONALE LEIERSKAP IN DIE RYNSE KERK BELLVILLE

Hierdie gemeente kan in ‘n neutedop beskryf word as ‘n gereformeerde geloofsgemeenskap met sterk evangeliese beginsels. Hierbenewens is die huidige leierskap behoudend tradisioneel wat beteken dat hulle konserwatiewe strewes het wat die handhawing van gemeentelike gewoontes en praktyke aanbetref. Vanweë die sterk verbintenis tussen die leierskap en die Bet-el Evangeliese Bond, word dikwels gebruik gemaak van predikers uit hierdie Bond, wat oorwegend piëtisties-fundamentalisties is in hul Skrifverstaan waarin die gemeente onvermydelik ingetrek is. Dus word hoofsaaklik gekonsentreer op persoonlike of individuele redding. Dit is egter verblydend uit deelnemende waarneming dat enkele van die lidmate sporadies betrokke is by gemeenskapsaktiwiteite. Daar word dus uitbeweeg uit die na-binnegerigte fokus.

Die leraar speel ‘n deurslaggewende rol sover dit die leierskap aangaan. Hierdie tradisionele konsep is in ‘n veranderingsfase omdat geen enkele persoon oor al die bronne en bevoegdhede beskik om in die leierskapsbehoeftes van die groep te voorsien nie (Barna 2002:39). Die navorser verskaf onderig wat ten doel het dat elke lidmaat geroepe en bemagtig word om ‘n bedienaar te wees en dus by verskillende bedieninge betrokke kan raak. In hierdie opsig beklemtoon Robinson (2003:75) dat die daaglikse werk vir sommige die primêre area van hulle bediening is; vir sommige is dit hul beroep as ouers; andere sal by bedieninge betrokke wees waar hulle van hul spesifieke gawes gebruik maak. Om leraar te wees, gaan nie net oor kerkbestuur nie, maar oor bediening.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die navorser het die kerkraad en leiers by die etnografiese proses betrek, wat ‘n aanvoeling gebring het met die wese en essensie van kerkwees in die wêreld, en om bewus te raak van die rol wat die kerk in die plaaslike gemeenskap moet speel. ‘n Proses van sistematiese verandering word ingelui met die doel om weg te beweeg van die opvatting van ‘n kerk wat in homself gekeer is, en wat om sy eie ontwil bestaan en gehandhaaf word, tot ‘n gemeenskaps-georiënteerde parogie. Binne hierdie konteks word die leraar bewus van die feit dat mense onderling drasties met mekaar verskil ten opsigte van hul ontvanklikheid vir verandering (Keifert 2006:55). Leierskapsrolle word bepaal deur verandering en kultuurstadia. Die vraag wat nadenke vereis is: “Hoe lei ons mense binne ‘n oorgangstadium?” Hierdie vraag vereis genoegsame tyd vir bepeinsing.

Terwyl ons reflekteer oor hoe die kerk gelei moet word om missionaal te wees, luister ons gesamentlik na die Woord. Terselfdertyd dink ons daaraan oor hoe die klem verskuif moet word van ‘n punt waar ons tot onsself gekeer is, tot ‘n punt van uitwaartse denke oor wat ons in die wêreld behoort te wees. Die integrale deel van missionale transformasie lê in die definisie (wat?) en die metode (hoe?) van hoe leiding verskaf word, terwyl daar begrip is vir die kultuur van die gemeente.

Alhoewel die leierskap van die gemeente die Woord van God aanvaar as die enigste norm vir die Christelike lewenswyse, skyn daar tog ‘n gebrek te wees aan betrokkenheid by kontemporêre dissipelskap. Om transformasie van die begrip “dissipelskap” teweeg te bring, of om missionaal op te tree, vereis deeglike onderrig en nederigheid. In *Introducing the missional church* is Roxburgh en Boren (2009:84) daarmee eens dat ‘n missionale strategie gevorm word deur dialoog en betrokkenheid by die konteks en omgewing waarin ons leef.

## 6.4 TRANSFORMASIONELE LEIERSKAPSTRATEGIEË

Die lewe van die kerk kan verander word deur middel van ‘n hernude benadering waarvolgens die Skrif tot ons spreek. Ons interpretasie van ons kulturele konteks word aan ons duidelik gemaak soos deur die Skrif self gereflekteer. *Die lewe van die kerk moet verander word deur middel van hernude dialoog met die Skrif en deur toe te laat dat die Skrif ons aanspreek via ‘n dialoog wat dit met die kulturele konteks voer* (Roxburgh & Boren 2009:85).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kerk en sy leierskap het hul relevansie tot die beweging van God in die wêreld gevisualiseer. Die missionale padkaart wat ons aan onsself voorgestel het, lei ons tot ‘n selfondersoek van hoe ons die evangelie in ‘n veranderde kultuur kan beliggaam. Die evangelie is ‘n leefwyse, en met beliggaming word hiermee bedoel verkondiging, bewys van barmhartigheid en begeleiding tot geloof, sodat ‘n persoon se lewe deur Christus getransformeer kan word. Die tersaaklike vraag is nie hoe ons die evangelie gaan verkondig nie, maar wel die kritiese uitdaging, naamlik om ‘n ontleding te maak van waaroor die evangelie eintlik gaan. Dit beteken vervolgens dat die verkondiging van die evangelie herontwerp moet word binne die hermeneutiese konteks van die Drie-eenheid en teologie van die Koninkryk in ‘n post-moderne, diverse en pluralistiese gemeenskap.

Om ‘n gemeente te lei gedurende ‘n oorgangsperiode vereis die bou van brûe (verhoudings) en die ontmoeting van mense binne hul eie kultuur-opset. Dit is ‘n gekompliseerde proses om die spreekwoordelike klippe in die missionale “rivier” te oorkom. In die proses, waartydens ons ons identiteit ontdek en herdefinieer, bevind ons onsself op reis weg van ‘n leierskap wat bloot die normale gang van dinge handhaaf, na ‘n situasie van missionale leierskap. In hierdie proses van ontdekking, word ons daartoe in staat gestel om onsself binne die missionale raamwerk in te pas. Leiers is primêr diegene wat ook gelei word. Hulle soek, en reageer op die bewegings van God, van Christus en van die Heilige Gees in hulle lewens. Dit dui daarop dat God steeds besig is om te skep en te herskep. Hulle gaan nie op hul eie te werk nie. Hulle erken dat leierskap openlikheid betrek, sowel as ruimte vir die Gees (Robinson 2003:72). Een van die hoofbewegings van die Gees is om ‘n *Kenosis*-leierskap in mense in te boesem en om die situasie wat magsposisie weerspieël te verander. Hierdie soort leierskap skep ruimte om binne die Drie-eenheid te lewe, om vertroue, respek en verhoudinge op te bou, en om konflik te hanteer.

### 6.4.1 Risiko neem

Volgens die Skrif roep die sending mense tot ‘n visie wat radikaal anders is, en op ‘n reis wat groter en verskillend van ons s’n is. Die Skrif roep ons tot herinnering - ‘n wonderlike verhaal van ‘n verheerlikte lewe – nie vir onsself nie, maar om die wêreld se ontwil. Dit is een van die groot uitdagings wat ons leiers in die gesig staar wanneer hulle gekonfronteer word met die veranderinge wat hulle in die gemeenskap en in die kerk ondervind. As ‘n doodgewone gemeente in ons gemeenskap,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word daar op ons ‘n beroep gedoen om die risiko te neem en uit ons gerieflikheid-sones te beweeg en daardeur kerk te wees wat in die lig van die evangelie trans-formasie en verandering onder mense en gemeenskappe bewerkstellig (Robinson 2003:74). Vanuit missionale oogpunt (On the missional distance) is die Rynse Kerk in Bellville op die M0-1 wat uitreik na die kerkloses wat soos hulleself is. Hulle is egter nie betrokke by ‘n formele verafgeleë sendingveldtog nie.

### 6.4.2 Selgroepe

Een van die doeltreffendste werktuie wat in missionale strategieë gebruik kan word , is die klein groep (selgroep). Binne sulke groepe vind mense dit gemaklik om andere tot transformasie aan te spoor en te ondersteun. Dit is normale praktyk dat mense in gemeentes met mekaar in die konteks van klein groepies verbind word. Die doel hiervan is om geestelik te groei en om met die kerk verbind te bly. Dit word aanvaar dat mense, wat op geïsoleerde wyse by die eredienste betrokke is, geneig is om later van die gemeente af weg te dryf. Groot klem word geplaas op klein groepies, soos byvoorbeeld die Sondagskool, gebedsgroepe, die jeugbond en die vrouebond. Bybelstudie en gebed vorm deel van die vorming/transformasie-proses - maniere waardeur God die Heilige Gees in ons eie lewens en in ons lewens gesamentlik teenwoordig kan wees. Hulle verstaan ook die belangrikheid van verhoudings-verbintenisse wat op die vlak van klein groepies gevorm is. Die leiers van klein groepies fokus betekenisvol op assimilering en om uitreiking op gesonde vlak te hou. Dit is ‘n manier om ons lidmate in die siklus van transformasie te betrek.

### 6.4.3 Aanbidding en sakrament

Daar is sekere aktiwiteite waarmee die kerk haar altyd sal besig hou. Allerweë word dit beskrywe deur die klassieke kenmerke van die kerk: *kerygma, didache, koinonia* en *diakonia.* Hierdie voorgenoemde voorsien die basiese struktuur waarvolgens die sending en bediening van die gemeente beskryf word.

In die Rynse Kerk in Bellville vorm die Woord en sakrament ‘n belangrike deel van aanbidding. Wanneer ons die sakrament van die altaar ontvang, erken ons ons behoefte aan genade en vergifnis, sowel as Christus se bediening aan ons en, as sulks, deur ons aan die wêreld. In reaksie op die vrae in die etnografiese studie, het die *leesverslag* die transformerende uitwerking van liturgiese kleure en positiewe ondervindings deur die gemeente beklemtoon. Dit kan ook gebruik word as ‘n middel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om die realiteit van die Koninkryk van God deur Christus te verkondig, sowel as die transformerende krag van die Gees.

As ‘n kerk van die Hervorming, is die verkondiging van die evangelie die kern van aanbidding. Die evangelie van Christus is instrumenteel in ons belewenis van die Drie-enige God wat op sigself ‘n lewensveranderende ervaring is. Dit bly egter die verantwoordelikheid van die geordende pastor om die Woord te verkondig en die sakramente te bedien.

Dit skyn asof dit die beste is om die evangelie met andere te deel in ‘n styl wat dialoog en gespreksvoering weerspieël. Op die keper beskou, beteken dit dat ons ‘n meer responsiewe liturgiese formaat aanneem waarvolgens die gemeentelede aangemoedig word tot deelname aan die liturgie, eerder as om passiewe luisteraars tydens die erediens te wees. Tydens uitreikingsdienste word aan die gemeentelede die geleentheid gebied om hul geloof en belewenis met God met andere te deel. ‘n Veilige ruimte word geskep om spontaan en eerlik oor hulle gevoelens te wees.

Die bedieninge konsentreer op die aanspreek van huidige gemeenskapsaangeleent-hede, maar is ook by die werk van verandering en heling – van menslike transformasie - betrokke. Ons doel is om die gemeente by ‘n lewendige aanbidding, geloofsontwikkeling en bediening te betrek. Hierdie praktyk om met mekaar te deel, bevorder ‘n effektiewe instrument om volhoubare verhoudings te kweek. Hulle word ook aangemoedig op die missionale reis.

## 6.5 GELOOFSVORMING

Die primêre doel om missionaal te word, is tweeledig: (a) om betrokke te raak by die daaglikse lewens van mense, om daardeur hoop in hulle lewens te bring en om ‘n verskil in die gemeenskap te maak, en (b) sodat gelowiges in hul geloof kan groei. James Wilhoit (2008:15) stel dit so: “Geloofsvorming is aan die hart van die bestaansdoel van die kerk.” Geloofsvorming vind nie alleen plaas in groot of klein byeenkomste, of in die beoefening van geloofsvormende gewoontes nie, maar ten beste in die uitleef in die markplek[33] (marketplace ministers). Die fundamentele vereistes wat aan missionale leierskapstrategieë gestel word, moet op die oortuiging

[33] *Spiritual formation as if the church mattered* – James C. Wilhoit – Baker Academic. 2008. p15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor “Waartoe roep God ons?” – *missio Dei* gegrond wees. Dit sal ongetwyfeld van ons verwag word om op gesonde verhoudings te fokus en die spreekwoordelike sout van die aarde en lig van die wêreld te wees. Dit bring ons by die vraag oor hoe ons Christus in die wêreld weerspieël.

Leiers moenie net die bevoegdheid hê om hulleself te definieer nie. Hulle moet ook daartoe in staat wees om mense opgewonde te maak en hulle aanspoor om werk te verrig wat aanpassing by nuwe omstandighede bevorder. Dit beteken om mense te help om die uitdagings wat aan aanpassing gestel word, uit te ken en om hulle gefokus te hou op pogings wat aanpassing bevorder. Robinson (2003:124) voer aan dat die bediening, wat deur leke en geordendes gedoen word, onderling afhanklik van mekaar moet wees indien die kerk lewenskragtig en getrou wil wees. Robinson (2003:124-136) skets ‘n paar hoofkategorieë wat as ses verskillende strategieë vir leiers toegepas kan word. Hy sit dit uiteen met relevante voorbeelde. Vir die doel van hierdie tesis meld die navorser dit bloot met ‘n bondige opsomming:

- Klim op die balkon – verkry hierdeur ‘n holistiese uitsig en neem die geheel bo sy onderdele, sy kernwaardes en wat in werklikheid aangaan, waar.
- Identifiseer die aanpassingsuitdaging – die belangrikheid om vrae te stel. Die kwessie van doelstelling is sentraal. Die belangrikheid van visie.
- Reguleer angs – aanpassingswerk bring weerstand en pyn mee want verandering is moeilik; verandering deur aanvulling eerder as wegneem. Hou die spanning op ‘n produktiewe vlak.
- Handhaaf gedissiplineerde aandag – bly gefokus. Volhard ten spyte van blaam wat op andere geplaas word, sondebokke wat gesoek word en skeptisisme. Moedig eerder die periodieke ontwikkeling van gemeentelike strategiese planne aan.
- Gee verantwoordelikheid aan mense terug – goeie leierskap laat mense toe om hulle werk te eien en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.
- Beskerm leierskap van onder af – wanneer aanpassingswerk gedoen word, kom leierskap van buite of van onder af. Dit mag ‘n nuwe lidmaat in die kerk wees of iemand wat nuut is vir die raad of komitee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 6.6 AANBEVOLE STRATEGIEË VIR LEIERS

Die proses van strategiese beplanning hang af van die konteks waarin die gemeente fungeer. Die vier stadia wat deur Roxburgh (2010:83-84) aanbeveel word, kan as skema vir die verskeie stadia wat die verskillende strategieë bevat, dien. Interne en eksterne oudits – die versameling van data en informasie oor die kerk om te bepaal waar ons ons tans bevind – is belangrik. Dit is noodsaaklik om ons missie (sending) te omskryf, om God se doel vas te stel. Ons kan by Bybelstudie betrokke wees of besin oor die kerk se teologiese siening van ‘n bepaalde onderwerp. Dit kan ook beteken dat ‘n span saamgestel word om God se doel met die kerk te ontleed. ‘n Visie met betrekking tot die toekoms van die gemeente aangaande evangelisasie, groei, leierskap en aanbidding moet saamgestel word. Die laaste stadium van die aanbevelings is ineenskakeling: die ontwikkeling van ‘n plan wat ‘n reeks konkrete, meetbare aksies bevat wat volgens ‘n tydlyn beplan word totdat dit sy eind-bestemming bereik. Soos nuwe inligting en terugvoering binne en buite die kerk bekend word, word aanpassings van tyd tot tyd gemaak met die doel om die proses te verfyn totdat die einddoel bereik word.

Om hierdie strategieë te fasiliteer en om dit op effektiewe en bevoegde wyse oor te dra, sou dit raadsaam wees om skakelpersone te identifiseer wat invloedryk is en wat ‘n *coram Deo* lewensbenadering beoefen. Die funksionaliteit sal ook afhang van die leierskapsaanleg.

## 6.7 IMPLEMENTERING EN EVALUERING

Die missionale kerk bestaan uit die kinders van God wat, in sy sending van redding in die wêreld, in ‘n venootskap met Hom verkeer. Hierdie karakterisering maak doelbewuste voorsiening vir wyduiteenlopende vorms van uitdrukking; so wyd soos God se interaksie met sy mense. Om missionaal te wees impliseer nie dat jy by ‘n sekere punt aangekom het nie, maar wel die rigting waarin daar beweeg word. Dit is die versinnebeelding van *menswees* in die wêreld (McNeal 2009:38). As deel van ‘n span, behoort die leierskap bereid te wees om te beweeg en grense oor te steek. Die uitdaging is om ‘n netwerk van missionale gemeenskappe op te bou en om die weg te volg van missionale leierskap.

Die opbou van missionale leierskapsbevoegdheid bied aan die navorser die geleentheid om ‘n nuwe rol as motiveerder in die plaaslike kerk te speel. Dit sluit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onder andere in die opleiding van die leierskap om nuwe ondernemings aan te pak, om na mense se verhale te luister en daarin te deel, die ontwikkeling van ‘n meganisme om konflik te hanteer, die navorser se luistervaardighede te verskerp en te verbeter, en om onderlinge prestasies met mekaar te vier. Die navorser is van mening dat dit sy begrip van die dinamika verryk wanneer ‘n gemeente deur verskillende oorgangstadia beweeg.

## 6.8 GEVOLGTREKKING

Die navorser is daarvan oortuig dat, as iemand hom of haar binne ‘n “konserwatiewe” evangeliese gemeente-opset bevind, dit belangrik sal wees om gedurig, deur middel van die Skrif, tradisie en konteks, deur die Gees gelei te word. Tweedens moet die leierskap bewus gemaak word van die behoefte om die rigting waarin beweeg is, te verander. Die pad wat deur die leierskap en gemeente tot dusver gevolg is, word waardeer en die bewegings van die Gees in en deur sy Woord word geëer. Dit is die regte pad.

Die missionale renaissance is soos ‘n fris wind van die Drie-enige God wat ‘n verandering, wat op die Koninkryk gefokus is, sal teweegbring. Ons ondervind ‘n missionale honger en dors om ons tot God te keer en om deel te neem aan die sending van God in sy wêreld. Dit is inderdaad ons ondervinding, soos Robinson (2003:136) dit stel: “Leierskap in die midde van aanpassingsuitdagings is nie maklike werk nie, maar dit is goeie werk.” Die navorser is daarvan oortuig dat die probleem en uitdagings van tikverslawing die kerk oproep om in haar bedieningsopset vanuit die grondbeginsels van die missionale teologie geaffekteerde families te bedien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 7

# PRAKTIES-TEOLOGIESE REFLEKSIE EN STRATEGIE VIR DIE PLAASLIKE KERK

## 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk beoog die navoser om ’n teologiese refleksie op dié probleem en die navorsingsdata te lewer. Dit sal ook ’n strategie vir die pad vorentoe uitspel en aanbevelings bied vir die voorkoming van middelemisbruik deur ’n Koninkryksgedrewe kerk. Hierdie hoofstuk is ‘n voortsetting van die teologiese basis wat op normatiewe vlak vra: ‘Wat moet gebeur?’ (Osmer 2008:4). Hier word nie net prakties-teologiese refleksies gelewer op die probleem en uitdagings om ondersteuning te bied aan geaffekteerde families van tikverslaafdes nie, maar die plaaslike gemeente, met spesifieke verwysing na die Rynse Kerk Bellville, word ook gehelp met ‘n strategie wat voorgestel word. Hierdie strategie word voorgestel om lidmate te bemagtig om onderskeidend te reflekteer en deelnemend betrokke te raak om begrip te toon vir die behoeftes van geaffekteerde families van tikverslaafdes.

## 7.2 FUNKSIONERING VAN DIE GEMEENTE

Die gemeentelike leesverslag en ’n verdere gemeenskapsanalise bied ’n beter verstaan van die spiritualiteit wat as aanvaarbare grondslag vir die Rynse Kerk te Bellville gevestig is. Verskeie lidmate stel dit onomwonde dat die gemeente se karakter as “Protestants Gereformeerd” beskryf kan word. Die prediking binne die konteks van die gemeentelike aanbidding word hoog aangeslaan. Die predikant vervul in hierdie opsig ’n belangrike en deurslaggewende rol met die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente. In terme van die getalle van belydende en dooplidmate kan die gemeente tussen ’n familiale en pastorale kerk geplaas word. Daar heers sterk onderlinge verhoudings met mekaar en die leraar.

Betrokkenheid van die gemeentelede geskied by wyse van gereelde informele byeenkomste waartydens kerkraadslede leiding neem. Uitreiking oor kerkgrense heen vind dikwels plaas in die vorm van huisdienste en gemeenskapsaktiwiteite. Hierdie uitreiking oor verskeie grense heen het prinsipieel ten doel om hiper-relasionele versoening te bevorder. Daar word veral gefokus op kerklik-onbetrok-kenes en nie-kerklikes binne die gemeenskap. Sterk klem word geplaas op persoon-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

like bekering en ŉ verhouding met die Here. Die sorgdra van "bekeerde siele" kenmerk die missie van die uitreikende lidmate, en aansporing tot aktiewe deelname in gemeentelike werksaamhede word ook beklemtoon.

Die gemeente leef te midde van verskillende uitdagings in die breër gemeenskap wat ons noop om telkens introspeksie, ten opsigte van ons roeping en opdrag as kerk, te doen. Sosio-ekonomiese realiteite impakteer die relevansie van ons "kerk-wees" in ŉ postmoderne wêreld. Alhoewel die onkeerbare opkoms van sekularisasie sake vir die kerk ingewikkelder maak, behoort die kerk blywend relevant te wees.

ŉ Retoriese vraag is: "Watter rol behoort die kerk te vervul om wel saak te maak en nie in die gemeenskap as ignoreerbaar beskou te word nie?" Epogmakende gebeure is voortdurend aan die gang wat die kerk inderdaad telkens voor konkrete uitdagings laat staan.

As kerk, word ons gekonfronteer met aktuele vraagstukke wat baiekeer te kompleks is vir oorvereenvoudigde antwoorde. Hiervoor erken ons dat ons nie genoegsame bemagtiging het om ons publieke bediening effektief aan te pak en volhoubaar voort te sit nie. Die nood in ons gemeenskap is ontsettend hoog, en dikwels word die vraag gestel: "Wat kan die kerk doen om verligting te bring of hoe kan die kerk help?" Verder: "Hoe spreek die kerk die morele verval, korrupsie en ongeregtigheid aan?" wat besig is om ons gemeenskappe lam te lê. Die kerk is immers ŉ integrale deel van die gemeenskap en omgekeerd. Dit is dus interafhanklikheid wat nie vir oordeel nie, maar vir versoening vra. Sodoende word die koninkryk binne ons gemeenskap vergestalt.

## 7.3 BEKNOPTE REFLEKSIES OP MCKNIGHT (2007, *A COMMUNITY CALLED ATONEMENT*)

Die navorser maak gebruik van hierdie bron om die belangrikheid van gesonde verhoudinge, met onsself, ons medemens (in hierdie geval die dwelmverslaafde), ons Skepper en die natuur, aan te dui. As beeld van God is ons relasionele wesens. McKnight vra die vraag na die presiese betekenis van die Nuwe Testamentiese versoeningsleer. Hy begin vervolgens met die koninkryk van God (Lukas se *Magnificat* en die *Benedictus*) wat albei om geregtigheid en herstel gaan – en nie net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor individuele vergifnis nie. Versoening is dus meer as net individuele redding (McKnight 2007:11)

Tikverslawing, volgens alle aanduidings tas nie slegs die beeld van God aan nie, maar het 'n destruktiewe effek in ons verhoudings met God, ons medemens, onsself en die kosmos (McKnight 2007:21). As ons dus geskape is as die afbeeldings van God (*eikons*)[34] dan het die sonde ons as afbeeldings gekraak en dan is versoening nodig om die beeld van God in ons te herstel. Die ingewikkeldheid van verslawing word deur verskillende teorieë[35] (Hitzeroth & Kramer 2010:14), omskryf. Hierdie teorieë sluit die volgende modelle in:

1) Die morele model
2) Die geregtelike model
3) Die sosiokulturele model
4) Die sielkundige model
5) Die mediese model

Bogenoemde modelle is 'n aanduiding van die verskillende en dikwels uiteenlopende benaderinge wat ten opsigte van verslawing gevolg kan word.

Dis egter opmerklik dat Hitzeroth en Kramer die noodsaaklikheid van 'n geestelike komponent deurgaans aanbeveel wat 'n welkome motivering en leiding kan verskaf (Hitzeroth & Kramer 2010:21). In hierdie verband is die navorser van mening dat McKnight (2007) se versoeningsperspektiewe 'n moontlike fundamentele vertrekpunt kan wees tot die gemeentelede in hul stryd te midde van tikverslawing.

Volgens McKnight (2007:14) is versoening kompleks en kan dit nie slegs deur een Bybelse metafoor uitgebeeld word nie. Daar is nie een spesifieke manier hoe ons die betekenis van versoening kan verstaan nie. Verskillende beelde van versoening word gebruik en almal bevat 'n deel van die waarheid (2007:36). Die Woord "versoening" roep verskillende metafore op. McKnight (2007:38) sluit die volgende

---

[34] Eksodus 20 verbied enige afbeeldings van God, want Hy het reeds 'n afbeelding van Hom gemaak te wete die mens as man en vrou.

[35] Hierdie vyf verskillende verslawingsmodelle (teorieë) lok in akademiese kringe groot debat, uiteenlopende opinies en kritiek uit. Elkeen skyn die geloof te hê dat sy eie opvatting (of die opvatting van 'n moeder, 'n vader, 'n predikant, 'n dokter en sielkundige) die korrekte uitgangspunt verteenwoordig. 'n Multidissiplinêre benadering moet verenig word in 'n herstelplan, spesifiek met 'n bepaalde individu in gedagte (Hitzeroth & Kramer: 2010 (14,21)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

metafore in: “sacrificial (offering), legal (justification), interpersonal (reconciliation), commercial (redemption) and a military (ransom).” Hierdie metafore het ten doel om die leser of hoorder ’n beeld te gee van ’n voorwerp, ’n visie, ’n venster en ’n lens waardeur ons na die betrokke voorwerp of onderwerp kyk.

Die somtotaal, of kern, van al hierdie metafore is versoening met God, die self, ander mense en die wêreld. Uiteraard, word versoening deur lense gesien wat God se manier van ingryp in die herstel van intermenslike verhoudinge, verhoudinge met God, met die wêreld en met die self wat deur sonde skeefgetrek is. Versoening het in wese te make met die herstel van die deur-sonde-aangetaste-verhoudinge in ons verskeie kontekste.

## 7.4 METAFOOR VIR DIE PLAASLIKE KERK

Dis maklik om op een spesifieke metafoor vir versoening te fokus, byvoorbeeld regverdigmaking of bevryding. Metafore het verskeie betekenisse en projekteer verskillende bepaalde beelde. Daar is veelsoortige metafore, derhalwe is almal ewe belangrik, soos deur McKnight breedvoerig bespreek word. Elke beeld van versoening dra ’n kontekstuele betekenis (McKnight 2007:49) om die werklikheid te beklemtoon. Die verskillende versoeningsteorieë wat McKnight (2007:110-114) modelleer, word in die plaaslike gemeente aangetref, weliswaar in veelvoudige nuanses.

## 7.5 METAFOOR UIT DIE LEESVERSLAG

Na aanleiding van die leesverslag, beleef die gemeente “sedelike verval, vreemdelinge-instroming, onverwerkte vrese, uitdagings vanaf die dwelmkultuur en ’n algemene ontnugtering met ’n snelveranderde wêreld.” Hierdie realiteite werk steurend in op lidmate en is die “intieme familie” wat die gemeente kenmerk “onder beleg in die gemeenskap.” Te midde hiervan lyk dit of die kerk amper ’n vreemdeling geword het in haar eie “grootwordplek.”

Jongmense se oë word gevestig op ander aanbiedinge op die markplein, sommige kry selfs seer. Ouer lidmate trek weg en soek ander markpleine op. Maar almal onthou die kerk, en kom terug om kinders te kom wys (doop) en nuwe geliefdes bekend te stel (troues). Almal is bekommerd oor wat van haar (die kerk) gaan word. Tog sien die luisterspan dat sy regtig “*‘n wyse vrou* is, dat haar kinders om haar speel wat ander mense nie sien nie, dat sy die familie kan bymekaar hou al baklei

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle soms, dat sy eintlik alreeds weet hoe om die *deurmekaar markplein* aan die kant te maak."

### 7.5.1 Betekenis van versoening vir die plaaslike kerk

"Versoening" beteken nie vir almal altyd dieselfde nie. Net soos sonde, is dit kompleks en word kontekstueel bepaal. Volgens McKnight (2007:48), het teoloë veral vyf omvattende versoeningsmetafore geïdentifiseer, naamlik: inlywing in Christus, bevryding, selftevredenheid, morele invloed en plaasvervangende straf. Om versoening te verduidelik, haal McKnight (2007:49) vir Vincent Bacote aan: "Salvation, and therefore atonement's intent is public, political, pneumatological and concerned with a practical place."

As deel van 'n gemeenskap wat die pyn en onderdrukking van Apartheid ervaar het, is dit belangrik om ons eie metafoor van versoening te verstaan. Die sosio-ekonomiese realiteite wat spanning en konflik teweegbring, is faktore wat bewys lewer van die beskadigde ikone. Dit is terselfdertyd ook noodsaaklik om as behoudend-evangeliese geloofsgemeenskap ons identiteit te verstaan. Ons verstaan van versoening het vele gebreke wat nie op die volle waarheid berus nie. Slegs God bied volmaakte versoening aan (McKnight 2007:49). Wat sentraal staan in die versoening is dat Jesus met ons as sondige mense identifiseer deur self mens te word in alle opsigte, maar sonder sonde (Hebr 4:15) en ons inkorporeer – *in* Christus. Geregtigheid en regverdigmaking deur die geloof is 'n metafoor van versoening wat die beste in ons konteks pas, maar dit sluit beslis nie die ander beelde uit nie.

### 7.5.2 Sterkpunte en swakpunte

Regverdigmaking is korporatief en individueel; dit is relasioneel en geregtelik; dit spruit voort uit die "in -Christus" tema (McKnight 2007:109). Hierdie inlywing in Christus herstel die gebroke beeld "cracked *Eikons* to union with God and communion with others for a missional life focused on others and the world" (2007:61). Die versoeningswerk kan nie beperk word tot 'n individualistiese redding nie. Dit skep veranderde geloofsgemeenskappe tot voordeel van andere en die wêreld (2007:75). Versoeningsgemeenskappe breek grense af en rig eer deur die Geesgedrewe gemeenskappe wat God missionaal werk. Versoening is inklusief wat die menswording, dood en opstanding van Jesus en die gawe van die Heilige Gees tydens Pinkster alles omvat (2007:78). Elke retoriek van versoening is beperk, en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omskryf gedeeltelike waarhede, maar nie een is alles beskrywend nie. Al die fasette vorm dus saam ŉ geheelbeeld (2007:89).

Volgens McKnight (2007:94) het die hervormers hoofsaaklik twee swakpunte uitgewys: (1) dat die algenoegsame werk van God deur radikale individualisme verswelg is, en (2) dat die reformatoriese denkbeeld (begrip) van "regverdigmaking" essensieel te wetties was.

## 7.6 AANBEVELINGS VIR DIE PLAASLIKE GEMEENTE

Hierdie aanbevelings kan ook as 'n bedieningstrategie vir die gemeente gesien word. Die primêre doel om missionaal te wees, is om in te skakel by mense se alledaagse lewe, om hoop te bring en ŉ verskil in die gemeenskap te maak. Die fundamentele vraag is: "Waartoe roep God ons in ons verskillende gemeenskappe?." Hierdie vraag is ŉ ondubbelsinnige oproep om te fokus op gesonde en volhoubare verhoudinge met God, onsself, ons medemens en die wêreld. By implikasie, beteken dit dat ons die beeld van Christus in die wêreld moet weerspieël. Ons is nie slegs deel van ŉ `geloofsgemeenskap deur dit wat God vir ons gedoen het nie, maar ons is ook geroep om te doen by dit wat God vir andere buite onsself heen doen. Ons moet prakties betrokke raak op verskillende terreine van die samelewing. Geen mens mag uitgesluit word in ons uitreiking nie, maar moet omhels word deur aanvaarding en liefde. ŉ Holistiese benadering of allesomvattende plan moet as grondslag dien vir ons beweegkrag na buite waardeur ons God se vrede, genesing, geregtigheid en die vreugde uit die Gees gee, is vir die hele lewe.

Hoe behoort ons dit te doen? Hoe kan ons help? Watter strategie met betrekking tot ŉ versoeningsgemeenskap word voorgestel vir ons konteks?

Alle vorms van hulpverlening sal binne die raamwerk van die verlossings/bevrydings-doel van God gedoen word. Omdat die versoening multi-relasioneel helend is ten opsigte van God, die self, andere, en die wêreld, moet ons fokus van ons missionale strategie ook in dieselfde relasionele rigtings wees. Ons, as leiers, kan deur liefdesdiens te verrig meer effektief missionaal relevant wees. As leiers, moet ons ingesteldheid wees om die "Wyse Vrou" raak te sien, dit te vier en aan ons onmiddel-like omgewing in Bellville te wys dat ŉ ander lewe moontlik is - dat die Wyse Vrou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weer al haar “moeg en hopelose kinders na haar kan saamtrek.” Families kan ’n fenomenale rol speel om verskillende strategieë praktiese werkbaar te maak.

Die volgende strategieë kan deur die leierskap van die gemeente op verrykende wyses gebruik word om ’n relevante impak in die gemeenskap te maak. Die uitdaging is om hierdie middels so aan te wend dat dit nie die fokus van God wegdraai nie, maar dit juis versterk.

### 7.6.1 Woord en sakramente (doop en eucharistie)

Binne ons bedieningskonteks is Woord en sakramente ’n gewisse wyse om sinvol missionaal te wees. Dit is instrumente wat die leierskap kan aanwend om mense welkom te heet en nie uit te sluit nie, maar in te sluit in God se ruimtelose genade om volhoubare verhoudinge te kweek wat terselfdertyd kan meewerk om missionale koninkryksgemeenskappe te skep. Die sakrament van die nagmaal word besonders intens beleef en ervaar. Insgelyks is die bediening van die doop ’n besondere geleentheid wat families in die gemeenskap byeenbring.

Volgens McKnight (2007:151-152) is die doop ’n ritueel wat die kerk aan gebreekte ikone van hul onsuiwerhede reinig en skoonmaak. Die doop verkondig ook aan ons die inlywing met Christus en sy kerk. Die doop is die praktyk-ritueel van die kerk en een manier waarvolgens die kerk versoening bied. Die kerk bied hierdeur reiniging en inlywing aan sy lidmate en hul kinders as ’n verbondsgemeenskap of, anders gestel, herstelde verhouding met God, onsself en ons medemens as ’n missionale gemeenskap. Versoening behels die bediening en viering van die heilige doop met die inlywing in Christus.

Die viering van die eucharistie (nagmaal) is die kerk se teken van inlywing in die gemeenskap met God en sy mense. Die oorsprong van die nagmaal kan na die paasgebeure, wat telkens in herinnering geroep word, herlei word. Die nagmaal, waarby gelowiges van die kerk betrokke is, is ’n gemeenskapsgeleentheid en die sigbare werklikheid van die eenheid van die kerk oor die versoeningswerk van Christus, die Here, en is daar vir haar konstante behoefte om fees te vier (McKnight 2007:153).

Alhoewel die nagmaal met erns bejeën word, speel gasvryheid teenoor besoekers ’n baie belangrike rol, want ons werklike erns en die diepte van ons liefde word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daardeur getoets. Die Woord en sakramentsbediening kan as katalisator dien wat Christelike geloofsgemeenskappe aanmoedig om oor tradisionele grense heen uit te reik na ander geloofs- en kultuurgroepe.

Die nagmaal is ŉ sigbare verklaring dat die Christelike gemeenskap ŉ gemeenskap is wat sy lewe put uit Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer. Deur die viering van die eucharistie en gereelde toetrede tot die altaar, verkondig die plaaslike gemeente dat hulle met God, die self, hul medemens en die wêreld rondom hulle versoen is. Sodoende neem hulle aktief deel in die versoeningswerk van God in die wêreld.

Interaksie tussen gesinne en families, wat deelnemers aan die erediensgebeure en sakramentsbediening is, kan braaklande betree wat ruimte kan skep waarbinne gebreekte ikone ŉ tuiste kan vind, en deur die Drie-enige God gebruik en heelgemaak kan word. Tydens die bediening van die nagmaal word kinders ingesluit. Families word aangemoedig om saam na die altaar te kom en as gesinne deelname te hê in gemeenskap met God en mekaar. Belydenis om vergifnis, maar ook die feeskarakter gedurende die nagmaal, word sterk beklemtoon.

Die rol van die nagmaal is om versoening met God op tasbare te smaak en te geniet. Hierdie versoening word gereflekteer deur onderlinge verhoudinge met ons medemens, die wêreld, die natuur en met onsself. Die nagmaal dra ook ŉ eskatologiese inhoud wat alle gelowiges en die hele skepping met verwagting laat uitsien na God se geregtigheid in alles en in almal.

Die tekens van die koninkryk is reeds aanwesig waar reg en geregtigheid in die samelewing gevestig word. In en deur die nagmaal word ons uitgedaag om doelgerig saam te werk met God se sending (*missio Dei*) in sy wêreld vir vrede, geregtigheid en liefde onder alle mense. Só word die Woord en sakramente genademiddele om versteurde verhoudinge te herstel en gemeenskappe te skep waar gesondes of versoendes manifesteer. Die nagmaal *per se* moet niemand uitsluit op grond van etniese of kultuurverskille nie. Dit sluit almal in wat Christus as Heer bely.

### 7.6.2 Gebed

ŉ Ander strategie is die waarde van gebed - onselfsugtige gebed wat op God gerig is sodat sy wil ook op die aarde kan geskied In hierdie opsig, word periodiek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geleenthede in die gemeente geskep om die aangesig van God te soek. In sy uiteensetting van gebed as versoening, verklaar McKnight (2007:154) dat “gebed is om voor God se aangesig te verskyn met hart, siel, verstand en krag. Gebed is ook om te leer om gesamentlik voor God se aangesig te verskyn.” Deur gebedsgeleenthede word lidmate aangemoedig om voor God te staan individueel, maar ook kollektief, om herstel te word met God, die self en ander mense. Op hierdie manier is gebed ook versoenend van aard.

Gebed speel ’n kardinale rol in die lewe van die gemeente om hulle oop te stel vir die werking van die Gees. Die gemeente toon groot dankbaarheid vir die genade van die Here, en sien dit op verskeie plekke in hul saamwees - deur saamwees, deur die prediking, deur die sang, en veral deur gebed. Dis duidelik uit die luisterverslag dat baie lidmate “in gebed die geleentheid kry om hulle lewens voor die Here neer te lê, en verhoring te ondervind.”

Kontekstuele blootstelling, deur middel van inligting en verskillende netwerke, kan doelgerigte gebed aanhelp. Die gemeenskap kan daarby baat vind as die gemeente of gebedsgroepe uitreik na die onderskeie skole in die gebied en ’n skool, of skole, “aanneem” as ’n fokuspunt vir voorbidding. Deur aktiewe betrokkenheid by die skole, kan die kerk ’n positiewe en waardevolle bydrae in die holistiese vorming van leerders in die gemeenskap lewer. Hierbenewens, kan daar ook uitgereik word na die veiligheidsdienste en ‘n konstruktiewe bydrae aan slagoffers, oortreders, asook die verskillende wetstoepassers gelewer word.

Gereelde “sirkelgebede” word beoefen waartydens die aanwesiges verdeel word in groepe wat verantwoordelik is om vir mekaar te bid. Vriende word genooi, wat op hul beurt hul vriende nooi. Tydens gebedstye word na behoeftes geluister en geleenthede word gegee om vir spesifieke versoeke voorbidding te doen.

Die Rynse Kerk Bellville neem nie slegs gereeld deel aan gesamentlike gebede met kerke in eie sinodale verband nie, maar in die ekumeniese gesamentlike dienste, soos byvoorbeeld die jaarlikse Hemelvaartdiens, Pinksterafsluiting en Vredesdiens, speel hierdie gemeente ’n prominente rol in gebedstye. In hierdie opsig, volgens McKnight (2007:156) se beskrywing van gebed in die breëre gemeenskap, het die leierskap reeds grense oorgesteek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gebed moet nie net rondom onsself en eie behoeftes sentreer nie, maar moet eerder 'n verbreding van die lewe tot 'n soeke na 'n verdieping van ons verankerdheid in God ontwikkel. Ons bede is onophoudelik: "Laat U koninkryk kom." Deur gebed sien ons dat die krag van die koninkryk in die wêreld sigbaar sal word; dat die sosiale skeidings in die kerk plek sal maak vir 'n oop gemeenskap van geloof en liefde.

### 7.6.3 Sosiale betrokkenheid

God se sending is gefokus op die wêreld, in teenstelling met die attraksionele model. Volgens die Matteus-evangelie het Jesus 'n holistiese benadering ten opsigte van die bevryding van mense gehad. Die hele skepping is deel van God se transformerende versoeningswerk. Missionêre leierskap moet dus deel wees, en 'n uitdaging wees, vir allesomvattende versoening.

Die leierskap van die gemeente kan deur skakeling met die plaaslike kliniek 'n ontsettende bydrae lewer deur inligtingsdienste in die gesondheidsektor. Die gemeente is bevoorreg om in die leierskap 'n mediese dokter te hê wat, benewens sy mediese praktyk, 'n aktiewe lidmaat is. Daarbenewens, is 'n paar verpleegsters en ander versorgers ook deel van die gemeente. Deur noue samewerking kan die kerk 'n betekenisvolle bydrae lewer om die nood van die armes te verlig, te help met tuisversorging aan terminaalsiekes, en 'n boodskap van hoop uit te dra aan die gemeenskap.

Deur verskillende netwerke kan die kerk 'n ontsaglike rol speel in die nywerheidsgebied wat deel vorm van die demografie van Bellville-Suid. Aangesien die woonbuurt omring is deur 'n industriële gebied kan, deur middel van strooibiljette en ander mediameganismes, werkgewers en werknemers deel word van die versoende en versoenende gemeenskap.

### 7.6.4 Kleingroepbediening

Missionale kleingroepbediening kan 'n gefokusde gemeenskap wees wat 'n verskil in die wêreld maak en wat by God se sending in hierdie wêreld aansluit (Boren 2010:13). Daar is verskillende belangrike elemente van kardinale belang in die totstandkoming en voortsetting van hierdie tipe bediening. Vir die doeleindes van hierdie tesis word slegs die volgende genoem (2010:5):

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om te luister na, en verbind te word aan, die verskillende ritmes van ons menswees, byvoorbeeld ons daaglikse lewens - ons persoonlike lewens. Dis belangrik om te leer om relasioneel te wees in die wyse van ons interaksie met mekaar en in ons gemeenskap.

- Om te luister na die groep se lewenstories en dit met mekaar te vier.
- Om onderskeidend herhaaldelik te luister na die Evangeliese verhale/stories.
- Om te luister na die ritme van die stories en missionale betrokkenheid van die gemeenskap.
- Om die missionale ritme in gemeenskap met God te wees deur gefokusde aanbidding.

Die leierskap behoort die implementering van ‘n kleingroepbediening goedgunstiglik te oorweeg omdat dit verskillende moontlikhede vir die gemeente kan skep:

- Dit bring die gemeente naby genoeg aan die gemeenskap om die gemeenskap te *dien*;
- Die gemeente en die gemeenskap is naby genoeg om *vennote* van mekaar te wees;
- Die gemeente is naby genoeg met die gemeenskap om *een* (solidariteit) te wees.

Hierdie vorm van bediening sal konkreet en vormgewend wees aan koninkryks-gerigte gemeenskappe, wat versoenend kan inwerk (sout) en helende verhoudinge tot gevolg kan hê. Dit roep gesinne en families op om as verteenwoordigers van Christus betrokke en dienend in die sosiale konteks te wees. Die idee is dat elkeen aan ’n kleingroep sal behoort. Daar kan groepe wees vir die senior burgers, jeug, en families met ‘n tydgleuf vir kinders en ’n groep vir enkellopendes. In ‘n kleingroep-bediening word persoonlike verhoudings gebou waarbinne mense vir mekaar kan help, ’n tuiste bied, en hoop bring en vir mekaar opbou om so saam met God deel te neem aan die herstel van families met verslaafde kinders.

### 7.6.5 Ekumeniese skakeling

As leierskap in die gemeente, is die soeke na kerklike eenheid een van die mees effektiewe maniere om die evangelie uit te leef om koninkrykgemeenskappe uit te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

brei. Die kerk is deel van die breër gemeenskap en, as kerk, moet ons deel wees van ’n groter kerklike stem om profeties en priesterlik ons getuienis hoorbaar en tasbaar te maak. Op hierdie wyse, is die kerk ’n teken van die koninkryk in God se wêreld.

Volgens die ervaring van die luisterspan, is dit nie “om dowe neute dat juis die Rynse Kerk in Bellville geplaas is nie. Die gemeente het dit reggekry om, te midde van ’n stuk negatiwiteit, ’n familie te skep wat mense kan voed, intrek en veilig hou.” Dit is opmerklik dat ’n familie “soms vergeet van hulle sterk punte, wat soms die feit miskyk dat hulle eintlik reeds die rustige antwoord ontwikkel het vir die chaotiese wêreld rondom hulle.”

Die Rynse Kerk Bellville speel reeds ’n invloedryke rol in die ekumeniese kerk wat seine van die groot gemeenskapstransformasie weerkaats. Die kerk bestaan nie slegs terwille van haarself nie, maar vir ander - dus ’n versoende model van die kerk. Die kerk is opgevang in die werk van die Seun en die Heilige Gees, wat van die missionale Vader kom, en wat gestuur is in die wêreld (McKnight 2007:138).

McKnight (2007:141) beklemtoon saam met Bosch dat die missionale lewe van die kerk het dus deelname in die versoening en om, soos Christus, “becoming a living member of his community, the church; being enlisted into his service of reconciliation, peace, and justice on earth; and being committed in God’s purpose of placing all things under the rule of Christ.”

## 7.7 GEVOLGTREKKING

Op die keper beskou, is alle strategieë gebonde aan die situasie waarin ’n kerk werk-saam is en wat ’n bepalende rol speel in die kerk se taak en uitvoering daarvan in ‘n bepaalde gemeenskap. Bogenoemde strategieë is bakens in die versoeningsmomente van hoe God sy kerk saamneem op die geestelike reis om Sy wil te laat geskied in die lewens van sy mense. God deel sy missie met ons sodat beelde, deur sonde aangetas, weer herstel kan word in en deur ons inlywing in Sy kerk en ons verbintenis tot die herstel van gebroke verhoudings. Hierdie herstelde verhoudings reflekteer ons lewens voor God, met onsself, ons medemens en die wêreld rondom ons, inbegrepe die natuur. ’n Gemeenskap waarby niemand uitgesluit is nie, maar omhels word met arms van liefde, genade, reg en geregtigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bostaande gevolgtrekking sluit aan by die navorser se kernvraag: “Watter strategie kan ontwikkel word om die gemeente te bemagtig om die behoeftes wat vanweë die verslawingsprobleem bestaan, doeltreffend te benader?” Dit blyk baie duidelik dat die volgende afleidings uit hierdie studie spruit:

a) Die kerk bestaan vir die wêreld. Dit impliseer dat die kerk nie ‘n doel in sigself is nie, daarom sal die kerk sy eie gees, sy eie betekenis en bedoeling alleen ken namate hy die wêreld in al sy kompleksiteite ken. Hier wil die navorser net meld dat die gebrekkige vermoë om self die komplekse situasies wat voortspruit uit tikverslawing doeltreffend te hanteer, ‘n geleentheid van onderrig en ondersteuning vir die kerk kan bied om met verworwe kennis van die epidemie, families holisties te begelei.
b) Die kerk kan die dwelmverslaafdes of hul families nooit verdoem of veroordeel nie, maar moet eerder help deur grense oor te steek en hulp te verleen om sinvolle gedragspatrone vanuit Christus te ontwikkel.
c) Die taak van die kerk behoort eerstens te lê op die gebied van inligting deur middel van publikasies, gemeentelike nuusbriewe, webwerwe, asook prediking. Om mense in hul vrye tyd op verskillende maniere te betrek en gesinsverbande te versterk. Die kerk is toegerus met ‘n boodskap waaraan dwelmverslaafdes ‘n behoefte het, maar dit moet ook ‘n dienskarakter toon. Dit blyk duidelik dat kerk begrip moet toon vir die uiteenlopende behoeftes wat geaffekteerdes ondervind.
d) Dit is ook van kardinale belang wees dat dat kerk doelge-oriënteerd moet wees wat, by wyse van die bestudering van die Skriftuurlike doel van die kerk, sou wees. Die kerk mag nie opgelei word om die pastor te volg nie maar, as kerklike gemeenskap, moet sy haar Godgegewe doel uitleef.

## 7.8 BEPERKINGE VAN HIERDIE STUDIE

Een van die doelwitte van die hierdie studie was “om met gevallestudies die probleem van families van tikverslaafde kinders, te beskryf.” Hierdie studie het egter nie spesifiek gefokus op die dwelmverbruiker wat self aan tik verslaaf is nie. Dit kon ‘n moontlike beperking plaas op hierdie ondersoek omdat die verslaafdes dalk self ‘n in-diepte mening kon gee oor hoe hulle die rol van die kerk sou beskou ten opsigte van hul behoeftes wat hulle in hul gesinne beleef.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende beperking van hierdie studie hou verband met die veelvoudige bronne van getuienisse wat gebruik is. Om die triangulasie te verhoog, sou die deelname van ander lede van die familie die kwaliteit van die navorsings-ontwerp versterk het. Die inligting wat hulle sou verskaf, kon dalk die kwalitatiewe insig verryk het.

'n Ander beperking is dat bykans al die deelnemers van enkelouergesinne is. Vir verdere studie sal aanbeveel word dat die kerngesin deel uitmaak van so 'n ondersoek.

Laastens, hierdie studie was beperk tot 'n bepaalde konteks, maar die doel was nie om te veralgemeen nie. Daarom was ten minste vier indiwidue uit geaffekteerde gesinne genooi om vrywillig deel te neem.

## 7.9 VERDERE NAVORSING

Verdere navorsing oor die effektiewe rol van die kerk met betrekking tot die dwelmprobleem as inter-dissiplinêre studie word aanbeveel. Hierdie aanbeveling het ten doel dat ontwikkelings-en-bemagtigingsprogramme geïntegeerd beplan en aangebied word met ander sosiale en geesteswetenskappe wat kan bydra om die rol van die kerk in die gemeenskap te versterk. Die komplisiteit en aard van verslawing noop die kerk om om nie slegs 'n sielsinstituut te wees vir haar lidmate nie, maar 'n geloofsgemeenskap wat wyer netwerk en hoop sal kan bied aan hulle wie se lewens deur dwelmverslawing verwoes word en die wat daardeur geaffekteer is.

## 7.10 SLOTOPMERKINGS

Dat die oorheersende en negatief-afbrekende krag van die probleem van tikverslawing effektief roep om doelgerigte intervensie van die geloofsgemeen-skappe is 'n realiteit wat nie geïgnoreer kan word nie. Die probleem van dwelm-verslawing is 'n uitwysing van die mens se onvermoë om in eie krag te bestaan, waartoe God hom/haar bestem het; 'n bevestiging daarvan dat die mens hom-/haarself nie kan bevry nie.

Die hoofdoelwit van die navorser, wat self die pyn en ellende ervaar, is om geaffek-teerdes met hul unieke behoeftes as gevolg van tikverslawing, tot die bevrydende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

krag van die evangelie te lei. Deur die verlossing in Christus wat nuwe perspektiewe op die versmorende krag van dwelmverslawing kan werp, is daar altyd hoop.

Die uitdagings wat dwelmverslawing aan die verskillende geloofsgemeenskappe bied is baie kompleks, daarom is die navorser van mening dat hierdie studie talle beperkinge aandui wat ‘n refleksie is op die onvoltooidheid van die menslike bestaan midde-in daaglikse gebrokenheid.

## BIBLIOGRAFIE

ALBERTSON, TE DERLET, RW & VAN HOOZEN, BE 1999. *Methamphetamine and the expanding complications of amphetamine*. The Western Journal of Medicine, 170(4), 214-220.

ANCONA, D. 2005. *Leadership in an age of uncertainty*. MIT Leadership Centre: Cambridge, Massachusetts.

ARMOUR, M & BROWNING, D. 2000. *System-sensitive leadership. Empowering diversity without polarizing the church.* Joplin, Missouri: College Press.

AUGUST, KTh. 2003. *The Quest for Being Public Church*: *A Study of the South African Moravian Church in Historical and Contemporary Perspective*. Unpublished Doctoral Thesis. Stellenbosch: University of Stellenbosch.

AUGUST, KTh. 2005. *The Quest for Public Church*. Cape Town: Moravian Printing Works.

AUGUST, KTh. 2010. *Equipping the Saints: God’s measure for development*. Stikland, Bellville: The Print-Man.

BAAH, S.1987. *The Church in Response to Human Need.(Ed. Samuel and Sugden)* Grand Rapids. Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

BABBIE & MOUTON, 2009. *The practice of social research*. Ninth impression. Oxford: University Press.

BABBIE, E & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research*. Oxford: University Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BARABANDER, CS. 1993. Alcohol and drugs in the workplace. In: Straussner, SLA 1993. *Clinical work with substance-abusing clients.* New York: The Guilford Press.

BARNA, G. 2002. *A fish out of water. Nine strategies to maximize your God-given leadership potential.* Brentwood: Integrity.

BAXEN, J. 2008. *The State of the Population in the Western Cape*. Journal. HSRC. Chapter 9, p 197. www.hsrc.press.ac.za

BEEBE, DK & WALLEY, E. 1995. Smokable methamphetamine ("ice"): An old drug in a different form. *American Family Physician*, 51(2).

BENGHIAT, L. 1999. *How to Raise Drug-free kids*. Reader's Digest Family guide. April; 11:p11.

BLESS, C & HIGSON-SMITH, C & KAGEE, A . 2006. *Fundamentals of social research methods*: *An African perspective.* (4th edition). Cape Town: Juta & Co. Ltd.

BOREN, SCOTT M. 2010. *Missional small groups: Becoming a community that makes a difference in the world*. Grand Rapids: Baker Books.

BOSCH, DJ. 1991. *Transforming Mission: Paradigm shifts in theology of mission.* New York: Orbis Books.

BRAUN, V & CLARKE, V. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative research in psychology*, 3, 77-101.

BRŰMMER, W. 2004. 'Ek weet ek hét my kind verloor. *Die Burger*. Augustus, 14

BURKEY, S. 1993. People First. *A Guide to Self-Reliant Participatory Rural Development*. London: Zed Books Ltd.

*BURGER: 2011.* 04 Maart 2011

BURGER, Coenie. 1995. *Gemeentes in transito: Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi.

BURGER, COENIE. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die Kerk van Christus.* Stellenbosch: BUVTON.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

CAELERS, D. 2004. Tik the mother city's devastating teen time bomb. *Cape Argus*: 27 October, 10

CARROLL, JW, DUDLEY CS & McKINNEY, W. 1986. *Handbook for congregational studies. Nashville: Abingdon.*

CASTELLS, M. 1997. *The information age: Economy, society and culture. Vol 2.* India: Blackwell Publishing.

CASTELLS, M. 2000. *End of millenium.* 2nd edition. Malden, USA: Blackwell Publishing.

CASTELLS, M, 2004. *The power of identity.* 2nd edition, Malden, USA: Blackwell Publishing.

CHRISTELIKE AFHANKLIKHEIDSBEDIENING, [S.a]. *Kursus in Middelafhanklikheid*. Ongepubliseerde Kursusnotas. [S.l.:s.n.].

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS, [S.a.]. *Tik: die dodelike dwelms op ons voorstoep*. Wellington.

CRESSWELL, JW. 1998. *Qualitative inquiry and research design: Choosing among five traditions*. California: Sage Publications.

CRONJE, T. 2007. *Tik: what are the facts?* Bellville: South African Council on Alcoholism and Drug Dependency (Western Cape).

DANIELS, T. [S.a.]. *Bellville-South Partnership Project: Information Pack.* Unpublished Notes on Bellville-South. City of Cape Town.

DE VOS, AS (ed), STRYDOM, H, FOUCHE, CB & SCHURINK, EW. 1998. *Research at grass roots – A primer for the caring profession.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

DE VOS, AS (ed), STRYDOM, H, FOUCHÉ, CB, & DELPORT, CSL. 2002. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

DIE RYNSE KERK IN SUID-AFRIKA, 2011. *Gemeentelike Verslae aan die Sinode en Streeksrade (2009 – 2011).* Sinode 2011.

DONALD, D, & LAZARUS, S & LOLWANA, P. 2002. *Educational pscychology in social context:* Cape Town: Oxford Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DOWEIKO, HE. 1999. *Concepts of chemical dependency*. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

DREYER, Danie. 2003. *Leef jou gemeente regtig*? Wellington: Lux Verbi BM.

DUDLEY, Carl S. 1999. *Next steps in community ministry*. The Alban Institute, Inc.

EDMONDS & WILCOCKS, 2000. *Teen drug scene. A guide for parents and schools.* Pinegowrie: Little Oak Publications.

EMMETT David & NICE, Graeme. 1996. *Understanding drugs*: *A handbook for parents, teachers and other professionals*. London: Jessica Kingsley Publishers.

FIELDS, R. 2001. *Drugs in perspective: A personalized look at substance use and abuse (4th Ed).* Boston: McGraw Hill, Inc.

FISHBEIN, DH & PEASE, SE. 1996. The dynamics of drug abuse. Boston: Allyn & Bacon.

FOWLER, 1991. Weaving the New Creation. Stages of Faith and the Public Church. San Francisco CA: Harper.

FRIEDMAN,TL. 2007. *The world is flat. A brief history of the twenty-fisrt century (further updated and expanded).* New York: Picador.

GALANTER, M & KLEBER, HD (eds.). 2011. *Psychotherapy for the treatment of substance abuse*, Washington, DC: American Psychiatric Publishing, Inc.

GERRING, John. 2007. *Case study research*: *Principles and practices*. Cambridge: University Pres*s.*

GHODSE, H. 1995. *Drugs and addictive behaviour: A guide to treatment* (2nd Ed.) London: Blackwell Science.

GILLMAN, Bill. 2000. *Case study research methods*. London: Continuum.

HALLMAN, David G. 2000. *Spiritual values for earth community*. Geneva: Risk Book Series. WCC Publications.

HEALTH 24, 2008. *Crystal meth: Are you up to speed?* Beskibaar [aanlyn]. Besoek 2011/03/23. http:www.health24.com/mind/Sexual_dysfunction/1284-1300,28037.asp

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HENDRIKS, HJ. 1992. *Strategiese Beplanning in die Gemeente: die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing.* Wellington. Hugenote-Uitgewers.

HENDRIKS, HJ. 2004. *Studying congregations in Africa.* Wellington. Lux Verbi.BM

HERMAN- STAHL, MA, KABS, CP, KROUTIL, LA & HELLER, DC. 2006. Risk and protective factors of methamphetamine use and nonmedical use of prescription stimulants among adults aged 18 to 25. *Addictive behaviors*, 32(5), 1003-1015.

HEYNS, JA. 1977. *Die Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel

HICKS, CM. 1999. *Research Methods for Clinical Therapists: Applied project designs and analysis.* Edinburgh: Churchill Livingston.

HIRSCH, A. 2006 . *The forgotten ways: Reactivating the missional church*. Grand Rapids Michigan: Brazos Press .

HITZEROTH & KRAMER. 2010. *Die einde van verslawing: 'n Volledige Suid-Afrikaanse gids. Hoe om verslawing aan dwelsm en drank te oorkom*. Kaapstad: Human & Rousseau.

HOUSTON, S & SYGMA, C. 2008. *Makkerberading*. Toevlug Nuus.

JANSEN, V. 2002. *Kinders kry al vroeër te doen met drank en dwelms*. Die Burger, Oktober:20

JONKER, Willie. 2008. *Die relevansie van die kerk: Teologiese reaksies op die betekenis van die kerk in die wêreld*. Wellington: BM Bybel-Media.

KAMINER, Y & WINTERS, KC. eds. 2011. *Clinical manual of adolescent substance abuse treatment.* Washington DC: American Psychiatric Publishing, Inc.

KEIFERT, P. 2007. *Ons is nou hier: 'n Nuwe era van gestuur-wees.* Wellington: Bybel-Media.

KINSERY-McCABE & CAMPBELL, 1991. Effects of addiction on the addict, in Daley, DC and Raskin, MS (Eds.). *Treating the chemically dependent and their families.* Newbury Park: Sage Publications.

KOFFINKE, C. 1991. Family recovery issues and treatment resources, in Daley, D.C and Raskin, MS (Eds). *Treating the chemically dependent and their families*. Newbury Park: Sage Publications.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KORTEN, David C. 1990. *Getting to the 21st century*: *Voluntary action and the global agenda.* Connecticut: Kumarian Press.

KOTZE, AM. 1976. *Die Selfstandige Rynse Kerk van Suid Afrika (1951-1976)*, Parow. Cape and Transvaal Printers

LABUSCHAGNE, FJ & EKSTEEN, LC. 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 8ste uitgawe.* Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

LEGGETT, Ted. 2001. *Rainbow vice*: *The drugs and sex industries in the new South Africa.* Claremont: New Africa Books (Pty) Ltd.

LERNER, R & BRENNAN, AL (n.d). The parenting of Adolescents and Adolescents as Parents: A developmental Contextual Perspective. Retrieved Januarie 2011 van http://parenthood.library.wisc.edu/Lerner/Lerner.html.

LOUW, DA. 1990. *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag*. Kaapstad. Southern Boekgewers, CTP Book Printers.

LOUW, LK , 1987. *'n Analise van die gemeentesituasie met die oog op gemeentebou* in Smuts, AJ Praktiese Teologie in Suid Afrika. 2 Gemeentebou. Pretoria. NG Kerkboekhandel.

LUISTERSPANVERSLAG. 2010. *Blog 4 MTh Klas*. Ongepubliseerde Klasnotas. Universiteit van Stellenbosch.

MANDELA, N. 1999. *National Drug Masterplan*, Kaapstad. Tuynhuys. Maart 1999

MANS, P. 2000. *Word straatwys oor dwelms*: 'n ABC vir die ouers en kinders. 1st uitgawe. Kaapstad:NBD

MARAIS, F & TAYLOR-ELLISON, PT. 2007. *Push through the pain: The Spirit transforming churches across the world.* Ongepubliseerde Materiaal.

MAX-NEEF, MA, 1999. *Human scales development*. New York: Cross Road.

MCKNIGHT, Scot. 2007. *A community called atonement*. Nashville: Abingdon Press.

MCNEAL, R. 2009. *Missional renaissance: Changing the scorecard for the church.* San Francisco: Jossey-Bass.

MOLTMANN, J. 1979. *Hope for the Church: Moltmann in dialogue with practical theology*.Nashville Tennesse. Abington Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

MORTENSON, V & NIELSEN AO (ed.), 2010. *Walk humbly with the Lord: Church and Mission Engaging Plurality*. Grand Rapids. William B. Eerdmans Publishing Company.

MEDICAL RESEARCH COUNCIL (MRC) PARLIAMENT REPORT, 2005. *Report to Parliament: Alcohol and Drug Abuse Research Unit.* Beskikbaar [Aanlyn] by http://www/mrc.ac.za//adarg/parliament2005.htm

MUDROCK, GP. 1967. *Social Structure.* New York. The Free Press

NATIONAL DRUG MASTER PLAN, 1999. Welfare and Population Development. Drug Advisory Board. February 1999.

NEL, MALAN,1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion

NEWBIGIN, L. 1989. *The Gospel in a Pluralist Society*. Grand Rapids. William B. Eerdmans Company.

NOBLE, SE. 2005. *Die gesin se rol in die voorkoming van adolesssente se middelemisbruik: 'n Maatskaplikewerk-Perspektief.* Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch.Universiteit van Stellenbosch.

ODENDAL, FF, GOUWS RH (Red.) 2000. *VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL (HAT)*. Midrand. Perskor Uitgewers.

OSMER, Richard R. 2008. *Practical Theology: An introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.

PARRY, CDH, BHANA, A, PLÙDDEMANN, A, MYERS, B, SIEGFRIED, N , MOROJELE, NK, FLISHER, AJ & KOZEL, NJ. 2002. The South African Community Epidemiology Network on Drug Use (SACENDU): description findings (1997-1999) and policy implications. *Addiction*, 97 (8), 969-976.

PARRY, C. 2003. *South African Community Epidemiology Network on Drug Use (SACENDU): Monitering alcohol and drug abuse trends in South Africa.* Cape Town: Medical Research Council.

PARRY, CDH, MYERS BJ, PLÙDDEMAN A. 2004. Drug policy for methamphetamine use urgently needed. *South African Medical Journal* 2004, 94:964-965 (No 12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PARRY, CDH, PLÜDDEMAN, A, DONSON, H, SUKHAI, A, MARAIS, S, and LOMBARD, C. 2005. Cannabis and other drug use among trauma patients in three South African cities, 1999-2001. *South African Medical Journal, 95*(6), 428-431.

PLÜDDEMANN, A. 2001. The South African community epidemiology networdk on drug use (SACENDU). *Urban Health and Development Bulletin, 4(1*).

PLÜDDEMANN. A , PARRY,C, BHANA, A, HARKER, N, POTGIETER, H, GERBER, W, JOHNSON, C. 2005. The South African Community Epidemiology Netword on Drugs Use (SACENDU): Monitoring Alcohol and Drug Trends in South Africa (July 1996-December 2004) *Research Brief*, 8(1).

PLÜDDEMANN, A, MYERS B, PARRY C. 2007. *Fact sheet-methamphetamine* ("meth", "tik", "tuk", "Speed", "crystal"). Beskikbaar [aanlyn] Besoek 2011/03/23. http://www.mrc.co.za./public/methamphetamine.pdf

PLÜDDEMANN, A Myers, BT & Parry, CDH. 2008. Surge in treatment admissions related to methamphetamine use in Cape Town, South Africa: implications for public health. *Drug and Alcohol Review*, 27, 185-189.

PLÜDDEMANN, A *et al*. 2010. The South African community epidemiology network on drug use (SACENDU). *Monitoring alcohol and drug abuse trends in South Africa (July 1996-December 2009)*.

RIFKIN, Ira. 2004. *Spiritual perspectives on globalization*: *Making sense of economic and cultural upheaval.* Woodstock, Vermont: Skylight Paths Publishing.

ROBINSON, AB. 2003. *Transforming congregational culture*. Eerdmans: Grand Rapids.

ROXBURGH & BOREN. 2009. *Introducing the missional church: What it is, why it matters, how to become one*. Grand Rapids: Baker.

ROCHA-SILVA, L. 1991. *Alcohol and other drugs by black residents in selected areas in the RSA.* Pretoria. The Centre for Alcohol and Drug related Research.

ROXBURGH, AJ. 2010. *Missional map-making: Skills for leading in times of transition.* San Francisc: Jossey-Bass.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SACENDU, *South African Community Epidemiology Network on Drug Use*. Vol 13 (1), Medical Research Council, Tygerberg.

SAMUEL, Vinay & SUGDEN, Chris. 1987. *The church in response to human need.* Grand Rapids, Michigan: Regnum Books, William B. Eerdmans Publishing Company.

SCHAFFA, M. 2001. *Occupational Therapy in Community-Based Practice Settings.* Philadelphia: F.A Davis Company.

SCHREITER, RJ. 1998. *The new catholicity: Theology between the global and the local.* New York: Orbis.

SEPTEMBER, R. 2008. *A case study examining the experience of a methamphetamine addict and its impact on the family relationships*. Ongepubliseerde MA skripsie, Universiteit van Wes-Kaap.

SMIT, D. 1996. Oor die Kerk as 'n Unieke Samelewingsverband. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe.* 36(2): 119-127

SOUTH AFRICAN TRAVEL FORUM AND BULLETIN BOARD (SATFBB), 2006. "Tik" (crystal meth). Beskikbaar [aanlyn] Besoek 2011/03/23]

SUID AFRIKAANSE POLISIEDIENS. 2011. *Misdaadverslag*. Bellville-Suid.

STEYN, Anna F & BREEDT, André. 1977. *Die veranderde gesin*. Pretoria en Kaapstad: Academica.

STRYDOM, GJ Scheepers. 1981. Bellville: *Wordingsjare van 'n stad – Growth of a city.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

STRYDOM, C & PRINSLOO, CE. 1999. *Invloed van huweliksgeweld op die kind in sy middeljare.* Maatskaplike Werk. 35(4):367.

TERRE BLANCHE, M & DURRHEIM, K. 1999. *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

TERRE BLANCHE, M DURRHEIM, K & PAINTER, D. 2006. *Research in practice: Applied methods for the social sciences.* South Africa: University of Cape Town Press.

TOEVLUG NUUS, 2006. 7 - 14

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

UNITED NATIONS, 2003. *Kemoja: No thanks I'm fine*. SANCA Western Cape. Cape Town: National Lottery Distribution Trust Fund.

VAKVERTAAL KOMITTEE VIR MAATSKAPLIKE WERK, 1995. *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*. Hersiene en Uitgebreide uitgawe. Kaapstad: CTP Book Printers (Pty).

VAN GELDER, C. 2007. *The ministry of the missional church*: *A community led by the Spirit.* Grand Rapids: Baker.

VAN ZYL,HJ. 1987. *Wat is gemeente-analise?* LTh Skripsie. November 1987. Universiteit van Stellenbosch.

VISSER, M. 2007. *Contextualising community psychology in South Afrika*. Pretoria: Van Schaik Publisers.

WEISHEIT, R. & WHITE,WL. 2009. *Methamphetamine: Its History, Pharmacology and Treatment.* Minnesota USA: Hazeldon.org

WILHOIT, JC. 2008. *Spiritual formation as if the church mattered.* Grand Rapids, Michigan. Baker Academic.

ZUMA, J. 2011. State of the Nation speech. *Sunday Times*, 13 February 2011.

ZUMA, J. 2011. Toespraak tydens besoek aan die Sultan Bahu Treatment Centre te Mitchells Plain, Kaapstad, 8 Februarie 2011.

[Aanlyn by:]

Berig: "Anti-Tik-Aand: Planne en aksie teen Wes-Kaapse doodsdwelm: Optrede teen Drugs
http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/08/10/KS/9/ksdrugawareness.html

besoek 2011/03/19.

Bishop Gray: Aanbevelings aanlyn beskikbaar by: http://www.freshexpressions.org.uk/

[www.bellville.co.za besoek: 2011/03/18 Wikipedia: Die vrye ensiklopedie]

www.info.gov.za/speeches/DynamicAction?pageid=461&sid=16096&tid=27842
[besoek 2011/02/13]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

www.scienceinafrica.co.za/2005/june/tik.htm [besoek 2011/02/13]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BYLAAG A

## ETNOGRAFIESE DATA[36]: DIE RYNSE KERK BELLVILLE

| Persoon | Man/Vrou | Ouderdom | Betrokkenheid | Jare in gem. |
|---|---|---|---|---|
| 1 | M | 40 | O | 10+ |
| 2 | M | 60 | O | 10+ |
| 3 | M | 40 | I | 10+ |
| 4 | M | 40 | I | 10+ |
| 5 | M | 70 | I | 10+ |
| 6 | M | 50 | I | 10+ |
| 7 | M | 50 | I | 10+ |
| 8 | M | 30 | F/I | 10+ |
| 9 | M | 30 | F/I | 10+ |
| 10 | M | 30 | F/I | 10+ |
| 11 | M | 70 | I | 10+ |
| 12 | M | 60 | O | 10+ |
| 13 | V | 40 | O | 10+ |
| 14 | V | 50 | I | 10+ |
| 15 | V | 30 | I | 2-5 |
| 16 | V | 60 | I | 10+ |
| 17 | V | 50 | I | 10+ |
| 18 | V | 50 | I | 10+ |
| 19 | V | 30 | O | 10+ |
| 20 | V | 20 | I | - |
| 21 | V | 40 | I | 10+ |
| 22 | V | 60 | F/I | 10+ |
| 23 | V | 40 | F/I | 10+ |
| 24 | V | 40 | O | 10+ |
| 25 | V | 60 | O | 10+ |

[36] Data onveranderd gelaat soos blyk uit die respons van die deelnemers hieronder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Vraag 1. Beskryf die gemeente aan ‘n nuwe persoon.**

1. Ons gemeente is baie “close.” Die ouderdomgroep is hoog en almal ken mekaar. As gevolg van die hoë ouderdomsgroep sterf meeste uit. Die gemeente is ‘n redelike “close family.”
2. Ons is ’n gematigde en behoudende gemeente. Ons wend pogings aan om die godsdiens lewendig aan te bied.
3. Ons is ’n baie intieme gemeente weens die feit dat ons almal mekaar ken. Daar kan meer groei wees veral as almal kerk toe kom. Ons groet mekaar gereeld. Ons is ’n liewe gemeente weens die kleinheid. Daar gebeur nie juis baie nie. Die gemeente stagneer. Daar kan meer gebeur – onbetrokkenheid - veral met jeug aktiwiteite. Daar is nie werklik sprake van ontwikkeling nie.
4. Ons is ’n gevestigde Protestantse gemeente. Die gemeente bestaan vir ongeveer 60 jaar. Dit is ’n gemeente wat bestuur word op die Protestantse manier. Dis nie ’n Pinkster gemeente nie - vergeleke met die NG, Lutherse, Volkskerk en Calvynse Kerke. Die gemeente het nie ‘n groot aantal mense gehad nie, maar is redelike konstant, só 130 tot 140 lidmate. Die werkskringe/gemeentes Kraaifontein, Eersterivier en Belhar het uit hierdie gemeente ontstaan. Hierdie areas wat afgestig het, het ’n invloed gehad. Daar is hoofsaaklik senior burgers in die gemeente. Die basiese liggame is die Jeug en Sondagskool. Die prediking is suiwer uit die Woord van God. Dis ’n skrifgebonde, Heilige-Gees gedrewe, redelike konserwatiewe gemeente. Die Kerkraad bestuur die gemeente wat deel vorm van die wyer kring van Rynse Kerke in Suid-Afrika waarvan 10 Sendinggemeentes is. Ons is in Bellville en word tans bedien deur ’n leraar. Die klem val nie op groot getalle en hoeveelhede van mense nie.
5. ‘n Gesonde leer word verkondig, hoofsaaklik evangelies. Ons is ’n gevestigde gemeente bestaande uit ongeveer 130 lidmate waarvan 50% tot 60% ouer lidmate is. Die gemeente is gevestig en redelik konserwatief, maar tog oop vir verandering. Weens die ouer lidmate, is daar bestaande tradisies, konserwatiewe kleredrag, en ordelike godsdiens.
6. Ons gemeente is baie nougeset en is bang om die goed waaraan ons gewoond is, te los. Ons is nie baie oop nie en is bang om te veel te praat. Daar is vrees in ons kerk, daarom kan ons nie regtig ’n oop kerk wees nie.
7. Daar is baie lidmate wat familie-georiënteerd is. Dit is ‘n baie klein gemeente.
8. Dis ’n klein gemeente bestaande uit 130 lidmate waarvan ongeveer 60 lidmate aktief is. Vanuit die verskillende organisasies wat operasioneel is, is dit maar enkeles wat betrokke is. Die betrokkenheid is baie minimaal. Die gemeente bestaan meestal uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

families wat onderling botsend kan wees. Weens die minimale betrokkenheid van enkeles, het die mense 'n vrees vir betrokkenheid.

9. Ons is nie 'n groot gemeente nie. Ons is ryk aan geskiedenis. Die kerk het homself gevestig nie net as kerk nie maar ook met die dien van huisgesinne op godsdiens- en sosiale vlakke.
10. Ons is 'n redelike klein gemeente wat meestal bestaan uit verskillende families. Ons is 'n redelike konserwatiewe gemeente omdat verandering nie die hoogste op ons prioriteitslys is nie. "We are set in our ways."
11. Die gemeente is 'n redelik matige Christelike gemeente. Die gemeente is nie altyd voltallig nie. Die dienste word nie altyd goed bygewoon nie.
12. Hulle is maar baie eenvoudige gesinne; liefdevol, getrou en vriendelik. Hulle dien die Here en respekteer die Woord van die Here.
13. Ek dien in 'n gemeente waar ek kan opkyk/nakyk - 'n spieël vir my. Hier word die Woord verkondig en jy kan nie leeg uitstap nie. Bowenal, dit hang net van jouself af; jy moet glo en vertrou.
14. Ons is 'n selfstandige Rynse gemeente. Ons is eenvoudig, maar die Woord word summier bedien. Die kerk is baie ordelik. Die gehalte van die preke is goed en leersaam. Dit gee jou altyd stof tot nadenke. Die rede waarom ek die kerk nie sal verlaat nie, is die orde en die vriendelikheid met mekaar, ons groet mekaar.
15. Sommige van ons gemeente is baie vriendelik, sommige het hulle eie houding. As jy hulle self ontmoet, dan kom jy agter watter soort mense hulle is. Sommige is op hulle eie en sommige meng. Ons is nie 'n baie groot gemeente nie. Die gemeente bestaan uit verskillende ouderdomsgroepe. Op die oomblik is daar meer kinders as grootmense.
16. Die Rynse Kerk is basies NG. As 'n persoon die NG Kerk (bedoelende die VG Kerk) ken, dan behoort hy/sy die Rynse Kerk te ken. Die Rynse Kerk is 'n Kerk waar die suiwere evangelie verkondig word, en waar mense tot bekering kan kom. Ons is 'n klein gemeente, 'n soort van familiekerk. Ons groot doel is dat ons streef om naby God te leef. Ons is nie altyd die vriendelikste wat daar kan wees nie, maar ons werk daaraan en ons sal jou nooit ontuis laat voel en verwelkom altyd besoekers.
17. Ons is 'n baie eenvoudige gemeente; baie streng met sekere goed soos katkisasieklas, voorbereidingsklas, bywoning en biduur bywoning.
18. Ons is 'n gevestigde gemeente wat die Drie-enige God uitleef. 'n Gemeente waar jy tuis voel. Die eerste indruk wat jy kry is dat jy hier sal inpas, waar jy jouself sal bewys, nie net terugstaan nie, maar vorentoe kom. Jy moenie te skaam of beskroomd wees om deel te wees van hulle nie. Ons is 'n gemeente wat in baie fasette verskil van ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeentes. Ons is die Protestantse gemeente. Baie het vernuwe met die aanloop van die tyd, om nuwe mense en die jongmense te akkommodeer.

19. Ons is ’n redelike klein gemeente waarvan minder as die helfte aktief betrokke is. Ons het basies van alle ouderdomme. Die probleem is net dat tussen 16 en 40 is daar ’n gaping wat dan onaktief begin raak en raak net weg. Op die oomblik het ons nie ’n middelgroep vanaf aanneming nie. Daar is potensiaal. In die klein groepie is daar ’n goeie samewerking.
20. Daar is taamlik, baie mense in die kerk. Veral jongmense help graag waar hulle kan; altyd vriendelik en daar is ’n verskeidenheid van ouderdomme.
21. Ons is die Rynse Kerk, en ons is in Inspanstraat. Onse gemeente is ’n mengsel van kinders, jongmense en oumense. Ons het ‘n kerkraad wat bestaan uit sewe lede, met die dominee, ds. Carelse. Ons het ’n kosteramp wat uit ’n man en vrou bestaan. Ons het verskillende organisasies wat bestaan uit die Gebedskring, Susterskring, die Jeug en die Sondagskool. Ons het ’n orrelis in ons kerk. Bywoning by ons dienste Sondae uit ’n lidmaatskap van 130, is tussen 40 en 50. Dan het ons graag besoekers van buitekant, op ’n gereelde basis.
22. Ons gemeente is baie na aan mekaar. Ons sien op na onse dominee, want hy is ’n baie liewe mens. Hy het nog nooit ’n harde Woord gesê nie. Ek is tevrede om onder sy Woord te sit, want ek verstaan wat hy praat.
23. Ek sal die Rynse Kerk beskryf as ’n gemeente wat trots is, maar trots in dié opsig - ’n goeie trots wat gepaard gaan met goeie beginsels, soos byvoorbeeld, as dit kom by saamstaan, staan ons saam. As ons omgee vir mekaar gee ons om ten spyte van omstandighede. Daar is liefde en daar is warmte en ons dra mekaar se belange op die hart. Ons deel in mekaar se probleme. Dis wat ek persoonlik ondervind.
24. Ons gemeente is soos ’n familie. Ons dra mekaar se belange op die hart. Ons is baie na aan mekaar. Daar heers ’n goeie gees van samehorigheid.
25. Ons is ’n eenvoudige gemeente. Ons gemeente aanvaar mense soos hulle is. Ons is verdeel in wyke en elke wyk werk op sy eie. Ons is ’n hardwerkende gemeente.

**Vraag 2. Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ’n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees?**

1. Ons verskillende strukture word gebruik om dissipelskap aan te leer. Vanaf die Sondagskool tot die Sustersbond en die uitgaan met bidure word gebruik om andere nader te trek.
2. Ek dink die leraar stel die voorbeeld. Vanaf die Sondagskool en katkisasieklas word ons deur die leraar aangespoor om ons dissipelskap uit te leef. Ons word in die regte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rigting gestimuleer. Ek is oortuig dat ek alle godsdienste sal bywoon as omstandighede dit toelaat.

3. In die eerste plek: ek hou van verskillende mense wat preek. Soveel as wat mense kans gee om te ontwikkel, om mense daadwerklik op te lei om die boodskap te verkondig. Die leier meer betrokke raak met opleiding op ‘n formele basis. Skool mense om verskeie tye van die jaar die liturgie te lei. Dit sal ’n groter impak hê op die gemeente. Van die susters kan ook meer betrokke raak met die uitdra van die boodskap.
4. As ’n mens praat van dissipels, verwys na dissipelskap. By die kinders vind dit in die Sondagskool plaas. In die jeugopset word jeugleierskampe aangebied. In die kerkopset word lidmate deur die prediking deur die Woord van God aangedui hoe om dissipel te word. Die prediking word hoofsaaklik deur die leraar en die hulp van ander predikers behartig. By tye word die kerkraad ingespan. Prediking is die hoofwyse van lering. Jongmense het kampe en het spesiale onderwerpe, soos byvoorbeeld: dissipelskap en die praktiese uitlewing van die jeug en kinders. Hulle het rolmodelle hoe hulle dit moet uitleef.
5. Om Christenskap uit te leef en ‘n ope brief wat gelees kan word. Aangetrokke wees deur gedrag, deur spraak, deur betrokkenheid met die medemens. Om ‘n algemeen goeie beeld uit te leef, vriendelikheid, en ‘n geleentheid te soek om mense te vertel van Jesus.
6. My persoonlike opvatting is dat ons kerkmense weet nie eintlik wat dit beteken om ’n volgeling van Jesus te wees nie. As hulle tot bekering kom, het hulle die kerkraad en die dominee in gedagte. As ’n mens dit moet saamvat sal ek sê hulle is onkundig.
7. Ons leer deur die Woordverkondiging, dis deur middel van eredienste bywoon en ook spesiale godsdienstige byeenkomste soos die week van gebed en pinksterdienste.
8. Deur betrokkenheid deur daar te wees – deur deelname. Die aansporing of uitreiking na andere deur toe te pas wat jy leer.
9. Op praktiese gebied moet jy ’n voorbeeld wees vir ander as jy jouself ’n Christen noem. Jy kan nie jouself ’n Christen noem en nie ’n voorbeeld stel nie. ’n Dissipel is nie volmaak nie, hy kan ook van ander leer.
10. Ons word geleer deur uit die Woord om dissipels te wees. Dit word gedoen deur die verskillende stappe soos: die Sondagskool; Opvoeding; Katkisasie en Jeug.
11. Noudat u daar is, het ons professionele insette met die lering hoe om dissipels van Christus te wees. Voorheen was dit nie so nie.
12. Deur jou Bybel te ken en as ’n Skrif opgehaal word kan jy en die predikant sê ons lees uit 1 Korintiërs 1, dan moet jy sommer kan naslaan en begin lees. Of as die predikant vra wat staan in Psalm 23, moet ek in ’n split sekonde kan oplees sonder om die Bybel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oop te slaan. Punt nommer een is jou huishouding. Hoe word jy grootgemaak? Deur jou moeder en vader van stap een af om Sondagskool en Jeug by te woon, miskien in die koor te sing want, ek meen dominee, dis wat Jesus sy dissipels geleer het.

13. Ons word geleer om biddend te bly. Ons moet glo dat my Vader die Herder is. Ons leer dat God 'n God van liefde is. Ons kan in geloof na God toe gaan wanneer ons probleme het. Alles gaan met gebed gepaard. Ons moet mekaar ondersteun.
14. Deur die Bybel te lees, en dit wat Sondae aan jou oorgedra word. Dit is wat jy inneem om 'n beter lewe te lei en Jesus Christus te volg, dit wat aan jou voorgestel word. En voorbeelde van die dominee en die kerkrade wat daar voor staan, dissipels wat jy van hulle kan leer, spoor jou ook aan om 'n volgeling of 'n dissipel van Jesus te word, en die ywer wat hulle aan die dag lê inspireer jou om ook so te kan wees. Example what they are setting.
15. Deur jou Bybel te lees; deur gereeld in die kerk te wees en te luister na die Woord, want dit is hoe die Here met jou praat. Deur gereeld in gebed te wees met Hom.
16. Om onder die geklank van die Woord te sit, en leer hoe om 'n dissipel te wees. As ek verstaan wat die Woord vir my wil sê. Ons sit onder die Woord en word geleer om dissipels van Jesus te wees. Ons kry Bybelstudie. Klasse word aangebied om jou te leer om 'n dissipels van God te wees. Jy moet iets ontvang van God om aan andere te vertel. Ek word uitgestuur om aan andere te vertel.
17. Dominee verkondig die Woord en deur die Woord spreek dominee met ons en dan lei u ons om die Here aan te neem en dat Hy onse sondes vergewe en daarvandaan strewe ons elke dag om by Hom te bly en die Heilige Gees te ondervind.
18. Almal wil nie volgelinge van Jesus wees nie. 'n Volgeling is iemand wat doen wat Jesus gedoen het, reik uit na mense; om mense bewus te maak van wat Jesus gedoen het hier op aarde. Erken dat Jesus ons Verlosser en Saligmaker is. Dat ons gered moet wees deur die Heilige Gees, moet ander ook trek na Jesus Christus. Dis die doen saak as jy sê jy is 'n dissipel van Jesus.
19. Iemand wat kerk toe gaan. Iemand wat betrokke is by die aktiwiteite van die kerk. Ons kan die boodskap oordra deur middel van sang en mense wat kan bid.
20. Jy glo aan God en jy doen dinge wat nie verkeerd is nie. Doen iets goeds in die kerk, soos ek wat 'n Sondagskoolonderwyseres is. Vertel mense van God.
21. Ons kan, deur middel van die Woord wat ons ontvang, ook deur prakties dit te gaan uitvoer en dit aan ander te gaan vertel. As 'n volgeling moet 'n mens ook seker deur jou optrede en handelswyse natuurlik oordra. Dat jou lewe daarvan spreek en so aan.
22. Jy moet Godvresend wees. Jy moet die regte pad loop. Jy moet biddend bly en jy moet uitstraal in die gemeente en wys dat jy 'n Christen is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

23. In die eerste plek, die Woord van God is daar want dis wanneer God self praat. En dan as geredde kinders van God, let wel wedergebore Christene, is ons eerste verantwoordelikheid wanneer ons tot bekering kom; dit is nie net die predikant of die kerkraad se verantwoordelikheid om siele vir die koninkryk te wen nie, maar wel elke wedergebore Christen wat tot bekering kom se verantwoordelikheid.
24. Ons leer in die Sondagskool, dan die Voorbereiding en daarna Katkisasie. Daarna word jy as lidmaat opgeneem of voorgestel. Deur die Wet, die Geloofsbelydenis, deur al hierdie leer ons om ŉ volgeling van Jesus te wees.
25. Ons leer om dissipels van Jesus te wees deur die Woordverkondiging. In die erediens word ons baie gevoed deur die uitleg van die Woord. Die hele erediens is leersaam. Deur geleenthede van vrye gebede word ons ook geleer wat dit beteken om ŉ volgeling van Jesus te wees.

**Vraag 3. Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.**

1. Ons verskillende strukture word gebruik om dissipelskap aan te leer. Vanaf die Sondagskool tot die Sustersbond en die uitgaan met bidure word gebruik om andere nader te trek.
2. As ek by die dienste is, word ek so getref deur God se teenwoordigheid dat dit ŉ werklikheid is vir my. Dis nie net ŉ “pie in the sky” nie. Dis vir my ŉ plesier om in die dienste te wees, om onder die geklank van die Woord te wees.
3. Die gemeente is ŉ geseënde gemeente. Ten spyte van kleinheid vermag die gemeente baie op finansiële gebied en kan ek sê dat ek God se teenwoordigheid ervaar. Sodoende word siele bereik. Die feit dat mense saamstem onder die Woordverkondiging.
4. Die Woord leer vir ons dat waar die kinders van die Here vergader, is Hy teenwoordig. In die lig daarvan is jy verseker dat God teenwoordig is. Dit, op sy eie, is vir my ŉ ervaring. In die erediens word ons stil wanneer die offers opgeneem word en die musiek speel. Versekering dat wanneer ons saamkom dat Hy reeds teenwoordig is. Sang en lofprysing, deur middel van koortjie sang; prys die Here met sang. God se teenwoordigheid word ondervind deur in die diens te sit en na die preek te luister. Skriflesing en prediking spreek ons eie lewe aan. Die Heilige Gees reageer op die Woord wat oortuigingswerk doen. Ons is nie selftevrede na die preek nie. Ons kry geleentheid om na onsself te kyk. Die Heilige Gees is die spieël hoe ek ervaar dat God teenwoordig is. As die prediking van die Woord van God by jou ‘n skuldgevoel ontwikkel, weet jy God is teenwoordig. Byvoorbeeld, deur die bekering van ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

menslidmaat moes dié ervaring van God een laat saai, en die ander kom en oes af. Huidiglik mag dit lyk asof God nie werk nie. Hy werk nie uit mense as ons humanisties kyk nie. God se werking is wanneer ons sterfgevalle het - nader en toenadering tot God. Hy werk deur Sy Gees deur prediking. Die Gees oortuig die werk. Ons kan nie altyd die resultaat sien nie. Ons saai die saad, maar God laat groei.

5. God se teenwoordigheid word ondervind deur in die diens te sit en na die preek te luister. Eie lewe word aangespreek deur Skriflesing en prediking. Die Heilige Gees reageer op die Woord wat oortuigingswerk doen, dus nie self-tevrede na die preek. Kry geleentheid om na die self te kyk. Die Heilige Gees is die spieël hoe ek ervaar dat God teenwoordig is.
6. As daar iets is wat krap in my lewe, dan gaan ek na die Here, dan kry ek iets van die Here wat ek verwag het. God is getrou en laat my bewus word van Sy teenwoordigheid. Dis net ’n kniebuig en Hy weet wat jy nodig het.
7. Die leuse van ons kerk is: “Waak, bid en stry” en dit word uitgeleef in die dienste. Die Woordverkondiging van die leraar is direk uit die Bybel.
8. Die gebedskring. Die uitreiking na behoeftige huise en die reaksie op die uitreiking was positief. En die positiewe reaksie daarop is dat hy optrek na die huis van die Here.
9. As ek ’n voorbeeld kan maak: ek het op ’n Sondag ‘n koortjie gelei en ek kon daar voel dat die Heilige Gees teenwoordig is. God werk op verskillende gebiede in die gemeente. Een voorbeeld is gebed.
10. Dit is nie iets wat jy fisies kan voel nie, maar dis ’n ondervinding wat moet plaasvind. Ek ervaar God se teenwoordigheid deur Sy werk in my lewe daagliks. Ook in tye van nood en in goeie tye is God by my teenwoordig. God is voortdurend besig om te werk in die gemeente deur Sy Woord en sakrament.
11. Baie Sondae luister ek na die diens, dan word alles vir my betekenisvol, die waarheid. Met elke diens wat ek bywoon ervaar ek God se nabyheid.
12. God stoot niemand weg nie. Hy soek sy skape op. Deur gebed ervaar ek God se teenwoordigheid.
13. By my werk dit so, jy moet jou “at least” voorberei die Saterdagaand vir die diens van môre. En ’n stiltetyd het van 10 tot 15 minute om ’n stukkie uit die Bybel te lees soos die Vader jou lei en nou is dit per toeval wat jy gisteraand gelees het en nou kom jy in die kerk en die preek was, “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” en nou het die Woorde uitgegaan wat my die meeste getref het. En die feit dat ek en my moeder Woorde gehad het deur die week het dit my so geraak dat die Woord het uitgegaan: “Eer jou vader en jou moeder.”
14. Ek ervaar God in die kerk deur die ontsag en, as jy in die kerk stap, of betree, voel jy reeds die teenwoordigheid van God. Wanneer dominee begin preek moet ek alreeds

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ingestel wees sodat ek kan inneem en verstaan wat die Woord vir my sê, sodat ek dit vir myself kan toeëien en daaruit kan leer wat die Here aan my wil sê en ek reageer daarop.

15. Dit was laasjaar (2009) met die week van Pinkster dat ek ervaar het dat God se teenwoordigheid sterk was, want daar was dinge wat vir my swaar was en ek kon dinge beter verstaan.
16. God is teenwoordig in ons gemeente. Byvoorbeeld, Sondagoggend in die kerk kon ek die atmosfeer voel. As jy gedwing word, sal jy nie God se teenwoordigheid ervaar nie. Wanneer ons koortjie sing, ervaar ons God se teenwoordigheid. Wanneer die Woord verkondig word voel ek skielik alleen. Jy hoor God. Dis hoe God met jou besig is. Die Woord maak jou bewus van 'n stem wat met jou praat. Ek kom om te ontvang. My hart is voorbereid. Niemand kan jou steur nie, al sal die kinders op en af loop. Ek luister na die Woord al is dit hoe eenvoudig. Ek raak bewus van een stem en later lyk dit asof ek wakkerskrik wanneer ek die teenwoordigheid van God in ons gemeente ervaar.
17. Dit was, ek het 'n pyn in my kop gekry en ek was in die biduur. Ek het eintlik die pyn al voorheen gehad. Ek was ook by die dokter. Ek plaas my hand op die pyn op my hoof en ek bid toe en ek vra die Here: U het blindes laat sien en dowes laat hoor en ek vra U om hierdie pyn wat ek het, te verlig en weg te neem, en onmiddellik daarna is die pyn weg. Dis hoe ek die teenwoordigheid van die Here ervaar.
18. Ek kan maar net vertel hoe ek ervaar het dat die Here regtig teenwoordig was toe ek regtig in nood was, en kan aan geen ander dink oor my situasie nie. Here U weet wat ek nodig het. Ek het die Here vertrou. En die Here het bewys dat Hy 'n waarmaker is van Sy eer. Die Here werk in hierdie gemeente. Hy is daar vir almal as ons Hom nodig het, deur ons te versorg. Nie soveel armoede nie. Gebede sien resultate hoe God se hand beweeg en verseker dat Hy teenwoordig is.
19. Ek het nie 'n spesifieke geval in die gemeente nie. Ek het baie bedruk gevoel en was belas, en ek is aangemoedig om te bid. In my alleenheid het ek met Jesus gepraat en die Here gedank.
20. Byvoorbeeld, as 'n mens bid vir God as jy 'n begeerte het. Die begeerte wat jy gehad het sal God vir jou gee.
21. Dis nie 'n ervaring in die kerk nie. Maar laat ek terugkom na die kerk toe. Daar was 'n geleentheid dat die prediker opgetree en die Woord gebring het, toe was daar 'n uitnodiging, en as 'n kind van die Here word 'n mens soms geraak deur die uitnodiging of die Woord wat gebring is en die Gees kla jou so aan. Omdat ons menslik is ons geneig tot sonde. Jy kry die uitnodiging, en dat die Here met jou praat. Dat ons by vernuwing moet terugkom na Hom toe en daai sondige natuur aflê wat ons in die tyd

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedoen het. Dit is hoe die Here soms werk in die kerk deur die Woord wat uitgaan en mense kom tot bekering en word herstel deur middel van die Woord wat uitgaan.

22. Dominee, om eerlik te sê, as ek daar sit en ek luister na die Woord, dan raak dit vir my. Dan raak ek hartseer. Dan dink ek aan my ma, want sy was vir my 'n steunpilaar wat die geloof aanbetref. En sy het ons geleer dat ons deel is van die kerk as 'n lidmaat. En jy moet bid as jy 'n ware Christen is.
23. In die eerste plek, as ek Sondae in die kerk kom. Ons begin met die koortjie; en terwyl jy die koortjie sing, vergeet jy van jou probleme en bekommernisse en dan begin jy die Gees van God gewaar, jy voel dit aan persoonlik aan en dan vergeet jy van wie agter en voor jou sit. Dan begin jy sing met jou hele hart en jou hele wese. God werk deur die liefde en die doopsbelofte in die hart van die gemeente. Deur beproewings praat God met ons om ons terug te bring en om ons kinders in die vrese van God groot te maak.
24. Deur die gebede, die koortjie, en die boodskap wat die prediker bring, ervaar ek die Here se teenwoordigheid.
25. Ek het een spesifieke saak voor die Here in die gebed opgedra en die Here het my verhoor. Sy teenwoordigheid in hierdie saak is vir my bevestig. Die Here is besig om te werk in die gemeente. Dit het ek agtergekom uit gesprekke met medelidmate.

**Vraag 4. Beskryf 'n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.**

1. Ek ervaar betekenisvolle aanbidding veral tydens die nagmaal. Veral in die nuwe formulier soos wat ons nou die nagmaal vier.
2. Tydens die verkondiging van die Woord ervaar ek 'n betekenisvolle aanbidding. Die hele erediens is vir my van betekenis.
3. Dit gebeur baiekeer dat ek aanbidding van betekenis ervaar. Die reaksie op die prediking het 'n invloed op my en ook die gemeente. Intieme belewing van aanbidding het 'n impak op my en ek neem dit waar op die uitdrukking van die gemeente.
4. Die ervaring wat ons gehad het van die vroeër gebed van meestal kerkraadslede – 'n wonderlike ervaring van saambid. Erns van gebed is beklemtoon en bevestig die dissipline van vroeg op te staan om met die Here te praat. Soggens vroeg is jy vars en is jou brein op sy skerpste. Jy bid in die aand. Vir my was daai ervaring goed. Dit was sielsdeursoekend. Dit leer jou nederigheid en dissipline, geleer om saam te bid en dit het ingepas by wat die Here ons geleer het.
5. Moeilik om te beskryf. Gewyde sang skep sangatmosfeer. U het gepraat: julle bid en julle ontvang nie omdat julle verkeerd bid. Dit het my tot besondere nadenke gebring:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoe kan ’n mens verkeerd bid? Alles om MY! My veiligheid. My gebede travel nie ver genoeg nie. Wonderlike ervaring! Klomp goed maar hierdie is die nuutste.

6. Wat vir my uitstaan is die volgende waarvan ek baie hou. Ons boodskap is sinvol vir ’n kind sowel as vir ’n grootmens, verstaanbaar.
7. As ek dink aan die preek van ’n gasprediker - dit het die belangrikheid van geloof beklemtoon. Al het jy ook alles verloor, dan het jy steeds geloof in Hom.
8. By een lidmaat wie se huis ons gaan biduur gehou het en die uitnodiging gemaak is, het een persoon die Here aangeneem. Deur dieselfde ondervinding is dit nie net die preek nie, maar ook die omsien na sosiale omstandighede (kos uitdeel) het die gesin na die kerk gelei.
9. As ek die koortjie lei en ek gaan oor tot die aanbiddingsfase, dan is dit vir my van betekenis en dit prepare my vir die ontvanklikheid van die Woord.
10. Tydens die verkondiging van die Woord is dit vir my ’n baie betekenisvolle oomblik van aanbidding. Die hele erediens is vir my van betekenis in aanbidding.
11. Nommer een: as ons by die erkentenis is dat ons sondige mense is en die geloofsbelydenis, is dit vir my ’n betekenisvolle aanbidding want ek besef onmiddellik dat daar ’n hoër gesag is waaraan en verantwoording moet doen vir my lewenstyd hier op aarde.
12. Die feit dat lidmate die vrymoedigheid het om te bid is vir my betekenisvolle aanbidding. By die familienagmaal word ek en my gesin by die altaar in my geloof versterk. Die deelname van die kinders by die nagmaal is vir my ’n wonder van aanbidding. Ook wanneer ons offer is vir my van betekenis.
13. Dominee, ek sal sê die geloofsbelydenis. Want as jy nie kan bid en baie mense sê hulle kan nie bid nie. At least by die geloofsbelydenis dan kan jy alles sê wat die gebed bevat. Dit kom op dieselfde neer van die Onse Vader!
14. Tydens die prediking ervaar ek betekenisvolle aanbidding. Jy luister aandagtig en jy word meegevoer. Nie dat dit ’n emosionele ding is nie, want jy is ingestel en jy sal kan inneem wat die Here aan jou oordra. Dan sit jy en prys die Here terwyl dominee daar praat. Die sang en gebed is ook betekenisvolle aanbidding.
15. Dit was gisteraand (28 Januarie 2010) toe ons gebid het oor herlewing in die gemeente. Dit het vir my baie geraak en dit was iets (die gees was so dood) wat my gepla het. Tydens die gebedstye het ek ’n besondere aanbidding van God beleef.
16. In die bidure. In die kleingroepies wanneer ons in ’n kring sit. Jy ervaar die saamwees. Tydens die sing van ‘n koortjie kom jy in aanbidding en ervaar jy die teenwoordigheid van God. Die Woord bemoedig jou. Jy kry krag. Jy gaan in aanbidding en jy word sag gemaak. Of op ’n Woensdag: gesamentlike gebed in aanbidding. Om met God in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap te wees, om in gebede met God te wees. Praat met God, wat ons gereeld doen.

17. Wanneer ek dit altyd ervaar, is in gesang wat ons sing: "'n Stukkende" (Gesang 266) dan ervaar ek 'n betekenisvolle aanbidding van God.
18. Daar was 'n tyd toe ek die Here se Woord in tyd van gebed ervaar het. Die prediker het self die Woord gebring en gebid, en daardeur het ek die versekering gehad dat die Here kom bevestig het wat ek moes doen. Dit het ten volle sy doel gedien.
19. Onder die prediking van 'n gasprediker het ek 'n betekenisvolle aanbidding gehad wat oor gebed gehandel het.
20. Dis altyd interessant om te leer van God. Baie dinge wat ek nie geweet het, het ek geleer; miskien het jy altyd wat God vir jou beteken het nie verstaan nie, vir alles wat Hy gedoen het. Deur gebed en sang ervaar ek betekenisvolle aanbidding.
21. As ek kyk na Sondag toe die koortjie gelei was, was dit weer lekker om in die teenwoordigheid van die Here te wees. Dit was ter voorbereiding vir die stemming en gees wat daar geheers het. Jy kon regtig voel dat die Here teenwoordig was. Dit was net great.
22. Die Woord wat 'n mens elke Sondag ontvang beteken baie vir jou siel. Dit gee jou voeding. Die Gees van God raak my aan.
23. Aanbidding van God deur middel van sang, want die Here beloof in Sy Woord: "The joy of the Lord is my strength." Waar Paulus en Silas in die tronk begin sing het. Dis maar net 'n voorbeeld van die krag van aanbidding wanneer die Woord bedien of gepredik word. Wat ek doen is, ek luister na die Woord soos daar gepreek word, as daar dinge is wat vir my persoonlik raak in my geestelike lewe of my vleeslike lewe neem ek dit, en wanneer die diens uit is, lê ek dit voor die Here. Daarom is die nagmaal nie vir my net iets sommer ligtelik nie. Die voorbeeld wat opkom is Judas saam met Jesus aan die nagmaaltafel.
24. Die meeste van die tyd is dit deur die boodskap wat ek betekenisvolle aanbidding ervaar. Deur die verduideliking van die preek ervaar ek 'n besondere aanbidding van God.
25. Die praise en worship is vir my baie belangrik. Tydens die boodskap word my hart geroer en ek word daardeur aangeraak. Dit is voedsel vir my geestelike lewe en het meer as een keer al gebeur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Vraag 5. Vertel van ’n situasie waarin jy en/of ander mense by ’n probleem of konflik by die kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.**

1. Ek het lank gelede ’n probleem gehad deurdat ek gekonfronteer was omdat ek nie kerk bygewoon het nie; maar ek het die saak reggestel op ’n vreedsame manier en het daarna gereeld die eredienste bygewoon. Ek kan nie onthou dat ek in enige konflik in die kerk betrokke was nie.

2. Ek was al amper gesack van die kerkraad af deur die vorige leraar; omdat ek by ’n ander kerk betrokke was. Die saak is egter opgelos tussen myself en die leraar.

3. Ek het geen konflik of probleem gehad nie. Ek het al ’n konflik situasie waargeneem. Die situasie was die onderonsie tussen ’n suster en ’n broer. Daar was oorreaksie van opgehoopte gevoelens. Die situasie kon op ’n meer etiese en goddelike manier opgelos gewees het. Die skuldige het dit erken en op sy manier opgelos. Dit was slegs ’n waarneming vanaf ’n distansie.

4. ’n Suster was in konflik met die kerkraad en die leraar en was ook in konflik met ’n lidmaat en lidmate. Sy is persoonlik deur die leraar gespreek. Sy het geleentheid gekry om ’n skrywe te rig tot die hoër raad. Uit die aard van haar persoonlikheid, het sy na die leraar se huis gegaan en hom gaan invlieg. Sy is sterk aangespreek, waar sy toe haar bedanking ingedien het. Die persoon is gespreek en kans is gebied om te respons deur die hoër rade. Sy kon vertoë rig en het geleenthede gehad. Sy het haar aangewese tot individue gevoel.

5. Daar is geweldige bekommernis in die kerk dat die veranderinge in die gemeenskap ’n geweldige impak op ons as ’n konserwatiewe Protestantse gemeente het. Middelmisbruik affekteer die gemeente, want dit is gemeentekinders wat betrokke is. Die toename in geweld het tot gevolg dat mense nie in die aand kerk toe wil kom nie - selfs die Sondagskool en die jeug wat in die aand moet huis toe gaan. Die bykom van “opspringgemeentes” wat entertainment, en ’n prosperity theology voorstaan. Dit affekteer geweldige klem op kerkwees. Daar is ’n wegbeweeg van die Protestantse godsdiens. Ekonomiese verval het ’n impak op offervaardigheid van gemeente en van die finansiële toestand van die kerk. Partypolitiek het ‘n invloed omdat jy in die gemeente betrokke is by die aktivering van mense en die verkiesing het ’n impak. Sommige is ANC en DA, en lidmate kyk mekaar skeef aan. Bewuswording van HIV: Daar is ‘n toename in HIV ook waarvan lede van die gemeente is. Ons begin anders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kyk na HIV. Daar is steeds skugterheid - om regtig te praat daaroor. Dit verander getuies van Jesus Christus.

6. Ek is jare gelede lelik beledig deur die oorlede koster van die kerk deur 'n brief wat ek geskryf het. Die koster het nie daarna met my gepraat nie. Op sy sterfbed het hy gevra om die geskil op te los, maar die geleentheid was nie daar nie en hy het onversoend gesterf.

7. Ek kan regtig nie dink aan enige konfliksituasie nie. Maar wat my byval is toe my kind gedoop moes word, het dominee geweier om die doopouers (bedoelende peetouers) toe te laat om as getuies te staan. Na 'n indiepte gesprek tussen myself en die leraar, is dit opgelos.

8. Binne die kerkverband was ander mense betrokke by 'n probleem waar ek eers onderskeidelik na die twee partye geluister het en daarna die partye bymekaar gebring het, waar hulle afsonderlik hul saak gestel het en elkeen met sy eie oplossing na vore gekom het en ons tot 'n gemeenskaplike oplossing gebring het. Dit was maar net mediasie en arbitrasie wat die saak tot 'n oplossing gebring het.

9. Dit was in die jeug waar alle jeug op 'n kamp was en die bestuur van alle jeug wat leierskap moes geneem het, hulle nie hul leierskap getoon het nie. Ek het die probleem aangespreek en dit is toe opgelos.

10. Ek was nog nie by 'n probleem of konflik betrokke nie.

11. Die enigste situasie was die dag toe ons oudleraar aan sy nek gevat was en by die kerk uitgesit is. Daar is toe niks aangedoen nie.

12. Ons is geleer hoe om konflik te hanteer. Daar was al konflikte in die kerk. Onder die leiding van die leraar is die konflikte en probleme opgelos.

13. Ek en my maatjie was saam in die Sondagskool. Daai tyd was die Sondagskool na kerk. Die NG Kerk se brigade het altyd daar verby geloop en die meisietjies in hulle uniforms het ons baie aangetrek. Toe was die Sondagskool-onderwyser al so te sê dik van ons. Toe word ons finaal uit die Sondagskool gesit. Die gevolg was dat 'n voorbereidingsklas op die been gebring is.

14. Ek was nog nie persoonlik betrokke by 'n konflik of probleem in die kerk nie. Ek het net opgemerk en gesien dat 'n paar susters vyandigheid geopenbaar het en geniepsigtige dinge gesê het. Die saak is opgelos, alhoewel die suster die kerk verlaat het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15. Jy voel onveilig. Die inbrake is nie as gevolg van armoede nie. Dis verkeerde besluite wat mense neem om tot so iets oor te gaan. Die drugs beïnvloed die mense om te gaan moor en te verkrag. En weens die werkloosheid, stap hier gesigte verby. Die Nigerians verkoop hulle goeters. Kinders is gerape. Hulle het 'n bom gegooi by die huis op die hoek, daarom lyk die huis so. En daar slaap nou nog jongens in die huis.

16. Ek was nog nie betrokke by 'n probleem in die kerk nie. Daar was wel konflik met ander. Daar was baiekeer konflik in die kerk. Ek persoonlik glo dat die situasies word goed hanteer. Enkeles bly loop maar agter ander aan. Konflik in die kerk word redelik goed hanteer. Sover ek kan agterkom, word dit goed hanteer. Mense is steeds daar waar daar konflik was.

17. Ek het 'n probleem gehad met die bydraegelde wat ek vir my gesin betaal het en een offerkoevert het verlore geraak. Die geld is toe inbetaal deur die kassier. Ek was bekommerd dat iemand die geld vat. Die kassier het die regstelling gedoen en die saak is toe opgelos.

18. 'n Suster het 'n probleem gehad met iemand in die kerk. Sy het nie geweet dat ek van die situasie geweet het nie en dat ek dit nie soos sy gesien het nie. Ek kon die saak regstel. Ek kon net gevra het dat ons moet respek hê by die huis van die Here. As sy 'n probleem met die volgende persoon het, dat sy net die saak daar sal los en ons verklaar dat die saak net daar stopgesit word en sy was nogal agterna tevrede daarmee.

19. Ek kan nie dink van 'n insident wat konflik veroorsaak het nie, maar het wel 'n meningsverskil gehad. Met die aanbou van die kerk, het ek my opinie gelig omdat daar geen voordeel was om die kerk te vergroot nie. Maar, my opinie was op 'n redelike manier aangeluister en gerespekteer. Daar was geen stryery nie. Ek het nie gelukkig gevoel nie, maar niemand het my aangeval nie.

20. Die lewe het vinniger geraak, meer gevaarlik geraak. Dinge gebeur. Jy word leed aandoen in jou huis. Die kinders is nie meer kinders nie. Hulle groei in 'n japtrap op. Tik raak 'n epidemie.

21. As ek nou gevalle kan noem van jongspanne wat kom aanmeld by die kerkraad, veral die jongdames. Daar is my ervaring: hulle is jonk, hulle is onkundig. Hulle weet nie altyd hoe om hul saak te stel nie. In plaas van om hulle te help is 'n bespotting amper gemaak van die saak. Wat ek waargeneem het, is dat hulle verward is. Hulle kom na 'n plek waar hulle leiding moet kry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

22. Dominee, nou laas het ek ’n konflik tydens ’n funksie gehad met ’n medebroer. Dit was in verband met ’n bord kos van ’n suster (sy is intussen oorlede). Ek was baie ontevrede hoe die broers my behandel het. Die probleem is toe later opgelos, maar in my binneste was ek nie tevrede oor hoe hy my behandel het nie, maar ek het hom in my swakheid vergewe.

23. Toe ek op die kerkraad was. Ek was vir ‘n maand of drie maande reeds op die kerkraad. Toe was daar ‘n probleem met wie ek op huisbesoek moes saam uitgaan. Basies was daar konflik omdat niemand saam met my op huisbesoek wou uitgaan nie. Toe het die dominee opgestaan en gesê as niemand dan my saam met hulle wil uitvat nie, dan sal hy dit maar doen. Gemeente wat familie is sou die eerste besoek wees. En omdat ek ‘n reguit mens is, was daar vrees daar dat ek dinge direk sou adresseer. Toe ons finally op die huisbesoek gaan en klaar besoek afgelê het, het ons positiewe resultate gekry. Want dit was nie ‘n mens saak nie, dit was ‘n God saak.

24. Daar is nie eintlik verandering nie. Die sjebeens is nog oop en die kinders tik en steel en moor aanmekaar. Want die jong kinders gaan ook sjebeen toe en dis nie mooi wat jy as ouer aanskou nie. Die ouers gebruik die toelaas van hulle kinders om drank te gaan koop by die sjebeens dan loop die kinders en bedel. Ek voel glad nie gelukkig daaroor nie want wat jy as ma moet ‘n voorbeeld stel.

25. As gevolg van ’n saak waarby ’n ander lidmaat betrokke was, het die probleem my geweldig geraak. Ek het dit steurend gevind en gevolglik nie meer die eredienste bygewoon nie. ’n Ander lidmaat het my egter besoek en die saak verduidelik en my aangemoedig om kerk toe te kom. Ek het dit verstaan en weer die kerk begin bywoon. Die saak is toe opgelos.

**Vraag 6. Wat maak jou *angstig* oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou *hoop*?**

1. Angstig: wat my angstig maak is die feit dat die kerk leeg loop as gevolg van bejaardes wat sterf. Daar kom nie lede by van ander kerke nie. Daar kom by, maar in die minderheid. Hoop: Ek het weer hoop dat daar jongmense bygevoeg word/is, alhoewel hulle stadigaan verdwyn.

2. Angstig: omdat die mense nie meer belangstel in die kerk nie, as gevolg van die TV. Dit lyk my dis ’n las eerder as ’n lus vir die kerk. Hoop: ek het hoop omdat daar nog mense is wat die voortou neem, dat die kerk nog die suiwere Woord van God

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkondig, en dat ’n mens nog verstaan wat aangaan. Dis nie kwantiteit nie, maar die kwaliteit wat tel.

3. Angstig: waarheen is hierdie gemeente op pad as gevolg van sy stagnasie? Die gemeente kan totaal verbrokkel. Hoop: die feit dat die gemeente so ’n hegte eenheid is, kan die gemeente tot in lengte van dae laat voortgaan, en dat ’n mens die Woord tot in lengte van dae daar kan verkondig. Daar moet net ’n bietjie meer aktiwiteite wees. Jy is positief. Solank as jy net die basiese doen om die Woord te verkondig.

4. Angstig: afname in getalle en betrokkenheid op alle vlakke van die kerk veral die Sondagskool. Ons het nie ’n jeug nie. As ons nie ’n jeug het nie, het ons nie ’n toekoms nie, die Jeug is nie-funksionerend. Veral die jeug se betrokkenheid in drugs en vroeë geboortes. Hulle is nie standhoudend nie. Die jongmense word aangeneem en daarna verdwyn hulle. Die feit dat net ouer mense betrokke is en daar is nie ’n middeljarige groep is om hulle te vervang nie, sit ons met ‘n gaping. Ons ouer mense raak al minder. Dit word meer sigbaar. Daar is geestelike verval, ‘n toename in sondige praktyke, waarskynlik oor mense se betrokkenheid by eie belange. Die feit dat dit kwyn is om verskeie redes - afval van God.

   Hoop: die kerk is God se kerk, nie mense s’n nie. Die kerk word regeer deur God. Deur die bestaan van alle eeue is dit God se kerk. Die feit dat ons ’n klompie leerkragte stuur vir sondagskoolopleiding, die klomp voorbereiding en katkisante gee hoop vir ons jongmense. Ons hoop is gebou op Christus. Die feit dat ons kinders het, beteken dat ons potensiaal het. Mens het hoop ten spyte van die mismoedigheid wat heers. Die potensiaal is daar, ons kort net toewyding om hoop tot sy reg te laat kom.

5. Angstig: die onbetrokkenheid van die jongmense. ’n Gebrek aan toewyding van ons ouermense hoop die aantal wat getrou bly en standvastig bly, die kerngroep wat getrou bly en vir jou hoop gee.

6. Angstig: wat my angstig maak is dat die bidure nie goed bygewoon word nie. Hoop: Wanneer ek verneem dat die bidure word goed bygewoon word.

7. Angstig: niks maak my angstig nie; die rede is die lidmate wil nie betrokke raak nie; hulle wil nie aktief betrokke wees nie, byvoorbeeld die Jeug. Hoop: al wat vir my hoop gee, is my geloof en dat die Rynse Kerk gevestig is op God se Woord.

8. Angstig: die onbetrokkenheid van ons lidmate by die kerk. Geen belangstelling van ons offisiere. Dit word toegeskryf aan die geestelike gebrek en toewyding. Hoop:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Persoonlike belangstelling, motivering, en 'n algemene belang, die persoon en sy omstandighede en ons sit met 'n kerk vol potensiaal wat net ontwikkel of geaktiveer moet word.

9. Angstig: die feit van 'n kwyning by die gemeente, veral op Sondagskool- en jeugvlak. Baie ouers of lidmate verlaat die kerk en dan gaan die kinders ook saam en dit laat 'n leemte. Hoop: ten spyte van lede wat weggaan, skep ek nog altyd moed om andere te wen. Ek sien dat ons vorentoe sal groei ten spyte van dié wat weggaan.

10. Angstig: wat gaan van die kerk word oor die volgende 10 tot 15 jaar in die lig van ons huidige trant, omdat die moderne tyd so vinnig is en die kerk op 'n stadige pas beweeg? Hoop: ons leringe volgens die Bybel sê vir ons dat ons moet glo en bid sonder ophou.

11. Angstig: dit is kommerwekkend hoedat ons getalle afneem. Hoop: ek sal nie daaraan dink dat ek nie hoop vir die gemeente het nie. Die gemeente is Christus se gemeente.

12. Angstig: my bekommernis is oor die bejaardes wat minder word omdat hulle nie by die kerk kan uitkom nie. Hoop: daar is groot hoop vir die kerk deur ons kinders; die jeug. Die voortbestaan van die kerk is ons kinders. Ons moet hulle leer, dan is daar hoop vir die kerk.

13. As jy in vandag se lewe kyk. 'n Mens raak nie meer jonger nie; jy raak ouer. As ek die gemeente so kyk, is dit meer bejaardes as jongelinge. Wat as hulle (die bejaardes) weggeneem word deur die koue hand van die dood, dan sit ons met 'n handjievol gemeentelede. Ek sal sê jou hoop vir die toekoms kom van jouself. Dis hoe jy jou Vader aanbid, glo ek. Sonder Hom is daar nie 'n toekoms nie. Met Hom is daar 'n toekoms vir ons gemeente.

14. Hoop gee: ek sien daar is nou meer samewerking, en dat die kerk vorder. Angstig: Ek word bekommerd dat ons jongmense die kerk so maklik verlaat of beïnvloed word en die oumense sterf mos nou uit.

15. Angstig: dat daar geen gemeente op die ou end sal wees nie. Dat daar so min mense betrokke is in die gemeente/kerk. Hoop: dat daar baie dinge sal verander in 2010. Ons moet net ernstig begin bid oor die saak.

16. Hoe die kerk aangekom het - die veranderinge - dit gee ons hoop dat dinge goed kan gebeur. As jongmense gegun kan word om betrokke te raak. Om Skriflesing te doen is belangrik. Die leraar moet dit meermale doen. Al neem hulle net kollekte op. Ons kerk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se toekoms sal meer gesond wees as daar meer na hulle omgesien word. Jongmense voel hulle is net daar. Hulle moet betrek word om te voel dis “ons kerk.” Dan het ek hoop vir die kerk se toekoms vorentoe.

17. Angstig: wat my angstig maak is ons gemeentelede raak min. Die kerk raak leeg. Die bywoning is nie goed nie. Hoop: wat my hoop gee is die verandering in die kerk en baie jongmense wat naderkom. My eie kinders begin nader aan die Here kom en ‘n liefde kweek vir die kerk.

18. Angstig: dit lyk nie asof ons gemeentelede ernstig is met die saak van die Here nie. Dit lyk asof dit deesdae maar net daar is en as ek daar is, is ek nie daar nie. Geen erns om die aangesig van die Here te soek nie. Word aangeneem, gedoop, drie Sondae in die kerk, en daarna nie. Elke lid het ’n verantwoordelikheid omdat hy ’n lidmaat is. Hoop: as gemeente het almal, van bo tot onder, die Here gesoek en erken dat ons almal foute het. Gemeente wat kan sterk staan en die pad agter die Here aan in gebed volg. Bid te min, net Woensdae en Donderdag. Ons moet meer in gesprek en gebed met mekaar en die gemeente verkeer. Ons moet mekaar vertrou en ondersteun. Dit lyk nie of ons mense mekaar vertrou nie. Ons is hier ver van mekaar. Ons kan hande saamvat.

19. Angstig: dat die gemeente by ’n punt gekom het dat ons gaan stop, dat ons gaan stilstaan. Hoop: Ons dominee moedig ons aan om dinge wat destyds afgeskiet was, te laat realiseer.

20. Angstig: oor van ons jongmense wat nie belangstel in ons kerk nie, veral ons jeug. Hoop: Is nie so seker nie.

21. Angstig: my bekommernis oor onse kerk is dat soos dit vir my lyk - as ons kyk na die katkisante en die voorbereiding, die toekomstige lidmate. Nou kom ons by daai punt dat hulle moet kerkbywoon, ensovoorts. Ek dink soms voel hulle geforseerd om selfs in die biduur te wees. Jy sien net een of twee wat nog staande bly. As dit op so ‘n trant aangaan, dan sien ek nie ’n toekoms vir ons kerk nie. Die oumense gaan af. Die jongmense verdwyn. Hoop: daar moet regtig aandag gegee word aan die Jeug en Sondagskool. Begin daar onder. Ons moet dit aangenaam maak vir die kinders. Kinders moet liefde aanleer vir die kerk.

22. Angstig: wat ek wil hê moet gebeur is dat die ouers moet opstaan as die kinders woelig raak, dit is ’n steurnis. Dominee het gesê dat die Here gesê het. ”Laat die kindertjies na My toe kom ….” En die laatkommery van die gemeente. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

samewerking van ons gemeente is nie altyd goed nie. Hoop: die veranderinge in die gemeente gee my hoop vir die toekoms.

23. Angstig: wat vir my angstig maak vir die kerk is dat die mens het sy hoop en sy vertroue en sy geloof in God self begin verloor. Want hulle wil hê dinge moet op 'n "quick fix" gebeur en God het Sy eie tyd. Die feit dat die Here sê: "...because He lives", en omdat ek weet my Verlosser leef en Jesus in die boot terwyl die storm woed. Hy hou die toekoms in Sy hande en daarom het ek hoop vir die toekoms.

24. Angstig: wat my angstig maak, is - en dit gebeur nou al jare – is dat die kinders, nadat hulle aangeneem is, wegraak. Ek sien hulle net as hulle kinders kom doop en as dominee hulle moet trou. Hoop: die manier waarop die leraar 'n situasie hanteer. Die leraar doen huisbesoek en stel belang in die wel en wee van die gemeente.

25. Angstig: vir my persoonlik is dit: omdat ons in 'n krisistyd lewe, moet ons nie net kerkspeel nie, maar daders van die kerk wees. Hoop: Ons moet meer biddend wees en nie slegs by spesiale geleenthede, soos die week van gebed. Ons moet meer tye van gebed hou. Dit gee vir my hoop.

**Vraag 7. Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die *gemeente* plaasgevind het.**

1. Daar het veranderinge plaasgevind soos die nagmaalviering. Ek dink dis 'n goeie skuif. Ek is 100% agter dit. Dit laat 'n mens meer dink. Volgens my opinie, voel andere goed daaroor.

2. Ek wil beklemtoon dat die veranderinge positief was, want daar is lewe nou in die gemeente. Die kerk is verfraai en daar word gassprekers uitgenooi om seminare aan te bied. Ons gemeente is deel van die interkerklike hemelvaartsdiens. Ons maak gebruik van kerse as simbole tydens Kersfees en ander geleenthede. Ek het baie geleer, soos by die betekenis van Nederland, Nederduitse – onder die seevlak. Jy is ook vry om te getuig, vroeër jare is ons nie toegelaat nie.

3. Ek is positief ten opsigte van verandering. As jy nie verander nie, stagneer jy. Soos tyd aanstap, moet jy verander; dis groei; dis ontwikkeling. Op elke gebied van die liturgie moet daar verandering wees. Tegnologiese innovasie is belangrik veral vir die jeug. Die kern van die liturgie moet steeds behoue bly, maar maak 'n paar veranderinge rondom dit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Veranderinge in gebou – die meeste lidmate is positief - so 95%. Hier en daar is lidmate wat negatief is. By die Sondagskool was daar verandering ook op kerkraadsvlak. Aandienste vind nie meer plaas nie. Die leraar self het veranderinge aangebring deur verskillende liturgiese simbole. Dit was 'n leerproses. Mense is maar sku vir verandering. Die veranderinge is nie krities vir die gemeente nie. Daar was nie dramatiese verandering met die aankoms van die leraar nie. Ons funksioneer op die basiese manier.

5. Enige veranderinge spesifiek? Daar was nie radikale veranderinge nie. Daar was veranderinge met verloop van tyd. Ons het nie meer aanddienste nie. Die bidure word nie goed bygewoon nie. Daar is 'n afname in die belangrikheid van godsdiens. Dit het afgeneem in die 3 tot 5 jaar. Die kerk word swakker besoek. Dis wat 'n mens angstig maak.

6. Die diensorde het verander. Veranderinge moes plaasgevind het. Die kleredrag het ook verander. Die Bybel praat van veranderinge, byvoorbeeld die Ou Testament moes plek maak vir die Nuwe Testament. Ons moet onsself blootstel vir verandering.

7. Die leraar het baie dinge kom verander, wat 'n baie goeie uitwerking het op die gemeente. Ek voel positief daaroor.

8. Die veranderinge was baie minimaal. Veranderinge moet geskied. Veranderinge is ten doel om ons almal te betrek en veral om na die moderne mense se omstandighede te kyk en hom op so manier te bereik en dat jy nie sy lidmaatskap verloor nie.

9. Ja, daar was baie veranderinge. As ons kyk na die beleid van die kerk. Byvoorbeeld, die vereiste dat vrouens se hoofde bedek word, en nou het dit verander. Ek dink daai verandering moet hersien word. Ek dink dit moet weer geïmplementeer word.

10. Veranderinge het plaasgevind weens die tyd wat aanbeweeg het. Ons gemeente, soos ander gemeentes, loop leeg. Ons gemeentelede isoleer hulself. Ons is nie meer familiegeoriënteerd nie. Dis kommerwekkend.

11. Daar het wel veranderinge plaasgevind. Die finansiële verslae word gereeld bekendgemaak. Die kerkgebou is vergroot. Dit was 'n aanwins vir die kerk. Die manier van fondsinsameling is, volgens my, 'n goeie storie. Ek is redelik inskiklik.

12. Daar was veranderinge in die kerk. Die kerk is groter gebou en almal het saamgewerk. Ons het 'n ander orrel gekoop. Ek voel tevrede met al die veranderinge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13. Daar is baie veranderinge, want met die ou bedeling het jy vir jou ma gesê: “Ek gaan nie kerk toe nie, want ek het nie klere nie.” Met die nuwe bedeling, die Woord sê self, kom soos jy is, maar at least weet jy, jy kan daai langbroek aantrek en jouself bedek. Ons tydperk van diens, val binne ’n uur en dis nie dat daar ’n moan en groan is nie. Ons kerk se liturgie, soos byvoorbeeld die doop en die nagmaal het verander. Nou voel jy jy kan deel hê, terwyl vroeër was dit net vir jou gesê. Ek voel goed en tevrede met die veranderinge. Dit gee jou meer “pluck”/moed om kerk toe te gaan want dis nie meer daai stywe lyne nie.

14. Dominee, ek voel sommer goed oor die verandering wat sover plaasgevind het, want dit is net tot stigting van my siel. Ons het nie die formulier op die blad gehad nie. Nou kan ons deelneem. Met die doop wat dominee die mense die gebed laat lees, voel hulle dat hulle ook deelname het. Die verskillende kleur wat dominee met die toga het met elkeen sy eie betekenis en die feit dat ons met die Amen afsluit as die diens klaar is; ek hou ook baie van “The Lord”s Prayer.”

15. Daar het baie dinge verander en dis positiewe veranderinge wat plaasgevind het. Maar ons as Christene moet uitreik na die gemeenskap.

16. Ek is heel gelukkig met die veranderinge en ander voel ook gelukkig met veranderinge in die kerk. Ons is nog altyd Ryns. Ons moet nog altyd ons status behou. As ek moet hande klap en voetjies stamp, sal ek dit doen. Ons jongmense was bekommerd oor die hoed dra. Net enkeles dra nog hoed. Maar die veranderinge het gebeur. Ons moet net nie die wêreld in die kerk kry nie. Daar moet veranderinge kom. Ek het begin om op te hou hoed dra.

17. Vir my is dit iets goeds dat veranderinge kom. Dit kom stadig, maar dis daar. Byvoorbeeld, by die nagmaaltafel moes jou hoof bedek wees, maar dis nie meer so nie. Veral ouer mense wil dit nog doen. Die prys en worship geniet ek in die oggend. Ander mense voel ook goed oor die veranderinge.

18. Oor die veranderinge het ons saamgestem. Ons het geweet waaroor die verandering gaan: as jy die Woord verstaan, waarom die verandering gaan, die simbool waarvoor dit daar staan. Daar was mense wat nie happy was nie. Jy verander ook met tyd. Die Here kom eerste, met die veranderinge. Dis nie buitensporige dinge wat verander het nie.

19. Wat het verander? Ons het nie meer ’n koor nie. Ons gemeente het ’n bietjie luier geraak. Daar is minder kerklike aktiwiteite. Die Jeug, koor het weggeval. Op materiële

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebied is die kerk groter gemaak. Veranderinge in die kerk is aangebring. Ek voel positief oor veranderinge in die kerk.

20. Die Sondagskool het kleiner geword en ons jeug en baie van ons jongmense hett nie meer kerk toe gekom nie. Daar is meer grootmense as jongmense wat in die kerk is. Die kerk is aangebou. Is iets interessants en mooi. Dit lyk anders.

21. Ja, daar was veranderinge. Daar was die “stoles” wat gekom het en die verskillende kleure op die kansel en altaar en die betekenis van elke kleur. Vir my persoonlik is dit iets goed en nou kan jy jou ook vereenselwig met die kleed en wat daardeur aangedui word. Die kinders is jonk en hulle word groot met die verskillende kleure en dis leersaam.

22. Ek voel goed oor die veranderinge in die kerkgebou en op die altaar, soos die verskillende kleur. Elke kleur het ’n betekenis. Ek kan nie vir andere praat nie, maar ek voel tevrede. Ek sien dat die grootmense nie meer hoede dra nie. Ek myself dra nie meer ’n hoed nie.

23. Daar het wel veranderinge plaasgevind maar dis nooit blywend nie. Dit was goeie veranderinge, maar nie sonder konflik nie. Die konflik was negatief en positief. Jou gemeente gaan nooit volkome saamstem met wat jy doen nie. ‘n Mens kan nooit of altyd almal tevrede stel al die tyd nie.

24. Ek is bly oor die veranderinge. Ons het in die ou tyd grootgeword. Ek voel dat die veranderinge tot voordeel van die gemeente is.

25. Daar het baie veranderinge plaasgevind. Ons gebou is netjies uitgebou. Ons aanbiddingstyl het ook ten goede verander. Ek voel goed oor die veranderinge. Ek sal nooit uittrek na ’n ander kerk nie. My kerk is vir my goed.

**Vraag 8. Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die *samelewing* rondom julle plaasgevind het?**

1. Daar het baie dinge in die samelewing verander. Kinders raak gouer wys. Dinge verander baie vinning. Die euwels raak al meer en al erger. Die dade wat vandag gedoen word, is al erger. Die mens is baie meer geweldadig as in die verlede. Byvoorbeeld, die mense steek nie net mekaar met die mes nie; hulle sny jou kop af om seker te maak jy is dood. Die manne is ’n bietjie rof vandag. Ek bly egter in ’n stil area.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Die omgewing het verander en ek voel goed daaroor.

3. Ons sien 'n morele verval in ons samelewing wat 'n daadwerklike invloed op jou gemeente het. Jou kerkstruktuur moet 'n groter rol speel om gemeentelede wat die pad byster geraak het terug te wen. Span die jeug in om 'n groter rol te speel. Groter betrokkenheid van die jeug vir werwing van dié wat die pad byster geraak het.

4. Daar is geweldige bekommernis in die kerk dat die veranderinge in die gemeenskap 'n geweldige impak op ons as 'n konserwatiewe Protestantse gemeente het. Middelmisbruik affekteer die gemeente want dit is gemeentekinders wat betrokke is. Die toename in geweld het tot gevolg dat mense nie in die aand wil kerk toe kom nie. Selfs ook die Sondagskool en die jeug wat in die aand moet huis toe gaan. Die bykom van "opspring-gemeentes," wat entertainment, en 'n prosperity theology voorstaan, het die geweldige klem op kerkwees geaffekteer. Daar is 'n wegbeweeg van die Protestantse godsdiens. Ekonomiese verval het 'n impak op offervaardigheid van die gemeente en van die finansiële toestand van die kerk. Partypolitiek se invloed, omdat jy by die gemeente betrokke is by die aktivering van mense en die verkiesing, het 'n impak. Sommige is ANC en DA lidmate wat mekaar skeef aankyk. Daar is 'n bewuswording en toename in HIV, waaraan lede van gemeente ook ly en begin dus anders kyk na HIV. Daar is steeds skugterheid om regtig daaroor te praat. Dit verander getuies van Jesus Christus.

5. Die sedelike verval strek tot kommer. Die goed wat mense vroeër oor skaam gekry het, is nou algemeen en word aanvaar, asook die goed wat eers 'n onding was. Mense doen goed op Sondae, wat 'n algemene dag geword het. Daar is veranderinge in die samestelling van die gemeenskap. Van ander lande se mense, veral van Afrika se mense in ons samelewing veroorsaak 'n kultuurverandering. Die misdaad neem toe.

6. Ek stem nie saam met die veranderings in die samelewing nie, maar miskien is die verandering ook vir ons tot 'n mate iets om van te leer. Die Nigeriaan wat ons woonbuurt betrek is tot nadeel tot van die samelewing. Die crime rate raak meer in ons samelewing. Jy is nie meer veilig in jou eie woning nie.

7. Ek dink nie daar het veranderinge plaasgevind nie. Ek voel daar moet definitief meer aandag aan geskenk word.

8. Veranderinge in die sin dat mense die geleentheid gebied word om 'n beter lewenstandaard te handhaaf. Dan verwys ek na besigheidsgeleenthede. Verandering in die veiligheidsbewustheid het absoluut toegeneem deur middel van program-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanbiedings. Ek praat ook van sosiale en gesondheidsprogramme, soos vir TB en vigs, wat 'n positiewe bydrae tot die gemeenskap gelewer het.

9. In sekere gevalle was dit positief ander is dit negatief. Byvoorbeeld, op die negatiewe kant: toe Apartheid weggeneem is, het die land se Christelike waardes weggeval. Positiewe kant: dit het almal op 'n gelyke vlak geplaas. Aan die een kant voel ek dat, as dit plaasgevind het(sic?), sou ons Christelike waardes nog altyd behoue gewees het. Ek volstaan hiermee.

10. Daar het veranderinge plaasgevind in ons samelewing. Almal het op hul eie eilandjies begin leef. Mense begin selfsugtig en afgunstig raak teenoor mekaar. Daar is 'n verskil hoe mense in die vroeër dae geleef het teenoor vandag.

11. In die samelewing het daar nie veranderinge plaasgevind nie. Bellville-Suid bly Bellville-Suid. Dinge bly dieselfde.

12. Daar het geen veranderinge plaasgevind in die samelewing nie.

13. Vir my het hier geen veranderinge plaasgevind nie. Hier waar ek bly, byvoorbeeld: jy bel die polisie of die ambulans en hulle kom op hulle eie tyd, of hulle sê daar is nie voertuie nie. Ek kan nie sê hoe ek voel oor veranderinge in die samelewing nie, especially op politieke vlak, want almal maak promises en niemand kom hulle promises na nie, want daardie was die veranderinge wat sou plaasvind.

14. Jy voel onveilig. Die inbrake is nie as gevolg van armoede nie. Dis verkeerde besluite wat mense neem om tot so iets oor te gaan. Die drugs beïnvloed die mense om te moor en te verkrag. En weens die werkloosheid, stap hier gesigte verby. Die Nigerians verkoop hulle goeters. Kinders is gerape. Hulle het 'n bom gegooi by die huis op die hoek daarom lyk die huis so. En daar slaap nou nog jongens in die huis.

15. Baie dinge het verander en drugs het byvoorbeeld meer begin raak in die gemeenskap. Dit het families uitmekaar gemaak. Die drugs is 'n groot probleem want jonk en oud gebruik dit. Dit het 'n negatiewe impak op ons lewens.

16. Baie dinge het verander, byvoorbeeld: tik het oorgeneem. Drugs het handuitgeruk. Mense is nie meer soos vroeër nie, jy weet nie meer wie jou bure is nie. Mense leef by mekaar verby. Dinge het verander. Dit maak jou bekommerd oor die toekoms, as dinge nie verander nie. Jy leef in vrees. Mense betree jou terrein. As die wet of die gemeenskap nie saamstaan nie, is ek bevrees ons jongmense se lewens is in groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevaar. Baie span saam en loop met plakkate om te red wat te redde is, om drugs en tik uit te roei - dan kan daar hoop wees.

17. Die jonger kinders; tieners van 13 wat swanger is en nog op skool is. Die tik wat onder die jong kinders is. Selfs grootmense gebruik dit. Die jeug wat altyd saam is van verskillende kerke wat saamwerk.

18. Verandering moet plaasvind in die samelewing. Verandering vind nie verniet plaas nie. Positiewe en negatiewe dinge. Ek let op die positiewe dinge. Ek weet die Here bring verandering. Dis die Here wat mense in posisies plaas. Dis soos ’n legkaart. Die Here laat dit toe. Die legkaart moet voltooi word. Ons moet leer en saamwerk om ’n beter samelewing vir ons hier te skep as ons net positief is. Hoop vir veranderinge kan ons nie eenkant gooi nie. “He is the one who brings changes.” Daar is ’n hoopvolle toekoms vir ons.

19. Die lewe het vinniger geraak. Meer gevaarlik geraak. Dinge wat gebeur. Jy word leed aandoen in jou huis. Die kinders is nie meer kinders nie. Hulle groei in ’n japtrap op. Tik raak ’n epidemie.

20. Die samelewing het baie verander weens sekere dwelms wat baie van ons jeug weggedruk het van die kerk. Dis hartseer om te sien hoe baie van ons jeug wat aan ons kerk behoort het, nie meer belangstel om kerk of Jeug by te woon nie.

21. Ja, daar was kere dat jy glad nie op sekere plekke kon geloop het nie. Nou is daar polisie wat rondpatrolleer. Dit lyk of mense nou bietjie gedissiplineerd is en mense is nou in hulle huise eerder as op die straat. En dis iets goeds. Daar is baie plekke waar die Woord van die Here buite bedien word; in die veld en op sypaadjies, en op daai manier kan mense met die Woord bedien word.

22. Daar is nie eintlik verandering nie. Die sjebeens is nog oop en die kinders tik en steel en moor aanmekaar. Want die jong kinders gaan ook sjebeen toe en dis nie mooi wat jy, as ouer, aanskou nie. Die ouers gebruik die toelae van hulle kinders om drank te gaan koop by die sjebeen, dan loop die kinders en bedel. Ek voel glad nie gelukkig daaroor nie want jy, as ma, moet ’n voorbeeld stel.

23. Daar is nie eintlik verandering nie. Die sjebeens is nog oop en die kinders tik en steel en moor aanmekaar. Want die jong kinders

24. Die veranderinge wat in die samelewing plaasgevind het, kan ek nou nog nie hanteer nie. Die gebruik van tik is ’n groot probleem in die samelewing. Nuwe drugs,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkragting, moord en al hierdie dinge is besig om ons hele lewens oor te neem. Die veranderings is te vinnig in die land.

25. Ons omgewing is omring van smokkelhuise. Daar het nie juis verandering plaasgevind in my onmiddellike omgewing nie. Vegterye tussen familielede kom dikwels voor. Ons samelewing is getref met die tik-drugs alhoewel dit nou rustig is. Ons bid voortdurend.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BYLAAG B

## ONDERHOUDSGIDS VIR GESPREK MET INDIVIDU VANUIT GESIN WAAR MIDDELE-AFHANKLIKHEID EN MISBRUIK VOORKOM

**Instruksie**: Die onderhoud word gevoer met ’n volwassene uit die gesin waar middele-afhanklikheid en misbruik by ’n lid van daardie gesin voorkom. Die persoon met die gedrag van afhanklikheid / misbruik word geïdentifiseer maar nie ’n onderhoud mee gevoer nie (genoem die “afhanklike”). Die volwassene is iemand wat in ’n toesighoudende hoedanigheid (of wat ookal die maatstaf vir die seleksie van die respondent is) oor die afhanklikheidspersoon staan, bv. die ouer van ’n kind.

Alle antwoorde is vertroulik en word slegs vir die navorsingsdoeleindes gebruik, op ’n anonieme wyse (skuilname word in die navorsingsverslag gebruik). Die respondent moet skriftelik instem tot die onderhoud. (Sien die Inwilligingsvorm)

Vrae hieronder is oop vrae en die navorser skryf soveel moontlike relevante inligting neer (aparte skryfpapier kan gebruik word). Opsioneel: Die respondent verklaar aan die einde dat dit die inligting is wat hy/sy gegee het.

Vind ’n private plek waar die onderhoud in ’n veilige en rustige omgewing en sonder onderbrekings gevoer kan word.

Afdelings en vrae volg.

**Afdeling A – Indentifiserende besonderhede**

Vraag / oefening 1

Teken ’n **genogram** van die gesin; dit moet ‘n “dinamiese” genogram wees wat deurslaggewende verhoudings of beeïndiging daarvan weergee. Sien voorbeeld lateraan.

Uit die genogram word afgelei:

(a) Die gesinsamestelling
(b) Die verhouding tussen die respondent en die afhanklike
(c) Verskeie inligting soos geslag, ouderdom, onderlinge verhoudings, beeïndigings (datum van aanvang en beeïndiging), ens.

Dié tegniek help om ’n gesprek te voer, die respondent betrokke te kry by die inligting, en dikwels meer as slegs die objektiewe (oppervlakkige) inligting na vore te bring. Maak aantekeninge om hierdie soort inligting te registreer.

2. Teken taal van gesin aan.

3. Wat is die sosio-ekonomiese profiel van die gesin (gaan oor of die broodwinner ’n werk het; watter inkomste-bronne beskikbaar is; die lewenstyl; opvoedkundige vlak van hoof; status in die gemeenskap).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Afdeling B – Profiel van afhanklike persoon**

1. Stel vas hoe lank reeds die afhanklike na respondent se kennis dwelms gebruik en watter soort dwelms ter sprake is (vrae A 6 & 7 op bestaande vraelys). Hoe het respondent bewus geraak hiervan?
2. Posisie van afhanklike en van die respondent in die gesin (sien A1(b)).
3. Ouderdom en geslag van afhanklike (afgelei uit A1).
4. Wat doen afhanklike / het hy/sy gedoen? (Verwys na (a) skoolgang, (b) werk, (c) deelname aan sport en ander konstruktiewe aktiwiteite, (c) stokperdjies, (d) probleemaktiwiteite.
5. Met wie assosieer die afhanklike? Beskryf wie die vriendekring is, en of daar duidelike veranderinge in vriendekring waargeneem is. Vra of respondent hierdie vriende goedkeur, en watter insidente daaromtrent na vore gekom het. Is vriende vanuit bende-verwante groepe?
6. Wat is die kwaliteit van die verhouding tussen afhanklike en sy/haar ouers, broers /susters, ander gesinslede en het daar oor tyd veranderinge voorgekom en in watter rigting? (Beskryf met woorde wat vertroue/wantroue, toegeneentheid/ afsydigheid, intimiteit/koudheid, fisieke aanraking/afstand, emosionele betrokkenheid/onafhanklikheid, ens. aandui). Is daar persone in die gesin met wie beter verhoudings as met ander bestaan en wie is hulle? Wat sou die redes hiervoor wees?
7. Vra uit oor die selfbeeld van die afhanklike (sien vraag 1.5.1 op Vraelys) – gebruik die drie opsies as “probes” om die inligting te kry.

**Afdeling C - Middele; vra oor:**

1. Beskikbaarheid daarvan in gemeenskap (vraag 1.3.1 in Vraelys).
2. Smokkelhuise in gemeenskap.
3. Ander vorme van verspreiding van dwelms in gemeenskap.
4. Moet afhanklike uit gemeenskap gaan om dwelms te kry, en waar?

**Afdeling D – Gemeenskap en sosiale omgewing (insluitend kerklike aksies)**

1. Is afhanklike populêr of ‘n randfiguur in gemeenskap? Verduidelik antwoord.
2. Aanvaarbaarheid / toleransie van dwelmmisbruik in gemeenskap – hoe reageer die gemeenskap en onderskei die gemeenskap tussen “aanvaarbare” en “onaanvaarbare” dwelms/afhanklikheids-vormingsmiddele? Is daar dubbele standaarde? Verduidelike antwoord.
3. Wat is die standpunt in die huis/gesin oor dwelms? Stel vas of die gesin dubbele standaarde het?
4. Wat bied die omgewing vir jong mense in terme van ontspanning, konstruktiewe aktiwiteite en afleiding? Hoe reageer die afhanklike hierop – met deelname of vermyding?
5. Word afhanklike toegang tot hierdie soort fasiliteite geweier – was daar insidente?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Hoe word u gesin geraak deur dwelmverslawing in die algemeen en deur die feit van verslawing van die afhanklike – praat oor gesinsverhoudinge, gesinsfinansies, gesin se posisie in die gemeenskap, probleme soos kriminaliteit, gesondheid, geestelike aspekte.

**Afdeling E – Kerklike betrokkenheid**

1. Plaaslike gemeente se betrokkenheid met dwelmprobleme en by name tikgebruik (sien vraag 1.10 in Vraelys) – beskryf enige programme/aksies en suksesse (of mislukkings). Dui aan of die afhanklike enigsinds hierdeur geraak is. (Vrae 2 & 3 hieronder brei verder uit – vind ook aansluiting by 1.10.1 en 1.10.2 van Vraelys.)
2. Wat is die gemeente se aandeel / rol in voorkoming van tikverslawing?
3. Wat is die gemeente se aandeel / rol in begeleiding van geaffekteerde persone gesinne?
4. Hoe het die plaaslike gemeente u en u gesin (insluitende die afhanklike) bygestaan (of nie bygestaan nie) sedert die dwemprobleem in u gesin ontstaan het?

**Afdeling F – Aanbevelings**

1. Watter aanbevelings kan / wil u graag maak oor die dwelmprobleem: (a) vir die gesin, (b) die kerklike / geloofsgemeenskap, (c) gemeenskapsinstansies (polisie, skole, gesondheidsdienste, owerhede, ens.)?
2. Watter rol kan uself speel in die voorkoming dwelmafhanklikheid en begeleiding van persone met dwelmprobleme?
3. Watter soort bystand en ondersteuning het uself nodig om u eie probleme met u gesin / die afhanklike die hoof te bied?
4. Wie en watter persone / instansies was vir u van betekenis en hulp in u persoonlike krisis aangaande die afhanklike?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BYLAAG C

**GENOGRAM**[37]




[37] A genogram is a graphic representation of a family tree that displays the interaction of generations within a family. It goes beyond a traditional family tree by allowing the user to analyze family, emotional and social relationships within a group. It is used to identify repetitive patterns of behavior and to recognize hereditary tendencies. [www.genopro.com – aanlynbesoek:2011/06/24]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BYLAAG D

## Vraelys aan die indiwidue vanuit geaffekteerde gesinne

(Alle antwoorde sal vertroulik behandel word.)

### Afdeling A Identifiserende besonderhede

1. Wat is u verbintenis met die kind/familielid?
   a) Ma; Pa; Stiefma/pa; Grootouer(s); Ander
2. Die tipe gesinstruktuur huidiglik?
   a) Biologiese ouers
   b) Slegs vader en/of moeder
   c) Slegs broer(s) en suster(s)
   d) Grootouer(s)
   e) Ander familie-lede
   f) Stiefma/-pa en biologiese ma/pa
3. Wat is die geslag van die kind/familielid?
   a) Manlik
   b) Vroulik
   c) Ander
4. Hoe oud is die kind? (In watter ouderdomsgroep val u kind?)
   a) 5 – 13 jaar
   b) 13 – 21 jaar
   c) 21 – 29 jaar
   d) 29 – 36 jaar en ouer
5. Watter taal word oorwegend in u huis gepraat?
   a) Afrikaans
   b) Engels
   c) Xhosa
   d) Ander
6. Van wanneer af is u bewus dat u familielid/kind dwelms gebruik?
   a) Die laaste 6 maande
   b) Tussen 6 maande en 2 jaar
   c) Die laaste 2 jaar en meer
   d) Nie seker nie, maar ‘n geruime tyd
7. Watter dwelm is u van bewus wat u familielid/kind gebruik? Indien u seker is, watter dwelm? Indien moontlik kan u asseblief spesifiseer.
   a) Dagga
   b) Tik (Metamfetamien)
   c) Ander
   d) ‘n Kombinasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## Afdeling B: Omvang van middelemisbruik

**1. Groepsdruk:**

1.1 Is u tevrede met u kind(ers)/broer/suster se keuse van vriende?

a) Ja
b) Nee
c) Onseker

1.2 Het u kind/broer/suster se vriendekring oor die afgelope tyd verander?

a) Ja
b) Nee
c) Onseker

**1.3 Beskikbaarheid van middele**

1.3.1 Hoe beskikbaar is die middele in die gemeenskap?

a) Baie moeilik
b) Gemiddeld
c) Geensins
d) Onseker

1.3.2 Smokkelhuise / Sjebeens:

1.3.3 Is daar smokkelhuise / sjebeens in u area?

a) Ja
b) Nee
c) Weet nie

**1.4 Gesinsverhoudings**

1.4.1 U gesinsamestelling

a) Enkel-ouer gesin
b) Egskeiding
c) Stiefgesin
d) Aangenome
e) Ander

**1.5 Afdeling C: Faktore wat bydraend is tot verslawing**

1.5.1 Selfbeeld

a) Is nie interessant vir ander - stem sterk saam, onseker, stem nie saam
b) Hou nie van sy/haar voorkoms
c) Meeste van die tyd ongelukkig

**1.5.2 Onverantwoordelikheid deur die gemeenskap**

1.5.2.1 Sou u sê dat genoegsame aandag aan die kind/broer/suster geskenk word?

a) Ja
b) Nee

1.5.2.2 Is dwelmmisbruik aanvaarbaar in u gemeenskap?

a) Ja
b) Nee
c) Onseker

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5.2.3 Bestaan daar tans ‘n “geen dwelm” reël in u huis?
a) Ja
b) Nee

**1.6 Ouer-kind verhouding**

1.6.1 Hoe sou u, u verhouding met u kind/familielid beskryf?
a) Baie goed
b) Goed
c) Gemiddeld
d) Swak
e) Geen
f) Onseker

1.6.2 Is die vader/moeder teenwoordig in die kind se lewe?
a) Fisies Ja Nee
b) Emosioneel

**1.7 Selfsorg**

1.7.1 Werk u tans?
a) Ja
b) Nee

1.7.2 Indien ja, wie is tuis wanneer die kind by die huis opdaag?
a) Ma/pa
b) Ouma/Oupa
c) Broers/susters
d) Niemand
e) Ander

**1.8 Vryetyd**

1.8.1 Wat doen u kind in sy/haar vrye tyd?
a) Kerklike aktiwiteite
b) Kyk TV
c) Sport
d) Huishoudelike take
e) Lees
f) Ander

**1.9 Sosio-ekonomie**

1.9.1 Is daar enige ontspanningsfasiliteite in u omgewing? Gee besonderhede.
a) Ja
b) Nee

1.9.2 Hoe raak die probleem van verslawing u as gesin? U kan meer detail verskaf.
a) Positief
b) Negatief
c) Indien positief of negatief gee ‘n beskrywing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Afdeling D: Kerklike betrokkenheid by die verslawingsprobleem**

1.10 U plaaslike gemeente se betrokkenheid in die gemeenskap m.b.t. die tikprobleem. Is dit

a) Goed
b) Gemiddeld
c) Swak
d) Onseker

1.10.1 Het u gemeente enige effektiewe programme om dwelmmisbruik aan te spreek?

a) Ja
b) Nee
c) Indien ja, gee meer besonderhede

1.10.2 Watter rol speel u gemeente in die voorkoming van tikverslawing en watter begeleiding word ten opsigte van geaffekteerde families aangebied?

a) Onseker
b) Die kerk is aktief betrokke met voorkoming en begeleiding
c) Die kerk is onaktief met betrekking tot voorkoming en begeleiding

1.10.3 Watter behoeftes ontstaan vanweë die verslawingsprobleem in u gesin?

a) Fisies
b) Finansieël
c) Geestelik
d) Ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# AANHANGSEL A

## Dwelmverwante misdaadgebiede deur die SAPD uitgereik



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# **AANHANGSEL** B

## Kaart van Bellville Suid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# AANHANGSEL C

## Etieseklaring Toestemming

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

7 June 2011

Tel.: 021 - 808-9183
Enquiries: Sidney Engelbrecht
Email: sidney@sun.ac.za

**Reference No. 531/2011**

Ds SC Carelse
Department of Practical Theology & Missiology
University of Stellenbosch
**STELLENBOSCH**
7602

Ds SC Carelse

**LETTER OF ETHICS CLEARANCE**

With regards to your application, I would like to inform you that the project, *Tik verslawing in die gemeenskap van die Rynse Kerk Bellville: `n Prakties-Teologiese ondersoek na die behoeftes van geaffekteerde families,* has been approved on condition that:

1. The researcher/s remain within the procedures and protocols indicated in the proposal;
2. The researcher/s stay within the boundaries of applicable national legislation, institutional guidelines, and applicable standards of scientific rigor that are followed within this field of study and that
3. Any substantive changes to this research project should be brought to the attention of the Ethics Committee with a view to obtain ethical clearance for it.

We wish you success with your research activities.

DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Best regards

**MR SF ENGELBRECHT**
**Secretary: Research Ethics Committee: Human Research (Humanoria)**

**Afdeling Navorsingsontwikkeling • Division for Research Development**
Privaatsak/Private Bag X1 • Matieland 7602 • Suid-Afrika/South Africa
Tel: +27 21 808 9184 • Faks/Fax: +27 21 808 4537
www.sun.ac.za/research

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# AANHANGSEL D

## Toestemmingsbrief van die Kerkraad: Rynse Kerk Bellville

Leraar: Ds. S.C. Carelse
(021) 951 4989
083 313 4282
sidron@mweb.co.za
Posbus 356, Kasselsvlei, 7533

Skriba: Dr. G.C. Matroos
(021) 931 5843
072 419 7463
gcmatroos@mweb.co.za

Die Teologiese Fakulteit

Universiteit van Stellenbosch

**MTh Studies: Ds Sidwell Charles Carelse**

'Die Kerkraad van die Rynse Kerk Bellville ondersteun die navorsingsprojek van die gemeenteleraar, Ds SC Carelse.

Die kerkraad verleen hiermee verlof aan Ds Carelse om as deel van sy navorsing, lidmate van die gemeente wat vrywilliglik daartoe instem, deel te maak van die studieprojek. Die kerkraad het geen beswaar teen sy studies nie en ondersteun hom volledig in hierdie verband'.

Hierdie is 'n ware uittreksel uit die kerkraadsnotule van 'n vergadering gehou op Dinsdag 08 Februarie 2011.

*Gewaarmerkte afskrif: Rynse Kerk Bellville Kerkraadsnotule 01/2011*

***Eenparige aanvaar.***

**Dr GC Matroos**
*(Kerkraadsskriba)*

**Oudl J Matroos** *(Em.Evang.)*
*(Ondervoorsitter)*

**11 Februarie 2011**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za